



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**Jaarverslag 2012/2013**  
Onderwysdepartement

**Mnr. Donald Grant**

**Minister van Onderwys**

Die jaarverslag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir die tydperk 1 April 2012 tot 31 Maart 2013 word volgens opdrag ingedien.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'PA Vinjevoold', is centered on the page. The signature is written in a cursive, slightly slanted style.

**PA Vinjevoold**  
**31 Mei 2013**

## ONDERWYSDEPARTEMENT

### BEGROTINGSPOS 05

#### JAARVERSLAG 2012/13

#### Deel A: Algemene inligting

|      |  |   |
|------|--|---|
| 1.   | Algemene departementele inligting .....                  | 1 |
| 2.   | Lys van afkortings/akronieme .....                       | 2 |
| 3.   | Strategiese oorsig .....                                 | 3 |
| 3.1. | Visie .....  | 3 |
| 3.2. | Missie .....   | 3 |
| 3.3. | Waardes .....  | 3 |
| 3.4. | Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte .....         | 3 |
| 4.   | Wetgewende en ander mandate .....                        | 4 |
| 5.   | Organisatoriese struktuur .....                          | 5 |
| 6.   | Entiteite wat aan die Minister rapporteer .....          | 6 |
| 7.   | Voorwoord deur die Minister van Onderwys, Wes-Kaap ..... | 6 |
| 8.   | Oorsig van die Rekenpligtige Beampte .....               | 8 |

#### Deel B: Prestasie-inligting

|      |  |    |
|------|--|----|
| 1.   | Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting ..... | 10 |
| 2.   | Ouditeur-Generaal se verslag oor voorafbepaalde doelwitte .....  | 11 |
| 3.   | Oorsig van departementele prestasie .....                        | 11 |
| 3.1. | Diensleweringomgewing .....                                      | 11 |
| 3.2. | Diensleweringverbeteringsplan .....                              | 13 |
| 3.3. | Organisatoriese omgewing .....                                   | 18 |
| 3.4. | Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderings .....  | 21 |
| 4.   | Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte .....                 | 23 |
| 5.   | Prestasie-inligting per program .....                            | 25 |
| 5.1. | Program 1: Administrasie .....                                   | 25 |
| 5.2. | Program 2: Openbare skoolonderwys .....                          | 37 |
| 5.3. | Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole .....                | 58 |
| 5.4. | Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys .....                 | 62 |
| 5.5. | Program 5: Verdere onderwys en opleiding .....                   | 69 |
| 5.6. | Program 6: Onderwys en opleiding vir volwassenes .....           | 74 |
| 5.7. | Program 7: Vroeëkindontwikkeling .....                           | 79 |
| 5.8. | Program 8: Hulpdienste en verwante dienste .....                 | 84 |

## **Deel B: Prestasie-inligting (vervolg)**

|      |  |     |
|------|--|-----|
| 6.   | Opsomming van finansiële inligting.....                  | 88  |
| 6.1. | Departementele ontvangste.....                           | 88  |
| 6.2. | Programuitgawes.....                                     | 89  |
| 6.3. | Oordragbetalings buiten openbare entiteite.....          | 91  |
| 6.4. | Openbare entiteite.....                                  | 92  |
| 6.5. | Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal.....  | 92  |
| 6.6. | Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang..... | 92  |
| 6.7. | Donateursfondse.....                                     | 100 |
| 6.8. | Kapitale belegging, onderhoud en batebestuursplan.....   | 100 |

## **Deel C: Korporatiewe beheer**

|    |  |     |
|----|--|-----|
| 1. | Inleiding.....                                     | 105 |
| 2. | Risikobestuur.....                                 | 106 |
| 3. | Bedrog en korrupsie.....                           | 107 |
| 4. | Minimalisering van belangebotsing.....             | 107 |
| 5. | Gedragkode.....                                    | 108 |
| 6. | Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies..... | 108 |
| 7. | Interne kontrole-eenheid.....                      | 108 |
| 8. | Verslag van die Ouditkomitee.....                  | 108 |

## **Deel D: Menslike Hulpbronbestuur**

|       |   |     |
|-------|---|-----|
| 1.    | Wetgewing wat menslike hulpbronbestuur bepaal.....          | 112 |
| 2.    | Inleiding.....  | 113 |
| 3.    | Oorsig van menslike hulpbronstatistiek.....                 | 115 |
| 3.1.  | Uitgawes.....   | 115 |
| 3.2.  | Indiensneming en vakatures.....                             | 117 |
| 3.3.  | Posevaluering.....  | 119 |
| 3.4.  | Veranderinge in indiensneming.....                          | 121 |
| 3.5.  | Billike indiensneming.....                                  | 128 |
| 3.6.  | Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SMS-lede..... | 130 |
| 3.7.  | Vulling van SMS-poste.....                                  | 131 |
| 3.8.  | Prestasiebelonings.....                                     | 132 |
| 3.9.  | Buitelandse werkers.....                                    | 134 |
| 3.10. | Benutting van verlof.....                                   | 135 |
| 3.11. | MIV/Vigs- en gezondheidbevorderingsprogram.....             | 139 |

## **Deel D: Menslike Hulpbronbestuur (vervolg)**

|                                       |     |
|---------------------------------------|-----|
| 3.12. Arbeidsbetrekkinge.....         | 141 |
| 3.13. Vaardigheidsontwikkeling .....  | 143 |
| 3.14. Besering aan diens.....         | 145 |
| 3.15. Benutting van konsultante ..... | 146 |

## **Deel E: Finansiële inligting**

|  |     |
|--|-----|
| 1. Verslag van die Rekenpligtige Beampte .....                       | 148 |
| 2. Rekenpligtige Beampte se verklaring van verantwoordelikheid ..... | 171 |
| 3. Verslag van die Ouditeur-Generaal .....                           | 172 |
| 4. Finansiële jaarstate .....  | 179 |

## **Bylaes**

|  |     |
|--|-----|
| Bylae A: Aksieplan tot 2014 en leweringsooreenkoms-aanwysers (nasionaal) ..... | 230 |
| Bylae B: Programprestasiemaatstawwe .....                                      | 233 |



Deel A  
**Algemene inligting**

## 1. Algemene departementele inligting

### Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is verantwoordelik vir openbare skool-onderwys in die provinsie, vanaf Graad 1 tot 12. Die WKOD is in agt onderwysdistrikte werksaam, met 'n hoofkantoor in Kaapstad.

| Ligging                                | Posadres                             | Telefoon     | Faks         |
|--|--------------------------------------|--------------|--------------|
| WKOD-hoofkantoor                       | Privaat sak 9114, Kaapstad 8000      | 021 467 2000 | 021 467 2996 |
| Metro-Sentraal Onderwysdistrik         | Privaat sak X4, Athlone 7760         | 021 514 6700 | 021 659 4413 |
| Metro-Oos Onderwysdistrik              | Privaat sak X23, Kuilsrivier 7579    | 021 900 7000 | 021 903 9484 |
| Metro-Noord Onderwysdistrik            | Privaat sak X45, Parow 7500          | 021 938 3000 | 021 938 3180 |
| Metro-Suid Onderwysdistrik             | Privaat sak X2, Mitchells Plain 7785 | 021 370 2000 | 021 372 1856 |
| Kaapse Wynland Onderwysdistrik         | Privaat sak 3102, Worcester 6849     | 023 347 6000 | 023 342 4138 |
| Eden en Sentraal-Karoo Onderwysdistrik | Privaat sak X6510, George 6530       | 044 803 8300 | 044 873 2253 |
| Overberg Onderwysdistrik               | Posbus 588, Swellendam 6740          | 028 214 7300 | 028 214 7400 |
| Weskus Onderwysdistrik                 | Privaat sak X3026, Paarl 7620        | 021 860 1200 | 021 860 1231 |

#### WKOD-inbelsentrums:

Personeel- en finansiële navrae 0861 923 322; Veilige Skole: 0800 45 46 47

**Webwerf:** WKOD-aanlyn <http://wced.school.za>

**E-poslys:** WKODNuus <http://list.pgwc.gov.za/mailman/listinfo/wcednews>.

#### Twitter (mikro-webjoernaal)

WKODNuus <http://twitter.com/wcednews> (vir twiete oor onderwysverwante nuus);

WKODLeer <http://twitter.com/wcedlearn> (vir onderwysverwante twiete)

#### Tumblr (webjoernaal)

WKOD/Nuus/Tuisblad <http://wcednewshome.tumblr.com/> ; WKODNuus <http://wcednews.tumblr.com/>

#### Posterous (webjoernaal)

WKODNuus <http://posterous.com/wcednews>

## 2. Lys van afkortings/akronieme

|  |   |
|--|---|
| ACE: Gevorderde Onderwysertifikaat                 | NSVP: Nasionale Skoolvoedingsprogram                                    |
| AOO: Algemene Onderwys en Opleiding                | OBIS: Onderwysbestuursinligtingstelsel                                  |
| CEI: Sentrum vir e-Innovasie                       | OHSA: Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid                           |
| CEM: Raad van Onderwysministers                    | OIB: Ondernemingsinhoudbestuur  |
| DBIS: Distrikbestuursinligtingstelsel              | OIT: Onderwysinfrastruktuurstoelae                                      |
| DBO: Departement van Basiese Onderwys              | OOV: Onderwys en Opleiding vir Volwassenes                              |
| DHET: Departement van Hoër Onderwys en Opleiding   | PFMA: Wet op Openbare Finansiële Bestuur                                |
| DOCS: Departement van Gemeenskapsveiligheid        | PILIR: Beleid oor onbevoegdheidsverlof en aftrede weens swak gesondheid |
| DotP: Departement van die Premier                  | PPA: Programprestasie-aanwyser  |
| EE: Billike Indiensneming                          | PPM: Programprestasiemaatstaf   |
| GGBS: Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel          | PPV: Publieke-private vennootskap                                       |
| GLS: Gemeenskapsleersentrum                        | SACE: Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders                                |
| HOI: Hoër Onderwysinstelling                       | SAPD: Suid-Afrikaanse Polisiediens                                      |
| HSE: Heelskoolevaluering                           | SAQA: Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid                             |
| IBB: Institusionele Bestuur en Beheer              | SASA: Suid-Afrikaanse Skolewet  |
| IBS: Inligtingbestuurstelsel                       | SASAMS: Skooladministrasie-en-bestuurstelsel                            |
| IKT: Inligting-en-kommunikasietegnologie           | SBL: Skoolbeheerliggaam   |
| KABV: Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring | SBS: Skoolbestuurspan   |
| KB: Kennisbestuur                                  | SETA: Sektorale Onderwys- en Opleidings-owerheid                        |
| KOLI: Kaapse Onderrig en Leierskapinstituut        | SITA: Staatsagentskap vir Inligtingstegnologie                          |
| LOOM: Leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal      | SOBIS: Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel                        |
| LSOB: Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte       | SPMDS: Prestasiebestuur- en ontwikkelingsstelsel vir personeel          |
| MH: Menslike Hulpbronne                            | SVP: Skoolverbeteringsplan  |
| MTUR: Mediumtermyn-Uitgaweraamwerk                 | UOWP: Uitgebreide Openbare Werkeprogram                                 |
| NK(B): Nasionale Kurrikulum (Beroepsgerig)         | VKO: Vroeëkindontwikkeling  |
| NKR: Nasionale Kwalifikasieraamwerk                | VOO: Verdere Onderwys en Opleiding                                      |
| NKV: Nasionale Kurrikulumverklaring                | VRL: Verteenwoordigende Raad van Leerders                               |
| NPDE: Nasionale Professionele Onderwysdiploma      | WWP: Werknemerwelstandsprogram  |
| NRO: Nieregeringsorganisasie                       |   |
| NSS: Nasionale Senior Sertifikaat                  |   |



### 3. Strategiese oorsig

#### 3.1. Visie

Om geleenthede vir almal deur verbeterde onderwysuitkomste te skep.

Daar word deur drie oorkoepelende doelwitte hieraan uiting gegee:

1. Verbeterde taal en wiskunde in laerskole
2. Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. Vermindering in aantal onderpresterende skole

#### 3.2. Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te verskaf:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges
- Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleenthede vir onderwysers en nie-onderwysers
- 'n Geteikende voedselprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemerwelstandsprogram

#### 3.3. Waardes

- Die allergrootste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe en steunfunksies

#### 3.4. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte


| <b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 1</b> | <b>Verbeterde Taal en Wiskunde in laerskole</b>  |
|--|--|
| <b>Doelwitverklaring</b>                           | Prestasie in Taal en Wiskunde moet verbeter sodat leerders teen 2014 soos volg volgens ouderdomsnorme verbeter:<br>Graad 3: Taal: 40% van leerders en Wiskunde: 60% van leerders.<br>Graad 6: Taal: 40% van leerders en Wiskunde: 50% van leerders.<br>Graad 9: Taal: 55% van leerders en Wiskunde: 20% van leerders.<br>Uitslae sal deur middel van jaarlikse toetsing gemonitor word en intervensies sal dienoreenkomstig aangepas word. |

|  |   |
|--|---|
| <b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 2</b> | <b>Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat</b>  |
| <b>Doelwitverklaring</b>                           | Om die aantal leerders wat die NSS slaag deur die voorsiening van handboeke, opleiding, bestuur en ondersteuning van onderwysers te verbeter. Die teikens vir 2014 is 43 000 leerders wat die NSS slaag en 17 500 wat met toegang tot B-graad-studies slaag; 11 000 leerders wat Wiskunde slaag en 8 000 wat Natuurwetenskap slaag. |
| <b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 3</b> | <b>Vermindering in aantal onderpresterende skole</b>  |
| <b>Doelwitverklaring</b>                           | Afname in onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole: dat geen skole 'n slaagsyfer van <60% teen 2014 het nie. Afname in onderprestasie in ander grade, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Asseserings vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9.                                      |

#### **4. Wetgewende en ander mandate**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)  
 Die Grondwet van die Wes-Kaap Provinsie, 1998 (Wet 1 van 1998)  
 Die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)  
 Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), 1996 (Wet 84 van 1996)  
 Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (NEPA), 1996 (Wet 27 van 1996)  
 Die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 1998 (Wet 16 van 2006)  
 Die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)  
 Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)  
 Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)  
 Die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003)  
 Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste, 2012 (Wet 5 van 2012)  
 Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)  
 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet 58 van 1995)  
 Die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000)  
 Die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000)

5. Organisasoriese struktuur



## 6. Entiteite wat aan die Minister rapporteer

Nie van toepassing nie

## 7. Voorwoord deur die Minister van Onderwys, Wes-Kaap



Die 2012/13 finansiële jaar was 'n produktiewe jaar vir hierdie regering.

Die WKOD het in vorige jare die fondament verstewig om die doelwitte te bereik wat in ons Strategiese Plan uiteengesit is, naamlik om die gehalte van onderwys en leerderuitkomst in die Wes-Kaap te verbeter.

Ons het in 2012/13 op hierdie fondament voortgebou en spesifiek op ons meer behoeftige skole gefokus en om die werwing, keuring en vulling van opvoeder- en die skoolhoofposte te verbeter. Die WKOD het ook verdere verbeterings in die monitering van skole, aanspreeklikheid en nakoming bewerkstellig.

Ter ondersteuning van ons skole wat minder gegoede leerders bedien, het die WKOD addisionele befondsing goedgekeur, insluitend die gelykmaking van die per-leerder bedrae aan geen-fooi-skole en 'n toename in per-leerder bedrae aan meer as 300 fooi-betalende skole. Die WKOD het ook meer as R30 miljoen aan ons fooi-betalende skole betaal as vergoeding vir vrystelling van skoolgeld wat in 2011 aan leerders toegestaan is en het 'n loodsprojek ingestel om ontbyt te bedien aan leerders by skole wat aan die voedingskema deelneem.

Die voortgesette verbintenis tot die ondersteuning van minder gegoede gemeenskappe is sonder twyfel.

Die WKOD het 'n nuwe aanlyn e-werwingstelsel bekendgestel, wat dit soveel makliker vir onderwysers sal maak om vir poste in die provinsie aansoek te doen. 'n Nuwe stelsel vir die vulling van skoolhoofposte is ook goedgekeur. Dit is daarop gemik om te verseker dat hierdie poste, soos en wanneer benodig, so vinnig as moontlik gevul word.

Ten einde monitering, aanspreeklikheid en nakoming te verbeter, het die WKOD die aanlyn-skoolverbeteringsplan (SVP) geskep – 'n aanlyn-bestuursinstrument wat vereis dat elke skoolhoof 'n stel skoolgebaseerde inligting indien en bywerk wat vir doeltreffende beplanningsdoeleindes aangewend kan word. Skole is versoek om teikens vir die Graad 3, 6 en 9 geletterdheid- en gesyferdheidstoetse en die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) te stel om aanspreeklikheid te versterk.

Die WKOD het ook 'n nuwe elektroniese instrument vir die verbetering van infrastruktuurbeplanning vir onderwys in die Wes-Kaap ontwikkel, naamlik die Geografiese Inligtingstelsel (GIS) vir Infrastruktuurbeplanning. Dit voorsien nou aan die

WKOD waardevolle inligting waarop toekomstige belegging in en besluite oor infrastruktuur gegrond kan word.

Ek was baie opgewonde om die verbintenis wat ek aan die begin van die finansiële jaar gemaak het, naamlik om aan elke skoolhoof 'n persoonlike rekenaar te verskaf, te kon nakom. 1 500 tablette is in Desember versprei om die wyse waarop ons met ons skoolhoofde kommunikeer en hulle ondersteun, te verbeter.

Een van die belangrikste hoogtepunte van 2012/13 was die prestasie van leerders in die 2012 NSS-eksamens en die 2012 Graad 3, 6 en 9 sistemiese toetse. Ons kandidate het in die NSS 'n aantal rekords gebreek, soos die toename in die aantal kandidate wat die NSS-eksamen geskryf en geslaag het; toename in die aantal kandidate wat toegang tot Baccalaureus-graadstudie verwerf het; en toename in die aantal kandidate wat wiskunde en wetenskap geslaag het. Ons was veral in ons skik om die aantal onderpresterende skole in hierdie provinsie te verminder.

Op die gebied van sistemiese toetsing, was ons verheug dat daar verbeterings was in elke graad wat vir taal en wiskunde getoets is. Ons was ook verheug dat elkeen van ons onderwysdistrikte verbeterings in elke vak in elke graad getoon het.

Hierdie uitslae, asook ander aanwysers, is 'n bewys van die WKOD se sukses om 'n geleidelik rypwordende skoolstelsel te vestig – 'n stelsel wat in vorige jare positief op 'n aantal verbeterings in die stelsel gereageer het.

Ons beplan om in die 2013/14 finansiële jaar hierdie strategieë te versterk om groter stabiliteit in die stelsel te verseker, sodat ons uitvoering kan gee aan ons verbintenis om die lewens van daardie allerbelangrike mense – die leerders – te verbeter.

Hierdie verbeteringe sal verdere strategieë insluit om leerderprestasie te bevorder, veral in wiskunde en tale, en om bykomende ondersteuning aan skole te bied. Die WKOD sal voortgaan om die opleiding en ontwikkeling van opvoeders en die reaktiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te beklemtoon. Ons sal ook die derde en finale fase van ons plan met handboeke uitrol en begin om oor die volgende drie jaar ons nuwe infrastruktuurplan te implementeer, naamlik die voltooiing van 26 nuwe skole, 46 vervangingskole, vyf projekte vir vervangingklaskamers en 124 Graad R-klaskamers.

2013/14 sal weer 'n opwindende jaar vir hierdie regering wees en ons sien uit daarna om onderwys “beter tesame” te maak en om onderwysuitkomste én die stelsel in die jare vorentoe te versterk.

Donald Grant  
Minister van Onderwys  
Wes-Kaap  
31 Mei 2013

## 8. Oorsig van die Rekenpligtige Beampte



Die Wes-Kaap Onderwysdepartement is verantwoordelik vir agt programme. Die programme is daarop gerig om 'n spektrum van leerbehoefte te behandel: leerders in openbare skole; leerders in onafhanklike skole; leerders met spesiale behoeftes; leerders in VKO-sentrums en studente by VOO-kolleges en BOOV-sentrums. Hierdie 2012/13 Jaarverslag verskaf besonderhede oor die prestasies en uitdagings wat in elk van hierdie opvoedkundige programme ervaar is.

Die WKOD het ten doel om sy menslike en finansiële hulpbronne te rig op die skole, onderwysers en leerders wat ondersteuning die meeste nodig het. Hierdie hulpbronne word noukeurig oorweeg met betrekking tot die impak wat dit op die leerervaring en sukses van ons kinders en studente het en die toekenning van hulpbronne word deur 'n sterk stel data en ontleding ingelig. Die SOBIS-stelsel, in die besonder, stel die WKOD in staat om leerdergetalle, afwesigheid en leerderprestasie asook ander belangrike aanwysers na te spoor. 'n Ander instrument wat daarin geslaag het om die WKOD in te lig oor die aard en ligging van ondersteuning wat nodig is, is die skoolverbeteringsplan (SVP). Daar is van alle skole verwag om in 2012 en 2013 aanlyn-SVP's te ontwikkel, wat kwartaalliks gemonitor is.

Ondersteuning is in 2012/13 veral op die volgende gebiede gegee:

*Sterker prosesse en vereistes vir die aanstelling van skoolhoofde en adjunkhoofde.*

117 skoolhoofde en 128 adjunkhoofde is in 2012/13 deur die WKOD aangestel. Ons boodskap aan beheerliggame was om te verseker dat ten minste drie instrumente vir werwing gebruik word (onderhoud, voorlegging, geskrewe oefening, verwysings) en dat die voorgenome kandidaat bewys moet lewer van sy of haar vermoë om die akademiese prestasie van die skool te verbeter.

Die WKOD het in 2013 'n aanlyn-aansoekstelsel vir vakante poste bekendgestel. Dit het gemengde sukses behaal. Die WKOD sal voortgaan om oor die volgende twee jaar alle werwing- en keuringsprosesse te versterk.

*Onderwyseropleidingsprogramme*

Alle onderwysers in Graad 4-6 en Graad 11 het opleiding in KABV ontvang. Die KOLI en distrikskantore het 'n reeks opleidingsprogramme wat gepas vir die doel is, aangebied. Onderwysers in Graad 7-9 en Graad 12 sal in die volgende finansiële jaar KABV-opleiding ontvang en die kort kursusse wat aangebied word, sal op taal, wiskunde en inligtingstechnologie fokus.

*Handboeke en lesers*

Alle leerders in Graad 4-6 en Graad 11 het handboeke vir elke vak ontvang en skole het hulle norme en standaarde gebruik om boeke vir die ander grade aan te koop. Leerders in Graad 7-9 en Graad 12 sal in die volgende finansiële jaar handboeke vir elke vak ontvang.

Ons fokus in 2012 het ook na die **benutting** van handboeke verskuif en ons eie skoolbesoeke en die NOEOE-verslag oor die Weskus- en Noord-distrikte het bevredigende vordering in die benutting van handboeke en werkboeke getoon.

#### *Infrastruktuur*

Die WKOD het in die finansiële jaar nog skole gebou, klaskamers by bestaande skole opgerig en skole vervang wat van ongeskikte materiaal gebou was. Daar was 'n beskeie belegging in onderhoud, maar die agterstand in onderhoud is enorm. Meer fondse en innoverende projekte in 2013/14 sal poog om die agterstand in te haal. Die WKOD het ook 'n omvattende oefening onderneem met die telling van en toekenning van strepieskodes aan mobiele eenhede by alle skole in die provinsie.

#### *Die WKOD voorsien 'n verskeidenheid van ondersteuning aan kwesbare leerders.*

Hierdie dienste behels maatskaplike werk en sielkundige ondersteuning; 'n reeks intervensies vir leerondersteuning en spesiale behoeftes; die voeding van meer as 400 000 leerders; vervoer vir meer as 50 000 leerders; en veiligheid- en sekuriteitsmaatreëls by 296 skole. Die probleme waarvoor ons leerders te staan kom, verg 'n hele-gemeenskap-benadering en dus werk ons saam met susterdepartemente, nie-regeringsorganisasies, universiteite, skoolhoofde, onderwysersvakbonde en skoolbeheerliggame om hierdie probleme aan te pak.

PA Vinjevold  
Superintendent-Generaal van Onderwys  
31 Mei 2013



Deel B  
**Prestasie-ingligting**




## 1. Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting

### Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die departement se prestasie-inligting en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike versekering oor die integriteit en betroubaarheid van prestasie-inligting te verskaf.

Na my mening is die prestasie-inligting 'n billike weerspieëling van die prestasie-inligting van die departement vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2013.



**Naam: PA Vinjevold**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Datum: 31 Mei 2013**

## 2. Ouditeur-Generaal se verslag oor voorafbepaalde doelwitte

Die OGSA voer tans die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is by die verslag aan bestuur ingesluit, met wesenlike bevindinge wat onder die opskrif van voorafbepaalde doelwitte in die verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes van die ouditeur se verslag gerapporteer word.

Verwys na bladsy 172 van die verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële inligting.

## 3. Oorsig van departementele prestasie

### 3.1. Diensleweringomgewing

Die Suid-Afrikaanse onderwyssektorplan is in die *Aksieplan 2014 vir Skoolonderwys tot 2025* vervat. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 handel oor leeruitkomste en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomste bereik kan word.

Die aanspreeklikheidstelsel eie aan hierdie plan is gekoppel aan die Suid-Afrikaanse onderwysdoelwitte, die **aanwysers** daarvoor en aan die **teikens** en **mylpale** daarvan. Die aantal doelwitte is beperk; die aanwysers word duidelik gestel en is meetbaar. Die teikens moet "haalbaar" wees en behoort daarop gemik te wees om onderwysuitkomste toenemend te verbeter. Dit word per provinsie verdeel en moet nie as 'n plafon beskou word nie. Terwyl nasionale teikens oor die langtermyn gestel is, tot en met 2025, fokus mylpale oor die algemeen op gewenste prestasie oor die korttermyn (tot vyf jaar in die toekoms). Mylpale is vir doelwitte 1 – 13 gestel, maar is nie vir doelwitte 14 tot 27 gestel nie, wat gaan oor hoe die leeruitkomste bereik moet word nie.

Die Leweringsooreenkoms is 'n onderhandelde handves wat in 2010 voltooi en onder andere deur die President, die Minister van Basiese Onderwys en die provinsiale LUR'e onderteken is. Die 27 doelwitte word hieronder gelys. Die **vyf prioriteitsdoelwitte** van die Leweringsooreenkoms vir die tydperk tot en met 2014 is in vet letters gedruk.

Die doelwitte vir **leeruitkomste** is:

- 1 ►** Verhoog die aantal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2 ►** Verhoog die aantal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3 ►** Verhoog die aantal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.
- 4 ►** Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureus-program op universiteit.
- 5 ►** Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.

Die doelwitte vir **leeruitkomste** (vervolg):

- 6 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskap* slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *tale*.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *wiskunde*.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 8-leerders in *wiskunde*.
- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► **Verbeter kinders se toegang tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.**
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot Verdere Onderwys en Opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

- 14 ► Lok in elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.
- 15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.
- 16 ► **Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaar-geletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.**
- 17 ► Streef na 'n onderwyswerksmag wat gesond is en 'n sin van werksbevrediging geniet.
- 18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hul huidige skooljaar behoort te dek.
- 19 ► **Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.**
- 20 ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitende rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.
- 21 ► **Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n manier wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.**
- 22 ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.
- 23 ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.
- 24 ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders aanspoor om skool toe te gaan om te leer en vir onderwysers om te onderrig.
- 25 ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.
- 26 ► Verhoog die aantal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.
- 27 ► **Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.**

Die punte wat die WKOD vir die aanwysers gekoppel aan die nasionale doelwitte behaal het, word in Bylae A verskaf.

Die Provinsiale Strategiese Doelwit 2, wat in November 2009 voor die bekendstelling van die nasionale plan gepubliseer is, bevat baie van die aanwysers in daardie dokument. Die provinsiale plan verklaar dat die Wes-Kaapse Regering die lewenskans van al sy kinders deur die voorsiening van gehalte-onderwys sal verbeter. Vir hierdie doel sal alle kinders vir so lank as moontlik op skool bly en optimale uitslae behaal. In die besonder, sal die fokus in die tydperk 2010 tot 2019 op die verbetering van die lees-, skryf- en rekenvermoëns van leerders wees. Die tydperk 2010 tot 2014 sal die grondslag vir hierdie verbeterings lê. Die provinsie se kinders sal in die tydperk 2014–2019 die vrugte pluk van 'n stelsel wat ontwerp en bestuur is om die gestelde teikens te bereik.

Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2012/13 het vyf belangrike fokusareas geïdentifiseer. Die eerste vier was dié wat op nasionale vlak geïdentifiseer is: i) Tekste, insluitende die nasionale werkboeke; ii) Kurrikulum-versterkende maatreëls ter ondersteuning van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV); iii) Jaarlikse Nasionale Assesserings; iv) Infrastruktuur; en v) Stelsels en ondersteuning vir verbeterde leeruitkomst. Vordering met punte i) – iii) word onder Program 2 gerapporteer. Vordering met infrastruktuur word onder punt 6.8. “Kapitale belegging, onderhoud en batebestuursplan” bespreek en stelsels en ondersteuning word onder Program 1 en Program 2 bespreek.

2012/13 was oor die algemeen 'n stabiele tydperk vir arbeid. Dit het die WKOD in staat gestel om op sy belangrikste werk – die verbetering van onderwysuitkomst – te fokus. Menslike en finansiële hulpbronne en alle intervensies is toegespits op die skole wat ondersteuning die meeste nodig gehad het.

Geweld, misdaad en sosio-ekonomiese toestande stel volgehoue eise aan skole, skoolonderwys en die WKOD.

### **3.2. Diensleweringverbeteringsplan**

Die departement het 'n diensleweringverbeteringsplan voltooi. Onderstaande tabelle toon die diensleweringplan en prestasies tot hede.

**Tabel: Hoofdienste en dienststandaarde voorsien kragtens die dienslewingsplan, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Hoofdienste  | Werklike kliënte   | Potensiële kliënte | Standaard van diens  | Werklike prestasie teenoor standaarde  |
|--|--|--------------------|--|--|
| Voorsien telefoniese toegang tot inligting en advies, hoofsaaklik oor diensvoordele en salaris-aangeleenthede, via 'n inbelsentrum | a) 40 310 werknemers van die WKOD (31 800 opvoeders en 8 500 staats-amptenare)   | Soos gelys         | <ul style="list-style-type: none"> <li>a) Inbelsentrum hanteer 144 000 oproepe per jaar</li> <li>b) Verminder die koers van die aantal "uitgesakte" oproepe na 10%</li> <li>c) 96% van alle navrae word met die eerste oproep afgehandel</li> <li>d) 4% (480) verwys na agterkantore vir opvolg via e-pos</li> <li>e) Volle implementering van die nasporingstelsel vir navrae wat opgevolg moet word</li> <li>f) Hoofdirektorate vir Interne Menslike Kapitaalbestuur (IMKB) en Finansiële Bestuur (FB) sal stelsel vir vinnige oplossing van geëskaleerde navrae ten volle implementeer (480)</li> </ul>                               | <ul style="list-style-type: none"> <li>a) Inbelsentrum het 118 046 oproepe opgeteken</li> <li>b) Uitsakkoers vir hierdie tydperk was 13.2% as gevolg van die opgradering van toerusting gedurende die finansiële jaar</li> <li>c) 95.9% van alle navrae met die eerste oproep afgehandel</li> <li>d) 1.1% (1 249) verwys na agterkantoor vir opvolg via IBS en 'n verdere 3% via e -pos</li> <li>e) Nasporningsprosedures het IBS, e-pos, kontrolelyste en regstreekse interaksie met die agterkantoor ingesluit</li> <li>f) Kliëntediens en multifunksionele spanbestuurders skakel met mekaar om gevalle op te los, met die hulp van personeel soos benodig. Finansiële bestuur het 'n "agterkantoor"-skakelbeampte aangestel om geëskaleerde navrae te hanteer</li> </ul>   |
| Voorsien toegang tot inligting aan die WKOD se kliënte   | <ul style="list-style-type: none"> <li>a) ± 40 310 werknemers van die WKOD</li> <li>b) ± 950 000 leerders en hul ouers</li> <li>c) Skoolbeheerliggame vir ± 1 500 skole</li> <li>d) ± 203 onafhanklike skole</li> <li>e) 13 provinsiale departemente en vier wat regstreeks aan nasionale departement gekoppel is</li> </ul> | Soos gelys         | <ul style="list-style-type: none"> <li>a) ± 500 skriftelike korrespondensie wat twee keer daaglik by drie verskillende posbusse ontvang word, ± 40 fakse wat daaglik via die faksmasjien ontvang word en verdere vermindering van klagtes oor vermiste dokumente</li> <li>b) Ses omsendbriewe en notules daaglik ontvang vir verspreiding aan skole via elektroniese omsendbriefstelsel</li> <li>c) Effektiewe gebruik van die IBS- en J-naspoorstelsel deur 1 200 hoofkantoor- en distriksamptenare</li> <li>d) Volle implementering van ECM e-liassering-oplossing (dokument-skanderingstelsel) by onderwys-distrikskantore</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>a) ± 650 skriftelike korrespondensie twee keer daaglik by drie posbusse ontvang, ± 60 fakse daaglik via die faksmasjien ontvang; dit word aan amptenare nie laer nie as adjunkdirekteur gestuur om die voorkoms van vermiste dokumente te voorkom</li> <li>b) ± drie omsendbriewe en/of notules word aan 1 458 openbare gewone skole, 203 onafhanklike skole, 74 skole vir gespesialiseerde onderwys en 8 000 amptenare via die elektroniese omsendbriefstelsel versprei</li> <li>c) Die transversale IBS- en J-nasporingstelsel is opgegradeer en toeganklik vir alle hoofkantoor- en distriksamptenare wat toegang tot die Internet het. 1 100 amptenare het tans toegangsregte tot die nuwe transversale stelsels</li> <li>d) Die implementering van die WKOD se ECM/e-liassering is uitgestel en het nou 'n transversale projek geword wat deur die Sentrum vir e-Innovasie van die Departement van die Premier vir implementering gekoördineer sal word</li> </ul> |

**Tabel: Konsultasiereëlings met kliënte, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013<sup>1</sup>**

| Soort reëling   | Werklike prestasies   |
|---|---|
| <p><u>Voorsien telefoniese toegang tot inligting en advies, hoofsaaklik oor diensvoordele en salaris-aangeleenthede, via 'n inbelsentrum</u></p> <p>a) Die Direkoraat Interne Menslike Kapitaal-administrasie hou padskoue in distrikte om MHB-kwessies te bespreek – die dienste wat deur die inbelsentrum aangebied word, word ook by hierdie padskoue ingesluit</p> <p>b) Brosjures/pamflette. Verbeter reeks pamflette (spesifiek wat menslike hulpbronne betref)</p> <p>c) Vennootskap-opleiding tussen voorkantoor en agterkantoor</p> <p>d) Verdere uitbreiding van bestuursvergaderings tussen direktorate: kommunikasie, MH-administrasie, MH-bestuur en finansiële administrasie</p> <p>e) Toegewyde jaarlikse vraelys aan kliënte oor die huidige standaard en maandelike verbeterings</p> | <p>a) Lede van middelbestuursdienste (MMS) van die Hoofdirekoraat Menslike Hulpbronne woon op 'n behoeftegrondslag distriksbestuursvergaderings by om die onderskeie kantore oor MH-verwante aangeleenthede op hoogte te bring of in te lig</p> <p>b) Geen nuwe brosjures/pamflette oor spesifieke MH-kwessies is gedurende die finansiële jaar versprei nie. 24 omsendbriewe of notules oor MH en boodskappe is gereeld elektronies via die aanlyn Menslike Kapitaal Verlofbestuurstelsel uitgestuur</p> <p>c) Personeel in die voorkantoor ontvang een-op-een-opleiding van kollegas, maar gekombineerde opleiding met personeel van die agterkantoor oor belangrike verskuiwings in beleid</p> <p>d) Weeklikse vergaderings van kliëntedienspersoneel en maandelikse vergaderings tussen MH-bestuur, MH-administrasie, finansiële administrasie en kliëntediens</p> <p>e) Gedurende die 2012 Kliëntetevredenheidsopname, het 84% van die respondente die dienste van die inbelsentrum as bevredigend tot goed geskat</p> |
| <p><u>Voorsien toegang tot inligting aan die WKOD se kliënte</u></p> <p>a) Kliëntetevredenheidsopname lig die departement in oor die persepsie van dienslewering (direktorate evalueer die reaksie om dienslewering te verbeter)</p> <p>b) Omsendbriewe, bestuursnotules en kennisgewings</p>   | <p>a) Die 2012 Kliëntetevredenheidsopname het bevind dat dienslewering deur hoofkantoor en distrikskantore oor die algemeen verbeter het. Direktorate met 'n persepsie van swak dienslewering word oor die bevindinge ingelig en is daarvoor verantwoordelik om die vlakke van dienslewering te verbeter</p> <p>b) WKOD-omsendbriewe, bestuursnotules en kennisgewings word in drie tale via e-pos na 1 458 openbare gewone skole, 203 onafhanklike skole en 74 skole vir gespesialiseerde onderwys en ongeveer 8 000 amptenare versprei en word ook op die WKOD-webwerf geplaas</p>  |

**Tabel: Strategie oor toegang tot dienslewering, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Strategie oor toegang  | Werklike prestasies   |
|--|---|
| <p><u>Voorsien telefoniese toegang tot inligting en advies, hoofsaaklik oor diensvoordele en salaris-aangeleenthede, via 'n inbelsentrum</u></p> <p>a) Tweede verdieping, Grand Central-gebou (via telefoon/professionele inbelsentrum)</p> <p>b) Na-ure opname van navrae</p> | <p>a) Die WKOD se skakelbord word gedurende kantoorure bedryf: Maandag tot Vrydag 07:30 – 16:00 en die WKOD se inbelsentrum en Veilige Skole-inbelsentrum word vanaf 07:00 – 17:00, Maandag tot Vrydag, bedryf.</p> <p>b) Na-ure opname van navrae na die inbelsentrum word gedoen.</p> |

<sup>1</sup> Let daarop dat die “werklike kliënte” en “potensiële kliënte” in hierdie tabel as “hoofdiens en diensstandaarde voorsien kragtens die diensleweringplan, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013” in die tabel hierbo gelys is

| <b>Strategie oor toegang</b>  | <b>Werklike prestasies</b>  |
|---|---|
| <u>Voorsien toegang tot inligting aan die WKOD se kliënte</u><br>a) Sesde verdieping, Grand Central-gebou (algemene registrasie)<br>b) Posbusse by ingang van Grand Central-gebou | a) Die algemene registrasie voorsien 'n ondersteuningsdiens regoor die organisasie en is toeganklik gedurende kantoorure.<br>b) Posbusse by die hoofkantoor se ingange en inloopsentrum is beskikbaar vir voorsieningskanaalbestuursdienste of werwing- en keuringsprosesse van menslike hulpbronbestuur. |

**Tabel: Instrument vir diensinligting, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| <b>Tipes inligtingsinstrumente</b>  | <b>Werklike prestasies</b>   |
|---|--|
| <u>Voorsien telefoniese toegang tot inligting en advies, hoofsaaklik oor diensvoordele en salaris-aangeleenthede, via 'n inbelsentrum</u><br>a) Die Direkoraat Interne Menslike Kapitaal-administrasie hou padskoue in distrikte om MHB-kwessies te bespreek – die dienste wat deur die inbelsentrum aangebied word, word ook by padskoue ingesluit<br>b) Pamflette<br>c) Brosjures<br>d) Webwerf<br>e) Inloopsentrum<br>f) Hersien jaarliks die kommunikasieprotokol gegrond op doeltreffendheid (vs. statistieke en besluite tydens gestruktureerde, gesamentlike vergaderings) | a) Lede van middelbestuursdienste (MMS) van die Hoofdirekoraat Menslike Hulpbronne woon op 'n behoeftegrondslag distriksbestuursvergaderings by om die onderskeie kantore oor MH-verwante aangeleenthede op hoogte te bring of in te lig<br>b) Geen pamflette is gedurende die verslagtydperk uitgereik nie<br>c) Geen brosjures is gedurende die verslagtydperk uitgereik nie<br>d) Die webwerf het gedurende 2012/13 meer as 1 miljoen besoeke gelok (1 179 074)<br>e) 20 602 kliënte het die WKOD se inloopsentrum besoek, terwyl 18 983 die besoekersentrum op die grondvloer van die WKOD-hoofkantoor besoek het<br>f) Kommunikasiestrategie vir inbel- en inloopsentrum behou. MH-administrasie bestuur steeds spesifieke, gespesialiseerde MH-verwante navrae |

| <b>Tipes inligtingsinstrumente</b>   | <b>Werklike prestasies</b>  |
|--|---|
| <u>Voorsien toegang tot inligting aan die WKOD se kliënte</u><br>a) Rekordbestuur: dokumentvloei binne die departement word via omsendbriewe, bestuursnotules and kennisgewings gekommunikeer<br>b) Die riglyne vir die bevordering van toegang tot inligting is 'n instrument waardeur inligting oor die WKOD verkry kan word | a) Benewens verspreiding via die groeplyste, word WKOD-omsendbriewe, bestuursnotules en kennisgewing ook op die WKOD-webwerf geplaas.<br>b) Die WKOD PAIA-riglyne is toeganklik via die Internet. PAIA-pamflette en -plakkate is ook na 1 459 openbare gewone skole, 633 onafhanklike skole en 80 skole vir gespesialiseerde onderwys versprei. Die bygewerkte WKOD-organisasoriese struktuur en PAIE-riglyne is toeganklik via die Internet. |

| <b>Tipes inligtingsinstrumente</b>  | <b>Werklike prestasies</b>   |
|---|--|
| c) Die WKOD-webwerf word bygewerk met die organisatoriese struktuur en die toepaslike dienste met elkeen se verantwoordelike amptenare en hul kontakbesonderhede<br>d) Posstelsel<br>e) WKOD-skakelbord<br>f) WKOD-webwerf<br>g) Inbel- en inloopsentrums | c) Alle inligting oor die WKOD se organisatoriese struktuur, toepaslike dienste en die onderskeie kontakte/verantwoordelike amptenare word bygewerk.<br>d) Die WKOD se posstelsel word goed onderhou, is ten volle operasioneel en toeganklik vir kliënte.<br>e) Die skakelbord is beman en operasioneel.<br>f) Die webwerf is funksioneel en word bygewerk.<br>g) Inbel- en inloopsentrums is operasioneel. |

**Tabel: Meganisme vir regstelling, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| <b>Meganisme vir klagtes</b>   | <b>Werklike prestasies</b>  |
|--|---|
| <u>Voorsien telefoniese toegang tot inligting en advies, hoofsaaklik oor diensvoordele en salaris-aangeleenthede, via 'n inbelsentrum</u><br>a) Bestuurder van inbelsentrum monitor klagtes.<br>b) Fasiliteit vir terugvoering op die webblad<br>c) Direktoraat Gehalteversekering – Klagte-afdeling<br>d) Kliëntetevredenheidmeting vir inbelsentrum<br>e) Klagtes na agterkantoorbestuurders per distrik<br>f) Jaarlikse aanpassing van kontakbesonderhede of soos nodig | a) Voortdurend soos nodig<br>b) 787 aanlyn-navrae<br>c) Gedurende die 2012 Kliëntetevredenheidsopname, het 81% van die respondente die dienste van die inloopsentrum as bevredigend tot goed geskat.<br>d) Gedurende die 2012 Kliëntetevredenheidsopname, het 84% van die respondente die dienste van die inbelsentrum as bevredigend tot goed geskat.<br>e) Kliëntedienste- en ander bestuurders kommunikeer oor klagtes, soos nodig.<br>f) Kontakbesonderhede word, soos nodig, bygewerk. |

| <b>Meganisme vir klagtes</b>  | <b>Werklike prestasies</b>   |
|---|--|
| <u>Voorsien toegang tot inligting aan die WKOD se kliënte</u><br>a) Toegewyde poskantoor-possakke en -posbusse by ingange van kantore<br>b) E-pos (via Internet en GroupWise)<br>c) Fasiliteit vir terugvoering op die webblad<br>d) Klagte-afdeling<br>e) Posstelsel<br>f) WKOD-skakelbord | a) Posbusse by die hoofkantoor se ingange en inloopsentrum is beskikbaar vir voorsieningskanaalbestuursdienste of werwing- en keuringsprosesse van menslike hulpbronnbestuur.<br>b) WKR se korporatiewe e-posstelsel word benut.<br>c) Daar was 787 aanlyn-navrae gedurende die oorsigjaar.<br>d) Navrae word vir aandag na die toepaslike afdelings gekanaliseer.<br>e) Die WKOD se posstelsel word goed onderhou, is ten volle operasioneel en toeganklik vir kliënte.<br>f) Die skakelbord is beman en funksioneel. |



### 3.3. Organisasoriese omgewing

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys met die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap aan die hoof, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinstellings, insluitende gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine. Die VOO-kolleges en gemeenskapsleersentrums vir volwassenes word in hierdie jaarverslag aangedui, maar volgens onderstaande wetgewing is die bestuur van hierdie instellings in 'n oorgangsfase ter afwagting van die finalisering van alle besonderhede oor die oorpasing na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Daar is vier takke, elkeen met 'n Adjunkdirekteur-Generaal aan die hoof. Die takke is: Onderwysbeplanning; Kurrikulum- en Assesseringsbestuur; Institusionele Ontwikkeling en Koördinasie en Finansies.

'n Nuwe Adjunkdirekteur-Generaal (ADG) vir Finansies is in 2012/13 aangestel. In 'n verandering van funksie, het die ADG die Hoof Finansiële Beamppte geword, in plaas van die Hoofdirekteur soos wat voorheen die geval was. Die Direkoraat: Voorsieningskanaalbestuur is herbelyn om regstreeks aan die ADG: Finansies te rapporteer, wat die Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur nou verantwoordelik maak vir twee direktorate, naamlik Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde.

Die departement poog om 'n reaktiewe en doeltreffende organisatoriese kultuur te skep en sy besigheidsprosesse en -stelsels te verbeter. Die hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om 'n snel- reagerende diens en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

Die organisasie het ten doel om

- amptenare te hê wat omgee en wat ingelig en georganiseer is om skole, onderwysers en leerders te ondersteun
- onderwysers te hê wat teenwoordig en voorbereid is en tekste gebruik
- befondsing te verskaf wat aangewend word om sukses te maksimeer en geteikende armoedeverligting te verseker
- voldoende en veilige skole te verseker
- 'n bevorderlike omgewing vir vennote in onderwys te voorsien om tot gehalte-onderwys by te dra: onderwysvakbonde, skoolbeheerliggame, die privaat sektor, nieregteringsorganisasies, onafhanklike skole, hoër onderwysinstellings en kolleges.

## WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal


| <b>Leerders</b>  |                 |
|--|-----------------|
| Leerders in openbare gewone skole Graad 1 – 12 inklusief | 936 534         |
| Leerders in Graad R in openbare gewone skole             | 60 158          |
| Leerders in Graad R in onafhanklike skole                | 15 933          |
| Leerders by spesiale behoefte-skole                      | 20 290          |
| Leerders in onafhanklike skole                           | 39 521          |
| Studente in VOO-kolleges (koptelling)                    | Ongeveer 50 000 |
| Volwasse leerders  | 32 688          |
| <b>Totaal</b>  |                 |
| <b>Opvoeders</b>   |                 |
| Opvoeders  | 31 628          |
| Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)           | 8 496           |
| <b>Instellings</b>                                       |                 |
| Openbare gewone skole                                    | 1 458           |
| Skole vir leerders met spesiale behoeftes                | 74              |
| Instellings vir verdere onderwys en opleiding            | 6 (43 terreine) |
| Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes                  | 303             |
| Distrikskantore  | 8               |

Huidige instellings (alle openbare gewone skole) (31 Maart 2013)

Bron 2012: Jaarlikse opname vir skole voor-Graad R tot matriek); PERSAL: 2013

Die agt onderwysdistrikte is in 49 kringe verdeel, wat regstreekse ondersteuning aan skole bied. Die kringspanne is multifunksionele spanne met kurrikulumadviseurs; professionele persone wat spesiale onderwysdienste lewer (sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuningsadviseurs) en institusionele bestuur en bestuurders van korporatiewe beheer. Kringspanbestuurders lei hierdie ondersteuningspanne.

# Onderwysdistrikte van die WKOD



| Distrik                |                 | 1              | 2              | 3              | 4              | 5              | 6              | 7             | 8            | Totaal         |
|------------------------|-----------------|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------|---------------|--------------|----------------|
| Kaapse Wynland         | Skole           | 40             | 35             | 33             | 38             | 30             | 30             | 33            | 36           | 275            |
|                        | Leerders        | 23 656         | 24 034         | 21 049         | 12 292         | 13 758         | 21 026         | 9 336         | 9 401        | 134 552        |
| Eden en Sentraal Karoo | Skole           | 32             | 32             | 24             | 30             | 36             | 38             | 29            |              | 221            |
|                        | Leerders        | 8 504          | 22 154         | 22 673         | 18 614         | 12 168         | 14 261         | 13 968        |              | 112 342        |
| Metro-Sentraal         | Skole           | 33             | 43             | 36             | 35             | 30             | 33             |               |              | 210            |
|                        | Leerders        | 20 423         | 21 045         | 20 714         | 21 462         | 19 760         | 21 961         |               |              | 125 365        |
| Metro-Oos              | Skole           | 24             | 23             | 25             | 22             | 21             | 25             |               |              | 140            |
|                        | Leerders        | 23 752         | 25 395         | 23 744         | 21 801         | 20 904         | 28 244         |               |              | 143 840        |
| Metro-Noord            | Skole           | 28             | 28             | 30             | 26             | 33             | 31             | 31            |              | 207            |
|                        | Leerders        | 24 635         | 19 000         | 31 917         | 24 012         | 21 282         | 19 531         | 31 471        |              | 171 848        |
| Metro-Suid             | Skole           | 34             | 34             | 28             | 16             | 17             | 30             | 29            |              | 188            |
|                        | Leerders        | 25 614         | 20 754         | 16 765         | 11 590         | 18 525         | 31 686         | 28 089        |              | 153 023        |
| Overberg               | Skole           | 28             | 29             | 25             |                |                |                |               |              | 82             |
|                        | Leerders        | 10 019         | 18 170         | 9 830          |                |                |                |               |              | 38 019         |
| Weskus                 | Skole           | 25             | 25             | 23             | 27             | 31             |                |               |              | 131            |
|                        | Leerders        | 13 637         | 9 123          | 15 933         | 7 451          | 9 859          |                |               |              | 56 003         |
| <b>Groot-totaal</b>    | <b>Skole</b>    | <b>244</b>     | <b>249</b>     | <b>224</b>     | <b>194</b>     | <b>198</b>     | <b>187</b>     | <b>122</b>    | <b>36</b>    | <b>1 454</b>   |
|                        | <b>Leerders</b> | <b>150 240</b> | <b>159 675</b> | <b>162 625</b> | <b>117 222</b> | <b>116 256</b> | <b>136 709</b> | <b>82 864</b> | <b>9 401</b> | <b>934 992</b> |

### 3.4. Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderings

#### a. Skole

Die *Wysigingswet op Basiese Opvoedkundige Wette, 2011 (Wet 15 van 2011)* het op 19 September 2011 in werking getree en wysig in die breë die verskeie bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (NEPA) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000) en die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001).

Die departement het met die implementering van die Wet 'n aantal dokumente in Augustus van 2012 uitgereik. Omsendbrief 33 van 2012, voorsien ondersteuning aan skoolbeheerliggame om hulle in die uitvoering van hul rolle en verantwoordelikhede behulpsaam te wees. Bestuursrekeningkunde Notule 01 van 2012 adviseer skole oor die definisie van 'n "lening" en die gevolglike wetlike implikasies vir finansiële verpligtinge wat deur skole aangegaan word. Omsendbrief 32 van 2012 handel oor die verantwoordelikhede van SBL'e ingevolge artikel 36 van die Suid-Afrikaanse Skolewet en, in die besonder, die nodige magtiging van die Provinsiale Minister aangaande transaksies wat skoolleidendom beïnvloed.

Die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Skoolonderwys, 2010 (Wet 7 van 2010) het op 1 Januarie 2011 in werking getree en het verskeie bepalings van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) gewysig. Die belangrikste daarvan is die bepaling van die provinsiale onderwysbeleid en die bepaling van regulasies deur die Provinsiale Minister wat nie strydig met enige wet, die Suid-Afrikaanse Skolewet en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 is nie.

Die *Regulasies rakende Dissiplinerig, Skorsing en Verbanning van Leerders by Openbare Skole in die Wes-Kaap* is ingevolge artikel 63(1)(c)(cE) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6939 gedateer 15 Desember 2011 uitgevaardig en het op 2 April 2012 in werking getree.

Die *Regulasies rakende Visitasie en Assessering van Openbare en Gesubsidieerde Onafhanklike Skole*, is kragtens artikel 63(1)(c)(cG) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6976 gedateer 29 Junie 2012 uitgevaardig. Hierdie regulasies maak voorsiening vir die evaluering van prestasie en monitering van nakoming ingevolge Nasionale en Provinsiale Norme en Standaarde.

Die *Regulasies met betrekking tot die Minimum Onderrigure per Skoolweek en Skooldag in Openbare Skole in die Wes-Kaap* is kragtens artikel 63(1)(c)(cC) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997, gelees saam met die Nasionale Jaarverslag 2012/13

Kurrikulumverklaring, 2011 (Staatskoerant Nr. 34600 van 2011) in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 7065 gedateer 28 November 2012 uitgevaardig. Die regulasies behandel onder andere die minimum onderrigure per fase, algemene beginsels, individuele ondersteuningsplanne en minimum onderrigure asook gesteerde datums vir implementering.

*Die Regulasies met betrekking tot die Bestuur en Beheer van Koshuise by Openbare Skole en die Beheer oor Onroerende Eiendom en Toerusting van Koshuise van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement*, is ingevolge artikel 63(1)(a) van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 7066 uitgevaardig. Dit behandel onder andere die vestiging en sluiting van koshuise, korporatiewe beheer en bestuur van koshuise by openbare skole, die koshuiskomitee en die bestuur en beheer van vaste eiendom en toerusting.

*Die Konsepregulasies met betrekking tot die Verklaring van Persoonlike Belange deur Lede van Beheerliggame in die Verkryging van Goedere en Dienste vir Skole*, ingevolge artikel 63(1)(cD) van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997, is vir openbare kommentaar in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7039 van 31 Januarie 2013 gepubliseer. Die proses vir kommentaar het op 22 Februarie 2013 gesluit en die finale regulasies is vir afkondiging in die Provinsiale Koerant voorberei.

Omsendbrief 21 van 2012, gedateer 30 Mei 2012, het die Beleid en Protokol oor Veiligheid in Skoolwetenskap in die Wes-Kaap aan skole bekendgestel. Hierdie beleid is vanaf 1 Januarie 2013 in alle openbare skole geïmplementeer en moet saam met die Veiligheid in Skoolwetenskap: Laboratoriumhandleiding, wat onder dekking van Kurrikulumontwikkeling Notule 005/2007 aan skole gestuur is, gebruik word. Die beleid dek aspekte soos die pligte en verantwoordelikhede van opvoeders wat die laboratorium en chemikalieë gebruik, die verantwoordelikhede van leerders in die skool se wetenskaplaboratorium, die aanstelling van Skoolwetenskap-veiligheidsbeamptes, beperkte chemikalieë en berging van chemikalieë, die verwydering van chemiese afval en beserings en ongelukke in die skool-wetenskaplaboratorium.

Omsendbrief 5 van 2013, gedateer 1 Februarie 2013, het die beleid oor onreëlmatige, vrugtelose, verkwistende en ongemagtigde uitgawes binne die WKOD bekendgestel. Die beleid handel onder andere oor die identifisering, opname en bekendmaking van onreëlmatige, vrugtelose, verkwiste en ongemagtigde uitgawes ingevolge artikel 38(1)(g) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999). Dit is gemik op die versekering van effektiewe, doeltreffende en deursigtige stelsels van finansiële en risikobestuur asook interne beheer.

Die Beleid oor die Aanvaarding van Geskenke deur die Kantoorgebaseerde Amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is op 27 Maart 2013 goedgekeur. Die beleid handel ander onder andere oor algemene riglyne, die geskenkregister, prosedures vir die voltooiing van verklaringsvorme, vrae wat gereeld gevra word en 'n templaot vir geskenkregisters.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* is in die Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) verfyn en herverpak. Die KABV spesifiseer in een dokument die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, Leer-en- Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat vir elke vak benodig word en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV is in 2012 in die Grondslagfase en Graad 10 geïmplementeer en in 2013 in die Intermediêre Fase en Graad 11, en sal in 2014 in die Senior Fase en Graad 12 geïmplementeer word.

## B. VOO-kolleges en Volwassene-onderwys

Die *Wysigingswetsontwerp op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 2012 (Wet 3 van 2012)* het op 3 Mei 2012 in werking getree en wysig die Wet op VOO-kolleges van 2006 (Wet 16 van 2006). Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het in Staatskennisgewing Nr. 367, gepubliseer in Staatskoerant Nr. 35336 gedateer 11 Mei 2012, bepaal dat sommige van die bepalings van die Wet in werking sal tree vanaf die datum van ondertekening deur die president (11 Mei 2012 as die datum van kennisgewing deur die minister), buiten artikels 11, 12, 13, 14, 28(3) en 32(b). Artikel 14 behandel finansies gekoppel aan die verspreiding van die Voorwaardelike Toelae, en artikel 11, 12, 13, 28(3) en 32(b) behandel die oordrag van personeel vanaf Provinsiale Onderwysdepartemente na die DHET, behoudens die voorwaardes van artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 55 van 1995).




Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHET) is verantwoordelik vir hoër onderwys, wat hoëronderwysinstellings soos VOO-kolleges, SETA's en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes insluit. Die DHET het Protokool-ooreenkomste met provinsiale onderwysdepartemente onderteken om die oordrag van verdere onderwys en opleiding te bestuur, insluitend die tussentydse beheer en bestuur van VOO-kolleges. Die ooreenkomste maak ook voorsiening vir die instelling van Provinsiale Tegniese Taakspanne om die oordrag van hierdie funksies na dié van 'n nasionale bevoegdheid te bestuur.

## 4. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

|  |   |
|--|---|
| <b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 1</b> | <b>Verbeterde Taal en Wiskunde in laerskole</b>   |
| <b>Doelwitverklaring</b>                           | Prestasie in Taal en Wiskunde moet verbeter sodat leerders teen 2014 soos volg volgens ouderdomsnorme verbeter:<br>Graad 3: Taal: 40% van leerders en Wiskunde: 60% van leerders.<br>Graad 6: Taal: 40% van leerders en Wiskunde: 50% van leerders.<br>Graad 9: Taal: 55% van leerders en Wiskunde: 20% van leerders.<br>Uitslae sal deur middel van jaarlikse toetsing gemonitor word en intervensies sal dienooreenkomstig aangepas word. |

|  |   |
|--|---|
| <b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 2</b> | <b>Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat</b>  |
| <b>Doelwitverklaring</b>                           | Om die aantal leerders wat die NSS slaag deur die voorsiening van handboeke, opleiding, bestuur en ondersteuning van onderwysers te verbeter. Die teikens vir 2014 is 43 000 leerders wat die NSS slaag en 18 500 wat met toegang tot B-graad-studies slaag; 11 000 leerders wat Wiskunde slaag en 8 000 wat Natuurwetenskap slaag. |
| <b>Strategiese Uitkoms-georiënteerde Doelwit 3</b> | <b>Vermindering in aantal onderpresterende skole</b>  |
| <b>Doelwitverklaring</b>                           | Vermindering van onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole: dat geen skool 'n slaagsyfer van <60% teen 2014 het nie. Vermindering in onderprestasie in ander grade, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9.                         |

Die WKOD het vordering gemaak met die bereiking van die doelwitte wat in die strategiese plan gestel is. Aanpassings aan die doelwitte is uiteengesit, soos in die toepaslike Jaarlikse Prestasieplan vereis. Daar is op hierdie stadium aanduidings dat die teikens wat vir die vyfjaartydperk gestel is, binne bereik is.



Die WKOD het die hersiene teikens vir prestasie in tale en wiskunde in laerskole oorskry. Die hersiening is teweeggebring as gevolg van die besluit om die moeilikheidsgraad van die taaltoetse in Graad 3 en 6 aan te pas.

## 5. Prestasie-inligting per program

### 5.1 Program 1: Administrasie

#### Doel

Om oorkoepelende bestuur van en steun aan die onderwysstelsel te voorsien ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Suid-Afrikaanse Skolewet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander toepaslike beleide.

#### Die Administrasieprogram bestaan uit die volgende subprogramme<sup>2</sup>:

*Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR*

om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys

*Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste*

om aan die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie spesifiek op onderwys gerig is nie

om beperkte voorsiening vir akkommodasiebehoeftes te maak en dit te onderhou

*Subprogram 1.3: Onderwysbestuur*

om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien

*Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te verskaf

*Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)*

om onderwysbestuursinligting ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid beskikbaar te stel

#### Strategiese doelwitte

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese doelwit 1.1:</b> | Om menslike en finansiële hulpbronne aan te wend in daardie distrikte en skole wat histories onderbelegging ervaar het en om oorhoofse finansiële en MH-bestuur te verseker. |
| <b>Strategiese doelwit 1.2:</b> | Om die reaktiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur te fokus op die verbetering van die departement se besigheidsprosesse en stelsels.                     |
| <b>Strategiese doelwit 1.3:</b> | Om geteikende bestuursopleiding vir amptenare, lede van skoolbestuurspanne en skoolbeheerliggame te voorsien.  |

<sup>2</sup> Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor se templaot en is kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in Program 1 dek koste wat met die administrasie van die stelsel verband hou.



## **Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>3</sup>**

### *Finansieel*

Die WKOD het 99,5% van die goedgekeurde aansuiweringsbegroting vir 2012/13 bestee.

Fondse is aangewend om die doelwitte van Aksieplan 2014 en die drie doelwitte van die WKOD te bereik. 76% van die begroting is aan die vergoeding van werknemers (VvW) toegeken en meer as R1 miljard is aan die agt voorwaardelike toelaes en ander noodsaaklike verpligtinge toegeken. Die WKOD is daartoe verbind om fondse oordeelkundig te bestee om fondse toe ken wat voorsien in die behoeftes van diegene wat ondersteuning die meeste nodig het.

Besparings is in die KvW aangeteken, hoofsaaklik te danke aan doeltreffendheidsmaatreëls wat geïmplementeer is, byvoorbeeld die vermindering in die aantal tydelike en aflospersoneel. Hierdie KvW-besparings is grotendeels aan die verbetering van skoolinfrastruktuur toegeken (meer as R54m). Voortgesette omsigtige finansiële bestuur het die WKOD in staat gestel om R16,7m ter syde te stel om skole te help om die agterstand in munisipale diensteskulde te delg.

Kostebesparingsmaatreëls het die grootmaat-bestelling van KABV-handboeke vir Graad 4 tot 6 en Graad 11 ingesluit.

Die WKOD is weer deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Staatsouditeure erken vir die "mees konsekwente hoë prestasie in finansiële bestuur van enige staatsdepartement in die land oor die afgelope drie jaar".

### *Menslike Hulpbronne*

Die bestuur van die WKOD se diensstaat is van kritieke belang vir die opvoedkundige sukses van skole. Die WKOD het 154 meer poste vir die 2013 akademiese jaar toegeken. Die WKOD het 'n beter leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase geïmplementeer. Aangesien die WKOD meer permanente onderwysers het, het die stelsel oor die algemeen meer stabiliteit. Die WKOD het stappe ingestel om 'n leerder-tot-onderwyser-verhouding van 1:37 in laerskole en 1:33 in hoërskole te verseker. As gevolg van 'n ontplooiingsplan, is daar minder botallige onderwysers. Die WKOD bestuur die beleid oor onbevoegdheidsverlof en aftrede weens swak gesondheid (PILIR) ten einde te verseker dat al die nodige beheermaatreëls in plek is en geen onnodige vertraginge of oorbetalings plaasvind nie.

Die optimale plasing van botallige opvoeders is noodsaaklik. Die WKOD het gedurende die tydperk 1 April 2012 tot 31 Desember 2012 die aantal oortollige opvoeders met 149 verminder. 'n Verdere 53 oortollige opvoeders is in die eerste kwartaal van 2013 geplaas.

---

<sup>3</sup> Let daarop dat die onderwyssektor se templaats vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

Gedurende die tydperk 1 April 2012 tot 31 Desember 2012, is 283 (57.76%) Funza Lushaka-beurshouers (2011-beurshouers wat vir plasing in 2012 gekwalifiseer het) uit 490 suksesvol geplaas. Gedurende die tydperk 1 Januarie 2013 tot 31 Maart 2013, is 298 Funza Lushaka-beurshouers (2012-beurshouers wat vir plasing in 2013 gekwalifiseer het) uit 669 (44.54%) suksesvol in permanente, aflos- of tydelike poste geplaas.

Spesiale aandag is in 2012 aan die advertering en vulling van skoolhoofposte geskenk. Hierdie poste is in elk van die vakaturelyste en in spesiale vakaturelyste geadverteer en geprioritiseer om die spoedige verwerking van aansoeke te verseker. Hierdie stap het die tydperke van opvoeders in waarnemende poste en die gebruik van tydelike personeel verminder en tot stabiliteit in skole bygedra. Aanstellingskriteria en keuringsprosesse vir skoolhoofde is ook versterk.

Die tabel hieronder dui die statistieke in hierdie verband aan.

Nuwe skoolhoofde per jaar

|                        | 2009 | 2010 | 2011 | 01/04/2012-31/03/2013 | Groottotaal | Aantal skole | %   |
|------------------------|------|------|------|-----------------------|-------------|--------------|-----|
| Kaapse Wynland         | 13   | 22   | 20   | 22                    | 77          | 283          | 27% |
| Eden en Sentraal Karoo | 14   | 13   | 12   | 14                    | 53          | 228          | 23% |
| Metro-Sentraal         | 12   | 30   | 14   | 21                    | 77          | 227          | 34% |
| Metro-Oos              | 9    | 21   | 6    | 13                    | 49          | 153          | 32% |
| Metro-Noord            | 15   | 16   | 10   | 15                    | 56          | 219          | 26% |
| Metro-Suid             | 14   | 18   | 8    | 9                     | 49          | 200          | 25% |
| Overberg               | 3    | 9    | 5    | 4                     | 21          | 84           | 25% |
| Weskus                 | 8    | 13   | 11   | 19                    | 51          | 134          | 38% |
| Groottotaal            | 88   | 142  | 86   | 117                   | 433         | 1528         | 28% |

Bogenoemde inligting oor die aanstelling van nuwe skoolhoofde is vir die tydperk 1 Januarie 2012 tot 31 Maart 2013 en sluit aanstellings by alle openbare skole in.

#### *Inligting en kommunikasie*

##### Die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS)

Die SOBIS is in 2012/13 verder ontwikkel om die benutting daarvan te bevorder. Dit is ontwikkel om outomatiese sakeprosesse te ondersteun en word ook doeltreffend vir die nasporing van leerderregistrasie aangewend. Die SOBIS het dus 'n groter rol in die ondersteuning, leiding en versterking van strategiese besluitneming gespeel. Soos in die verlede, het SOBIS regstreekse ondersteuning vir eksamen- en assesserings-administrasie en registrasieprosesse verskaf, asook data vir die berekening van diensstate en om aanlyn-opnames by gewone en spesiale skole uit te voer. Die gereelde nasporing van leerderinskrywings by skole was nuttig vir alle beplanningsprosesse.

SOBIS is in 2012 weer vir die bestelling van handboeke deur skole (KABV en werkboeke) vir 2013 gebruik. Hierdie geoutomatiseerde proses het gelei tot doeltreffendheid ten opsigte van tyd, arbeid en koste, het die aanlyn-monitoring van vordering moontlik gemaak en verslagdoening gefasiliteer. Die geoutomatiseerde aansoeke om terugbetaling van fooivrystellings aan skole is verfyn, wat tot meer deursigtigheid en beter beheer en verslaggewing gelei het. Aanlyn-kennisgewing van norme en standaarde, diensstaattoekennings en assesseringsuitslae het ook kommunikasie met skole verbeter en hulle met beplanning gehelp. 'n Kwartaallikse moniteringsinstrument is deur distriksamptenare gebruik om vordering by skole met betrekking tot sekere kommerwekkende aangeleenthede deur EduInfoSearch na te spoor. 'n Fasiliteit om die skole se verbeteringsplanne vir 2013 op te laai, is ook op SOBIS beskikbaar gestel.

Die Distrikbestuursinligtingstelsel (DBIS) is ten volle operasioneel in al agt distrikskantore. Distriksamptenare het voortgegaan om die stelsel te gebruik om verslae vir skoolintervensies te beplan, vas te lê en hersien.

Die WKOD het in 2013 die aanwending van 'n geoutomatiseerde e-werwingstelsel geloods. Die aanlyn-aansoekstelsel: E-werwing vir Opvoeders: "Die werwing van die beste" is in 2012 deur die WKOD geloods. Vakaturelys 1 van 2013 is via die aanlyn-stelsel gepubliseer. 11 305 gebruikers het tot hede hul profiel op die stelsel geregistreer.

#### Kommunikasie

Die media het meer as 4 800 verslae in verskillende formate (gedrukte media, radio, televisie en aanlyn) oor onderwys in die Wes-Kaap gepubliseer, wat die belangstelling van die media in die werk van die WKOD weerspieël.

#### *Veldtogte*

Die WKOD het gedurende die jaar veldtogte onderneem om ouers en leerders aan te moedig om aktief aan die verbetering van leerderuitkomstedeel te neem en om die departement se pogings om toegang tot gehalte-onderwys te verbeter, te ondersteun.

Die veldtogte het die volgende behels: i) die Inskrywing 2013-veldtog om ouers te oorreed om hul kinders in te skryf as hulle met laer- of hoërskool begin of as hulle van skool verander. Die veldtog het ouers gevra om tot onderwysbeplanning by te dra deur hul kinders vroeg in te skryf. ii) 'n Terug Skool Toe-veldtog het ouers ingelig oor die WKOD se prioriteite vir 2013 en wat ouers kon doen om hul kinders se opvoeding te ondersteun. iii) 'n Geletterdheid en Gesyferdheid 2013-veldtog het aan ouers verduidelik wat hulle by die huis kan doen om te help om hul kinders se vaardighede in lees, skryf en wiskunde te ontwikkel. Die WKOD het meer as 100 000 Graad 1-ouergidse as deel van die Geletterdheid en Gesyferdheid-veldtog versprei.

Kommunikasie het die volgende ingesluit: radio-advertensies; advertensieborde, plakkate en uitstallings in winkelsentrums in geselekteerde gebiede; advertensies in en op taxi's; een miljoen inligtingstukke wat via gemeenskapskoerante versprei is en 'n boodskap wat op 100 000 sakke rys via spazawinkels versprei is.

## Publikasies en webwerf

Die WKOD het 'n "Wenke vir Sukses"-boek aan elke kandidaat in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorsien. 'n Koerantbylae met voorbeelde van eksamen-vraestelle is ook aan elke kandidaat versprei. Die bylae het riglyne ingesluit oor hoe om te studeer en eksamens te skryf wat deur die WKOD voorberei word.

*Education Update*, die WKOD-koerant, het vier nasionale toekennings van die SA Uitgewersforum vir *uitnemendheid in ontwerp* (sertifikaat van verdienste), *uitnemendheid in kommunikasie* (sertifikaat van verdienste), *beste ontwerp* (finalis) en *beste koerant* (finalis) ontvang.

Die WKOD se webwerf het meer as een miljoen besoeke (1 179 074) gelok, wat nog 'n rekord vir die departement is.


## Kliëntediens

Die WKOD-inbelsentrum het 118 046 oproepe opgeteken. 'n Totaal van 20 602 kliënte het die WKOD se inloopsentrum besoek, terwyl 18 983 die besoekersentrum by die WKOD-hoofkantoor besoek het. Die WKOD het begin werk aan die opgradering van die inloopsentrum om kliënte se ervaring te verbeter, asook 'n nuwe inlooffasiliteit vir eksamenkandidate om die seisoenale druk wat in hierdie opsig ervaar word en die tyd wat daar in toe gestaan word, te verminder.

Die Kliëntetevredenheidsopname is in die vierde jaar uitgevoer. Die steekproef was 322 openbare gewone sekondêre en laerskole en OLSO-skole (sowat 20% van die skole in die provinsie). Vyf opvoeders per skool, op verskillende posvlakke en wat skoolhoofde insluit, het die vraelyste voltooi. In totaal het 211 van die steekproef-skole (d.w.s. ongeveer 14% van die totale stel skole in die provinsie en 65% van die skole in die steekproef) en 856 deelnemers op die opname gereageer. Die aanlyn-weergawe het 56 meer skool-respondente as in die vorige jaar gelok.

Die respondente het 207 skoolhoofde, 103 adjunk-skoolhoofde, 164 departementshoofde, 104 senior opvoeders en 243 opvoeders ingesluit.

In terme van algehele reaksie, het distrikte die hoogste gradering van "goed" of "uitstekend" sedert die aanvang van die opname in 2009 ontvang. Die gradering van 50% is 'n 5%-verbetering op die 2011-gradering en byna dubbel die aanvanklike gradering van 24% in 2009, die jaar waarin kringspanne die eerste keer ingestel is.



## *Aanspreeklikheid*

Alle amptenare word deur middel van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou. Amptenare by hoofkantoor word vir tydige en deskundige ondersteuning aan distrikte verantwoordelik gehou. Skole en distrikte word vir ondersteuning aan skole en die prestasie van leerders aanspreeklik gehou. Die belangrikste fokusareas in 2012 was bywoning deur onderwysers en leerders en die optimale benutting van die skooldag.

Alle skole het in Februarie 2012 en weer in 2013 aanlyn-skoolverbeteringsplanne (SVP's) met teikens vir drie jaar voltooi – vir akademiese prestasie; bestuursdoeltreffendheid (leerder- en onderwyserafwesigheid en akademiese beplanning); hulpbronne en onderhoud. Die aanwysers stem ooreen met 'n paar van die nasionale teikens in Aksieplan 2014 (sien bylae). Die waarde van 'n aanlyn-verbeteringsplan soos hierdie, is dat alle skole daarop fokus om belangrike intervensies vir verbetering te dryf. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheidstelsel, aangesien die ondertekenaars van die plan die skoolhoof, die SBR en die WKOD insluit. Skole het in 2013 ook aksieplanne ingedien om die stappe te spesifiseer wat hulle sal instel om die gestelde teikens in hulle SVP's te bereik.

Die WKOD het in 2012 kwartaallike Skoolverbeteringsmonitering (SVM) bekendgestel, wat aan die Skoolverbeteringsplanne gekoppel is. Die SVM het die gebruik van handboeke en werkboeke en sleutelaspekte van verkryging en skoolfunksionaliteit nagespoor, bv. SBL-verkiesings en voorbereidheid vir die nuwe jaar. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data vir spoedige ondersteuning ontgin en gebruik word. Die data het in die besonder die WKOD in staat gestel om op hoogte van die aflewering van werkboeke te bly.

Aanspreeklikheid is uitgebrei deur die oorsigtelike rol wat deur Provinsiale en Nasionale Tesourie gespeel word ten opsigte van die verpligte elemente van die beplanning- en verslagdoeningsiklusse wat finansiële én niefinansiële aangeleenthede dek. Verslagdoening vind op 'n maandelikse (bv. finansiële), kwartaallike of jaarlikse grondslag plaas. Alle afdelings van die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die Departement van Basiese Onderwys of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, waardeur verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings op 'n volgehoue grondslag gekanaliseer word. Die Departement van die Premier speel 'n oorsigtelike rol in belangrike WKOD-projekte, wat deur die provinsiale paneelbord nagespoor word. Voorts word beheer deur interne én eksterne ouditprosesse op kontroles uitgeoefen, wat tot funksionaliteit en omsigtige bestuur bydra.

Materiële aanspreeklikheid berus by die formele verhouding tussen die WKOD en UMALUSI, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomste. Die verhouding is gegrond op die interne moderering van assesseringsprosesse en die voorsiening van 'n aanvaarbare eksamineringsproses.

Net soos alle staatsdepartemente landwyd, het die WKOD aan 'n moniterings-innovasie van die Presidensie deelgeneem, naamlik die assesseringshulpmiddel vir bestuursprestasie (MPAT), wat vier gebiede van korporatiewe beheer bestudeer, naamlik strategiese beplanning, menslike hulpbronne, korporatiewe beheer en aanspreeklikheid en finansiële bestuur. Die oefening was 'n waardevolle een en die WKOD het verbetering tussen die eerste en die tweede oefening in hierdie verband getoon, met 'n aantal maksimum tellings. Daar is egter nog baie werk wat op die gebied van menslike hulpbronne en finansies gedoen moet word.

Heelskoolevaluering verskaf steeds waardevolle insigte, nie slegs oor die ondersteuningsbehoefte van individuele skole nie, maar ook oor sistemiese kwessies. Korter besoeke is afgelê by klein skole of dié skole wat optimaal funksioneer. Differensiëring in die lengte van besoeke het daarvoor gesorg dat bykomende skole besoek kon word. Skole word volgens die HSE-gradering gekodeer. Die bevindinge is in tendensverslae met WKOD-amptenare gedeel, benewens die uitgebreide verslae wat aan die betrokke skole voorsien is.

'n Onderwysraad wat die minister verantwoordelik vir onderwys in die Wes-Kaap oor opvoedkundige aangeleenthede adviseer en ingevolge die regulasies ten opsigte van die Onderwysraad vir die Provinsie van die Wes-Kaap aangestel is, het kwartaalliks vergader.

| <b>BT101</b>  |                       | <b>Administrasie – sleuteltendense</b> |                         |                              |  |                         |
|---|-----------------------|--|-------------------------|------------------------------|--|-------------------------|
|   |                       | Werklike prestasie 2011/2012           | Beplande teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie vir 2012/13  | Kommentaar oor afwyking |
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>   |                       |  |                         |                              |  |                         |
| ► PPM101: Aantal openbare skole wat SASAMS gebruik om data aan die nasionale leerderopspoorstelsel te voorsien    | 1 453                 | 1 452                                  | 1 458                   | 6                            | 100% van die skole rapporteer leerderdata elektronies. Skole het in die oorsigjaar geopen asook gesluit. Die totaal is dienooreenkomstig aangepas. |                         |
| ► PPM102: Aantal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word                                       | 1 452                 | 1 452                                  | 1 458                   | 6                            | 100% van die skole kan elektronies gekontak word. Skole het in die oorsigjaar geopen asook gesluit. Die totaal is dienooreenkomstig aangepas.      |                         |
| ► PPM103: Persentasie lopende onderwysuitgawes wat aan niepersoneelitems bestee word                              | 22.7%                 | 20.30%                                 | 21.76%                  | 1.46%                        | Die teiken is oorskry as gevolg van die prioritering van oefeninge weens begrotingsmonitering en -bestuur gedurende die loop van die jaar.         |                         |
| <b>Programprestasie-aanwysers (provinsiaal)</b>   |                       |  |                         |                              |  |                         |
| PPA 1.1 Verseker finansiële bestuur   | Gekwalifiseerde audit | Ongekwalifiseerde audit                | Ongekwalifiseerde audit |                              |  |                         |
| PPA 1.2 Afwykings ten opsigte van tenders bo R500 000   | 6                     | 15                                     | 12                      | 3                            | Die totaal is oorskry. As gevolg van beheermaatreëls wat toegepas is, was daar minder afwykings as wat verwag is.                                  |                         |
| PPA 1.3 Aantal vakaturelyste uitgereik ten opsigte van instelling-gebaseerde onderwysposte vir die skooljaar 2012 | 5                     | 5                                      | 5                       |                              |  |                         |
| PPA 1.4 Aantal bykomende skole wat heelskoolevaluering (HSE) ondergaan  | 108                   | 120                                    | 131                     | 11                           | 'n Toename in die aantal HSE-spanne het meegebring dat meer skole in die jaar onder oorsig geëvalueer kon word.                                    |                         |

## Strategie om gebiede van onderprestasië op te los

Die volgende strategieë is die belangrikste WKOD-strategieë om onderprestasië aan te spreek:

- Posvoorsiening wat verseker dat onderwysers geplaas word by die skole wat aan die vereistes van daardie skole voldoen.
- Aanstelling van skoolhoofde (aandag aan die verbetering van keuringskriteria en die opleiding van SBL'e in hierdie verband; opleidingsgeleentheid vir aspirant-skoolhoofde)
- Aandag aan die aanstelling en ondersteuning van departementshoofde en adjunk-skoolhoofde by skole
- Opleiding in alle sektore (onderwysers en amptenare)
- Skoolverbeteringsplanne en skoolverbeteringsmonitering
- Maksimering van aanlyn-prosesse om alle voorsiening te stroomlyn en bespoedig
- Gelyke befondsing vir die ondersteuning van skole in kwintiel 1 tot 3
- Fooivrystellingsprosesse vir skole in kwintiel 4 en 5
- Nuwe protokolle om meer fondse vir onderhoud aan te wend
- Gefokusde benadering tot onderhoud deur nuwe kategorieë by die U-AMP te voeg
- Bystand aan skole ten opsigte van munisipale skuld
- Interne kontrole-eenheid om terugvoering oor nienakoming aan bestuur te gee
- Hersien sakeprosesse, soos nodig
- Verseker volgehoue verbetering in die toepassing van verkrygingsprosedures
- Twee-jaarlikse bywerking van alle bateregisters

## Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasië aan begrotings

| Naam van subprogram                         | 2012/2013        |                   |                        | 2011/2012        |                   |                        |
|---|------------------|-------------------|------------------------|------------------|-------------------|------------------------|
|   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding |
|   | R'000            | R'000             | R'000                  | R'000            | R'000             | R'000                  |
| 1.1 Kantoor van die LUR                     | 6,340            | 6,340             | -                      | 5,550            | 5,550             | -                      |
| 1.2 Korporatiewe Dienste                    | 241,221          | 241,221           | -                      | 210,235          | 210,235           | -                      |
| 1.3 Onderwysbestuur                         | 242,014          | 239,091           | 9,923                  | 285,468          | 285,468           | -                      |
| 1.4 Menslike hulpbronontwikkeling           | 9,016            | 9,016             | -                      | 5,441            | 5,441             | -                      |
| 1.5 Onderwysbestuur-Inligtingstelsel (OBIS) | 22,139           | 22,139            | -                      | 25,344           | 25,344            | -                      |
| <b>Totaal</b>                               | <b>520,730</b>   | <b>510,807</b>    | <b>9,923</b>           | <b>532,038</b>   | <b>532,038</b>    | <b>-</b>               |



| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|---|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|   | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| <b>Lopende betalings</b>                | <b>404,667</b>   | <b>402,505</b>    | <b>2,162</b>          | <b>398,383</b>   | <b>398,383</b>    | -                     |
| Vergoeding van werknemers               | 248,252          | 248,252           | -                     | 252,346          | 252,346           | -                     |
| Goedere en dienste                      | 156,415          | 154,253           | 2,162                 | 146,037          | 146,037           | -                     |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           | <b>67,561</b>    | <b>67,561</b>     | -                     | <b>97,041</b>    | <b>97,041</b>     | -                     |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 3                | 3                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Instansies sonder winsbejag             | 61,809           | 61,809            | -                     | 90,630           | 90,630            | -                     |
| Huishoudings                            | 5,737            | 5,737             | -                     | 6,401            | 6,401             | -                     |
| Geskenke en donasies                    | 12               | 12                | -                     | 10               | 10                | -                     |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      | <b>30,266</b>    | <b>22,505</b>     | <b>7,761</b>          | <b>36,614</b>    | <b>36,614</b>     | -                     |
| Geboue en ander vaste strukture         | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Masjinerie en toerusting                | 29,410           | 21,649            | 7,761                 | 32,722           | 32,722            | -                     |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | 856              | 856               | -                     | 1,850            | 1,850             | -                     |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    | <b>18,236</b>    | <b>18,236</b>     | -                     | <b>2,042</b>     | <b>2,042</b>      | -                     |
| <b>Totaal</b>                           | <b>520,730</b>   | <b>510,807</b>    | <b>9,923</b>          | <b>532,038</b>   | <b>532,038</b>    | -                     |

| BT102   | Uitgawes per item (2012/13) R'000 |            |         |         |         |        |         |         |            |
|---|-----------------------------------|------------|---------|---------|---------|--------|---------|---------|------------|
|   | 1 Admin                           | 2 OGS      | 3 Onafh | 4 Spes  | 5 VOO   | 6 BOOV | 7 VKO   | 8 Hulp  | Totaal     |
| Lopende betalings                                       | 402,505                           | 10,396,963 | -       | 677,441 | 273,819 | 7,106  | 100,000 | 152,064 | 12,009,898 |
| Vergoeding van werknemers                               | 248,252                           | 9,388,984  | -       | 668,879 | 273,819 | 5,845  | 64,203  | 85,903  | 10,735,885 |
| Salarisse en lone                                       | 215,233                           | 8,127,950  | -       | 581,990 | 237,672 | 5,660  | 55,118  | 82,492  | 9,306,115  |
| Maatskaplike bydraes                                    | 33,019                            | 1,261,034  | -       | 86,889  | 36,147  | 185    | 9,085   | 3,411   | 1,429,770  |
| Goedere en dienste                                      | 154,253                           | 1,007,979  | -       | 8,562   | -       | 1,261  | 35,797  | 66,161  | 1,274,013  |
| Administratiewe fooie                                   | 665                               | 125        | -       | -       | -       | -      | -       | 14      | 804        |
| Reklame   | 6,984                             | 1,393      | -       | 3       | -       | 26     | 5       | 8       | 8,419      |
| Agentskap- en steun-/uitbestede dienste                 | 3,138                             | 222,544    | -       | 31      | -       | -      | 27,926  | 5,860   | 259,499    |
| Bates <R5 000   | 3,585                             | 23,510     | -       | -       | -       | -      | -       | 80      | 37,175     |
| Ouditkoste Ekstern                                      | 11,390                            | -          | -       | -       | -       | -      | -       | -       | 11,390     |
| Beurse (werknemers)                                     | 633                               | 3,653      | -       | -       | -       | -      | -       | -       | 4,286      |
| Spyseniering: Departementele aktiwiteite                | 607                               | 9,568      | -       | 21      | -       | 34     | 65      | 256     | 10,551     |
| Kommunikasie  | 5,481                             | 5,726      | -       | -       | -       | -      | -       | 835     | 12,042     |
| Rekenaardienste   | 15,997                            | 338        | -       | -       | -       | -      | -       | 1       | 16,336     |
| Kons/prof: Besigheids- en adviesdiens                   | 31,492                            | 4,451      | -       | -       | -       | 5      | -       | -       | 35,948     |
| Kons/prof: Infrastruktuur en beplanning                 | -                                 | -          | -       | -       | -       | -      | -       | -       | -          |
| Kons/prof: Regskoste                                    | 3,343                             | -          | -       | -       | -       | -      | -       | -       | 3,343      |
| Kontrakteurs  | 6,260                             | 485        | -       | -       | -       | -      | -       | 15      | 6,760      |
| Vermaak   | 113                               | 142        | -       | -       | -       | -      | -       | 3       | 258        |
| Vlootdienste  | -                                 | -          | -       | -       | -       | -      | -       | -       | -          |
| Voorraad: Voedsel en voedselvoorraad                    | 3                                 | 837        | -       | -       | -       | -      | -       | -       | 840        |
| Voorraad: Leerder-en-onderwyser-ondersteuningsmateriaal | 832                               | 245,696    | -       | 194     | -       | -      | 4,058   | 1,941   | 252,721    |
| Voorraad: Materiaal en voorraad                         | 20                                | 136        | -       | -       | -       | -      | -       | 59      | 215        |
| Voorraad: Mediese voorraad                              | -                                 | -          | -       | -       | -       | -      | -       | 360     | 360        |
| Voorraad: Ander verbruiksgoedere                        | 176                               | 938        | -       | 77      | -       | -      | -       | 58      | 1,249      |
| Voorraad: Skryfbehoeftes en drukwerk                    | 4,937                             | 7,926      | -       | -       | -       | 169    | 23      | 24,887  | 37,942     |
| Bruikhuurbetalings                                      | 7,857                             | 3,087      | -       | -       | -       | 901    | -       | 2,841   | 14,686     |

| BT102                                      | Uitgawes per item (2012/13) R'000 |                   |               |                |                |               |                |                |                   |
|--|-----------------------------------|-------------------|---------------|----------------|----------------|---------------|----------------|----------------|-------------------|
|  | 1 Admin                           | 2 OGS             | 3 Onafh       | 4 Spes         | 5 VOO          | 6 BOOV        | 7 VKO          | 8 Hulp         | Totaal            |
| Bedryfsuitgawes                            | 9,187                             | 1,979             | -             | -              | -              | 8             | 1              | 8,413          | 19,588            |
| Eiendomsbetalings                          | 15,721                            | 230,481           | -             | 2,532          | -              | -             | -              | 1,070          | 249,804           |
| Huur en verhuur                            | 62                                | 86                | -             | -              | -              | -             | -              | 3,770          | 3,918             |
| Opleiding en ontwikkeling                  | 4,809                             | 19,112            | -             | 901            | -              | -             | 704            | 1,498          | 27,024            |
| Vervoer verskaf: Departementele aktiwiteit | -                                 | 190,802           | -             | -              | -              | -             | 2,962          | 17             | 193,781           |
| Reis en verblyf                            | 9,798                             | 27,049            | -             | 4,803          | -              | 118           | 46             | 5,760          | 47,574            |
| Lokale en fasiliteite                      | 1,163                             | 7,915             | -             | -              | -              | -             | 7              | 8,415          | 17,500            |
| Rente en huur vir grond                    | -                                 | -                 | -             | -              | -              | -             | -              | -              | -                 |
| Huurgeld op grond                          | -                                 | -                 | -             | -              | -              | -             | -              | -              | -                 |
| Finansiële transaksies in bates en laste   | <b>18,236</b>                     | -                 | -             | -              | -              | -             | -              | -              | <b>18,236</b>     |
| Oordragte en subsidies                     | <b>67,561</b>                     | <b>773,318</b>    | <b>72,321</b> | <b>131,928</b> | <b>323,704</b> | <b>29,814</b> | <b>283,894</b> | <b>5,955</b>   | <b>1,688,495</b>  |
| Munisipaliteite                            |                                   |                   |               |                |                |               |                |                |                   |
| Departementele agentskappe                 | 3                                 | 7                 | -             | -              | -              | -             | -              | 5,524          | 5,534             |
| Instansies sonder winsbejag                | 61,821                            | 702,848           | 72,321        | 129,661        | 323,285        | 29,814        | 283,593        | -5             | 1,603,338         |
| Artikel 21-skole                           | -                                 | 377,732           | -             | -              | -              | -             | -              | -              | 377,732           |
| LOOM                                       | -                                 | 377,732           | -             | -              | -              | -             | -              | -              | 377,732           |
| Artikel 20-skole                           | -                                 | 71,836            | -             | -              | -              | -             | -              | -              | 71,836            |
| Ander onderwysinstellings                  | 61,821                            | 253,280           | 72,321        | 129,661        | 323,285        | 29,814        | 283,593        | -5             | 1,153,770         |
| Huishoudings                               | 5,737                             | 70,463            | -             | 2,267          | 419            | -             | 301            | 436            | 79,623            |
| Betalings vir kapitale bates               | <b>22,502</b>                     | <b>485,413</b>    | -             | <b>25,807</b>  | -              | -             | <b>37,457</b>  | <b>299</b>     | <b>571,481</b>    |
| Geboue en ander vaste strukture            | -                                 | 464,302           | -             | 21,029         | -              | -             | 37,457         | -              | 522,788           |
| Nuwe geboue                                | -                                 | 337,013           | -             | 3,662          | -              | -             | 2,613          | -              | 343,288           |
| Ander vaste strukture                      | -                                 | 127,289           | -             | 17,367         | -              | -             | 34,844         | -              | 179,500           |
| Masjinerie en toerusting                   | <b>21,649</b>                     | <b>21,111</b>     | -             | <b>4,778</b>   | -              | -             | -              | <b>299</b>     | <b>47,837</b>     |
| Ander masjinerie en toerusting             | 21,649                            | 21,111            | -             | 4,778          | -              | -             | -              | 299            | 47,837            |
| Sagteware en ander ontasbare bates         | 856                               | -                 | -             | -              | -              | -             | -              | -              | 856               |
| <b>Groototaal</b>                          | <b>510,807</b>                    | <b>11,655,694</b> | <b>72,321</b> | <b>835,176</b> | <b>597,523</b> | <b>36,920</b> | <b>421,351</b> | <b>158,318</b> | <b>14,288,110</b> |

## 5.2 Program 2: Openbare skoolonderwys

### Doel

Om openbare gewone onderwys van Graad 1 tot 12 te voorsien, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 en die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997, soos gewysig.

### Die Gewone Skoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme<sup>4</sup>:

#### *Subprogram 2.1: Openbare Laerskole*

om spesifieke openbare gewone laerskole met die hulpbronne toe te rus wat vir Graad 1 tot 7 benodig word

#### *Subprogram 2.2: Openbare Sekondêre Skole*

om spesifieke openbare sekondêre gewone skole met die hulpbronne toe te rus wat vir Graad 8 tot 12 benodig word

#### *Subprogram 2.3: Professionele dienste*

om opvoeders en leerders by openbare gewone skole van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

#### *Subprogram 2.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare gewone skole

#### *Subprogram 2.5: Voorwaardelike toelaes*

- om deur die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) aan geïdentifiseerde behoeftige en honger leerders in openbare gewone skole van die minimum voedsel te voorsien wat hulle nodig sal hê om effektief op skool te leer
- om infrastruktuur by openbare skole te verskaf
- om tegniese skole te herkapitaliseer
- om ondersteuning aan Dinaledi-skole te verskaf

### Strategiese doelwitte

| Program 2: Strategiese doelwit  |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese doelwit 2.1:</b> | Om te verseker dat onderwysers deur middel van voortdurende professionele ontwikkeling toegerus is om te onderrig  |
| <b>Strategiese doelwit 2.2:</b> | Om te verseker dat uitkomst in geletterdheid en gesyferdheid verbeter deur die maksimum hulpbronne (menslike én finansiële) vir die eerste drie jaar van skoolonderwys aan te wend |
| <b>Strategiese doelwit 2.3:</b> | Om die uitstekende bestuur van skole te verseker   |

<sup>4</sup> Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor se templaats en is kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in program 2 is toegeken om die hoofbegroting van die WKOD te dek en sluit onderwysers se salarisse, infrastruktuur en verkrygingskoste en die skoolvoedingsprogram in.

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese doelwit 2.4:</b> | Om te verseker dat elke klaskamer teksryk is  |
| <b>Strategiese doelwit 2.5:</b> | Om geteikende maatreëls vir voeding, armoedeverligting en veiligheid te voorsien                    |
| <b>Strategiese doelwit 2.6:</b> | Om geprioritiseerde, kostedoeltreffende en effektiewe instandhouding van infrastruktuur te verseker |
| <b>Strategiese doelwit 2.7:</b> | Om te verseker dat skole en onderwysers by demografiese tendense inpas.                             |

## Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>5</sup>

### Inskrywing

| Jaar | Gr 1    | Gr 2   | Gr 3   | Gr 4   | Gr 5   | Gr 6   | Gr 7   | Gr 8   | Gr 9   | Gr 10  | Gr 11  | Gr 12  | Totaal  |
|------|---------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|---------|
| 2001 | 81 790  | 62 960 | 81 832 | 94 302 | 89 254 | 83 305 | 77 778 | 82 190 | 71 966 | 67 034 | 50 206 | 39 910 | 882 527 |
| 2002 | 86 969  | 77 026 | 64 134 | 83 022 | 93 188 | 86 786 | 80 865 | 75 601 | 80 450 | 69 752 | 51 618 | 40 468 | 889 879 |
| 2003 | 86 916  | 82 454 | 75 931 | 66 033 | 82 383 | 92 341 | 84 514 | 81 154 | 73 200 | 81 739 | 51 746 | 39 644 | 898 055 |
| 2004 | 104 105 | 82 130 | 81 489 | 76 781 | 66 060 | 82 574 | 89 614 | 85 053 | 78 964 | 80 756 | 54 199 | 39 451 | 921 176 |
| 2005 | 93 515  | 94 231 | 80 695 | 80 809 | 74 984 | 66 141 | 81 953 | 88 778 | 82 169 | 81 577 | 56 657 | 39 303 | 920 812 |
| 2006 | 87 650  | 85 972 | 89 828 | 80 443 | 77 811 | 73 106 | 65 347 | 78 926 | 80 595 | 83 529 | 57 536 | 40 198 | 900 941 |
| 2007 | 92 818  | 82 562 | 83 914 | 89 973 | 78 674 | 78 021 | 72 733 | 66 406 | 80 697 | 86 495 | 61 938 | 42 624 | 916 855 |
| 2008 | 91 853  | 83 267 | 79 454 | 85 891 | 87 116 | 78 290 | 76 146 | 71 410 | 72 914 | 79 133 | 63 819 | 43 470 | 912 763 |
| 2009 | 93 601  | 82 158 | 80 385 | 83 150 | 82 382 | 85 621 | 76 262 | 75 227 | 79 795 | 68 405 | 60 812 | 45 692 | 913 490 |
| 2010 | 98 086  | 83 046 | 79 155 | 84 234 | 80 290 | 81 402 | 82 777 | 75 426 | 85 114 | 70 630 | 53 799 | 44 876 | 918 835 |
| 2011 | 100 423 | 85 216 | 79 489 | 83 490 | 80 205 | 79 022 | 78 207 | 81 312 | 84 957 | 73 470 | 56 995 | 38 990 | 921 776 |
| 2012 | 103 444 | 88 536 | 81 415 | 83 922 | 79 900 | 78 384 | 76 432 | 77 561 | 90 815 | 72 714 | 58 758 | 43 111 | 934 992 |

*Databron: 2012: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone Skole buiten LSOB-eenheid se leerders).*

Die tabel dui aan dat daar nie eenvormige groei oor alle grade is nie. Die totale in Graad 11 en 12 toon tekens van beter behoud. Die historiese afname in getalle in Graad 11 en 12 word behandel deur meer aandag te skenk aan vakkeuses aan die einde van Graad 9, beter raad oor loopbaankeuses en -opsies te gee en akademiese ondersteuning op hoërskoolvlak te versterk.

Die hoër getalle in Graad 1 en 9 is 'n aanduiding dat 'n aantal leerders hierdie grade herhaal. Hierdie kwessies ontvang aandag en daar is spesiale intervensies om die druipeyfer te verminder. Inskrywingspatrone word beïnvloed deur die verandering wat in 2002 op nasionale vlak aangebring is met die beleid oor die toelatingsouderdom vir Graad 1, wat skole toegelaat het om slegs leerders toe te laat wat in die eerste skooljaar sewe word. Gevolglik was die Graad 1-inname laer as in vorige jare. Toe die ouderdomsvereiste vervolgens in 2004 gewysig is, met die aanvang van 'n verdere stipulasie, het inskrywings weer toegeneem. Die Graad 1 klas van 2004 het in 2011 hoërskool toe gegaan. Dit verklaar die afname in totale registrasie by laerskole en die toename by hoërskole. Dit dra ook by tot die styging in die aantal Graad 9-leerders in 2012.

<sup>5</sup> Let daarop dat die onderwyssektor se templaar vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

In-migrasie na die provinsie bly die mees beduidende bydraer tot inskrywingsyfers en die verwante keuses van gebiede waar mense gaan woon veroorsaak voortdurende druk op akkommodasie in ontwikkelende gebiede. Daar was in 2012 meer as 18 000 leerders wat vir die eerste keer op SOBIS geregistreer het (buiten Graad 1-leerders)

### Ondersteuning verskaf

*Norme en standaarde, geen-fooi-skole en fooivrystellingsprogram*

Die fondse wat gebruik word om opvoedkundige uitgawes te dek, die norme-en-standaarde-toekennings vir skole, word geweeg sodat skole in die meer behoeftige gemeenskappe meer fondse ontvang. Hierdie bedrag het in 2012/13 soos volg gestyg:

| Nasionaal     | Aantal skole       | 2011 bedrag in rand per leerder | 2012 bedrag in rand per leerder |
|---------------|--------------------|---------------------------------|---------------------------------|
| NK 1          | 314                | 905                             | 960                             |
| NK 2          | 164                | 829                             | 880                             |
| NK 3          | 191                | 829                             | 880                             |
| NK 4          | <b>321</b>         | 455                             | 481                             |
| NK 5          | <b>454</b>         | 208                             | 213                             |
| <b>Totaal</b> | 1 444 <sup>6</sup> | <b>569 (gemiddeld)</b>          | <b>599 (gemiddeld)</b>          |

Alle diskresionêre strome van befondsing, soos die geen-fooi-skoolprogram en die toewysing van addisionele onderwysers na skole, word aangewend om historiese nadeel reg te stel en die impak van armoede te verlig. Die geen-fooi skoolbeleid is van toepassing op nasionale kwintiel 1, 2 en 3 en het 370 617 leerders bevoordeel, wat toegeneem het van 368 142 in 2011/12.

| Status van fooie     | Totale aantal skole |
|----------------------|---------------------|
| Geen fooie nie       | 672                 |
| Skoolgeld word gehef | <b>783</b>          |
| <b>Grooftotaal</b>   | 1 455               |

Skole in kwintiel 4 en 5 is in 2011 genooi om vir vergoeding aansoek te doen om te vergoed vir fooivrystellings vir leerders wat nie skoolgeld kan bekostig nie. 'n Totaal van 510 skole van 'n moontlike 773 het aansoek gedoen en 'n bedrag van R20,4m is aan daardie skole uitbetaal. Die aantal skole wat in 2012 aansoek gedoen het, het tot 652 gestyg en die bedrag wat aan skole betaal is om vir die vrystelling van skoolgeld te vergoed, was R30,1m.

### Voeding

Die *Nasionale Skoolvoedingsprogram* het daagliks vir 431 998 (426 707 in 2012) leerders van voedsame maaltye by 1 021 (1 015 in 2012) geteikende laerskole, spesiale skole en sekondêre skole voorsien. Werkwinkels is vir vrywillige voedselhanteerders gehou oor veilige en higiëniese voedsel en die veilige gebruik van gas, maaltydvoorbereiding en die grootte van porsies. Kursusse oor voedselproduksie is vir onderwysers, ouers en kinders aangebied.


<sup>6</sup> Nuwe skole word in die jaar wat hulle open, deur 'n verskillende bron befonds

## Toetsuitslae

### Primêre skoolonderwys: Graad 3, 6 en 9 Taal en Wiskunde in die Wes-Kaap

Die WKOD het vanaf 2002 tot 2009 in afwisselende jare taal- en wiskundetoetse vir Graad 3- en 6-leerders geadministreer om vordering te monitor en probleme te diagnoseer. Die WKOD het in 2010 vir die eerste keer alle leerders in Graad 3, 6 en 9 getoets om die stand van leer in taal en wiskunde in elke skool in die provinsie te bepaal. Dit was die eerste keer dat Graad 9-leerders getoets is. Die Graad 9-toets was 'n steekproef om 'n grondlyn vas te stel. Die WKOD het in 2011 die vlak van uitdaging in die toetse verhoog, veral in die taaltoetse, ten einde 'n nuwe minimum standaard vir die provinsie te stel. In die besonder is langer en meer komplekse tekste by die taaltoetse ingesluit.

Die toetspunte toon verbetering in al drie grade in albei vakke, met die grootste verbetering in Graad 3 Taal se toetspunte, vanaf 'n slaagkoers van 30.4% in 2011 tot een van 38.9% in 2012.



Die uitslae van die 2012-toetse is in Januarie 2013 aan skole voorsien en is aangewend om die skoolverbeteringsplanne en teikens vir 2013 in te lig.

| WKOD Graad 3, 6 & 9 Sistemiese Uitslae 2012 |              |               |             |             |             |             |
|---|--------------|---------------|-------------|-------------|-------------|-------------|
| Openbare gewone skole                       |              |               |             |             |             |             |
|   | Graad 3      |               | Graad 6     |             | Graad 9     |             |
|   | Gesyferdheid | Geletterdheid | Wiskunde    | Taal        | Wiskunde    | Taal        |
| <b>Geskryf</b>                              | 77 621       | 717 623       | 74 422      | 74 407      | 78 825      | 78 677      |
| <b>Geslaag</b>                              | 39 975       | 30 195        | 19 647      | 27 456      | 10 957      | 37 922      |
| <b>Slaag %</b>                              | <b>51.5</b>  | <b>38.9</b>   | <b>26.4</b> | <b>36.9</b> | <b>13.9</b> | <b>48.2</b> |
| <b>Gemiddeld</b>                            | <b>48.9</b>  | <b>43.7</b>   | <b>39.5</b> | <b>45.1</b> | <b>29.2</b> | <b>50.7</b> |

## Nasionale Senior Sertifikaat

2012 was die vyfde jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen. Baie ondersteuning is aan Wes-Kaapse skole voorsien. Die Wes-Kaap het 'n slaagkoers van 82.8% behaal. In 2012 was daar 4 712 meer kandidate wat geslaag het as in 2011 en 1 104 meer wat toegang tot 'n B-graad verwerf het. Die slaagkoers vir Wiskunde het tot 73.5% gestyg, 'n verbetering vanaf 68.7% in 2011. Vir Natuurwetenskap was die 2012 slaagkoers 70.9%, 'n verbetering op die 2011 syfer van 65.3%.

| WKOD Vergelykende NSS-uitslae 2009 – 2012 |         |         |           |                     |                       |                           |
|---|---------|---------|-----------|---------------------|-----------------------|---------------------------|
| Jaar                                      | Geskryf | Geslaag | % Geslaag | Toegang tot B-graad | % Toegang tot B-graad | Skole met slaagkoers <60% |
| 2009                                      | 44 931  | 34 017  | 75.7      | 14 324              | 31.9                  | 85                        |
| 2010                                      | 45 783  | 35 139  | 76.8      | 14 414              | 31.5                  | 78                        |
| 2011                                      | 39 988  | 33 146  | 82.9      | 15 215              | 38.1                  | 30                        |
| 2012                                      | 44 700  | 36 992  | 82.8      | 16 319              | 36.5                  | 26                        |

### Jaarlikse Nasionale Assessering

Die 2012 Jaarlikse Nasionale Assesserings is deur 605 322 leerders in Graad 1 – 6 en Graad 9 geskryf. Dit was die eerste jaar dat die volle groep Graad 9-leerders getoets is. Alle openbare gewone skole en 57 onafhanklike skole in die Wes-Kaap was by hierdie nasionale assessering betrokke.

Al die toetse is in 2012 op skoolvlak onder toesig van die skoolbestuurspan nagesien. Om te verseker dat nasiening in alle skole in die provinsie konsekwent is, is 'n monster van drie vraestelle per klas per skool vir Graad 3, 6 en 9 by vyf nasiensentrums in die Wes-Kaap hersien.

Die uitslae van die 2012 toetse is in Januarie 2013 aan skole deur die Gesentraliseerde Onderwysbestuurinligtingstelsel (GOBIS) vrygestel. Elke skool het hul eie uitslae, die uitslae van die kring, die onderwysdistrik en die provinsie ontvang. Die uitslae, tesame met die provinsiale toetsprogram, help om probleme te diagnoseer en vordering in Tale en Wiskunde in skole te monitor. Die toetsprogram versterk die klem op aanspreeklikheid, asook op die behoefte om gehalte-onderdig te voorsien wat gehalte-leer tot gevolg het.

|         | WKOD 2011 Taal | WKOD 2012 Taal | Nasionaal 2012 Huistaal | WKOD 2011 Wiskunde | WKOD 2012 Wiskunde | Nasionaal 2012 Wiskunde |
|---------|----------------|----------------|-------------------------|--------------------|--------------------|-------------------------|
| Graad 1 | 67             | 61             | 58                      | 66                 | 70                 | 68                      |
| Graad 2 | 55             | 60             | 55                      | 58                 | 62                 | 57                      |
| Graad 3 | 46             | 57             | 52                      | 36                 | 47                 | 41                      |
| Graad 4 | 42             | 55             | 43                      | 35                 | 46                 | 37                      |
| Graad 5 | 39             | 51             | 40                      | 35                 | 39                 | 30                      |
| Graad 6 | 43             | 50             | 43                      | 41                 | 33                 | 27                      |
| Graad 9 | NvT            | 48             | 43                      | NvT                | 17                 | 13                      |



## Onderwyserontwikkeling

Volgehoue, professionele onderwyserontwikkeling in die WKOD bly 'n sleutelfokus.

### Onderwysers

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* is in die *Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring* (KABV) verfyn en herverpak. Die KABV spesifiseer vir elke vak die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, Leer-en- Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat benodig word en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die voordeel hiervan is dat alle vereistes in een dokument vervat is. Die belangrikste veranderinge wat volgens die KABV moet plaasvind, is dat daar minder administratiewe las vir onderwysers, duideliker spesifikasies van vakinhoud en sterker onderrig- en assesseringsmetodes moet wees.

Die WKOD het in 2012 onderwysers in Graad 4 – 6 en Graad 11 opgelei vir die bekendstelling van die KABV in 2013. Dit het die vorm van 3-dae opleidingsprogramme in die vakansies vir alle betrokke onderwysers aangeneem.

Die WKOD het in 2009 'n 8-jaar opleiding- en ondersteuningsplan geloods om die ontwikkeling van Taal en Wiskunde te ondersteun. Hierdie program, wat deur deskundige diensverskaffers vir onderwysers in Graad 1 – 6 aangebied word, is soos volg:

|   |  |
|---|--|
| Jaar 1 (2009): eerste 250 skole   | Groep 1 (125 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Groep 2 (125 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole)<br>Lesers en LOOM (250 skole) |
| Jaar 2 (2010): eerste 250 skole in 'n tweede jaar van opleiding   | Groep 1 (125 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Groep 2 (125 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole)<br>Lesers en LOOM (250 skole) |
| Jaar 3 (2011): tweede 250 skole – in praktyk was dit 258 skole  | Groep 3 (129 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Groep 4 (129 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Skoolgebaseerde ondersteuning (258 skole)<br>Lesers en LOOM (258 skole) |
| Jaar 4 (2012): tweede 258 skole in 'n tweede jaar van opleiding   | Groep 3 (129 skole) <i>Geletterdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Groep 4 (129 skole) <i>Gesyferdheid</i> -opleiding in Junie-vakansie<br>Skoolgebaseerde ondersteuning (258 skole)<br>Lesers en LOOM (258 skole) |
| Hierdie patroon sal <i>herhaal</i> word vir jare 5 tot 8, m.a.w. tussen 2013 en 2016, sodat alle laerskole binne 'n tydperk van 8 jaar opgelei en ondersteun word met lees-kemas en -materiaal. |  |

Die taal- en wiskunde-program het in 2012 aan 258 laerskole intensiewe opleiding en terreingebaseerde ondersteuning vir onderwysers van Graad 1-6 voorsien.

Indiensopleiding en ontwikkeling is ook deur die KOLI aangebied. 23 opleidingskursusse is aangebied vir onderwysers in die grondslag-, intermediêre en senior fase: 1 001 onderwysers het gedurende die oorsigjaar hierdie een-, twee- of drie-weke kurrikulumkursusse bygewoon. 466 lede van skoolbestuurspanne het opleiding ondergaan in die elf bestuurskursusse wat in hierdie tydperk aangebied is. Nege kursusse in lewenswetenskap, natuurwetenskap en wiskunde is aangebied. 303 opvoeders het hierdie een-dag kursusse bygewoon. Daar was in die finansiële jaar altesaam 2 503 begunstigdes van KOLI-kursusse of seminare.

#### *Skoolhoofde*

Die fokus was hierdie jaar op die ontwikkeling en ondersteuning van skoolbestuurders wat onervare was, ekstra mentorskap nodig gehad het of wat gretig was om verdere professionele ontwikkeling te ondergaan. Kursusse vir skoolbestuurders, gefokus op onderwerpe soos: rolle en verantwoordelikhede van adjunk-skoolhoofde, rolle en verantwoordelikhede van departementshoofde, aspirant-skoolhoofde, aspirant-skoolleiers, induksie van nuutaangestelde skoolhoofde, opleiding van skoolbestuurspanne en vroue in en na bestuurs- en leierskapposities.

Die ekwivalent van 1% van die WKOD se betaalstaat word aangewend om die vaardighede en bevoegdheid van alle WKOD-werknemers te verbeter. Die vaardigheidsvlakke van onderwysers en staatsdiensamptenare word dus bykomend deur verskeie ontwikkelingsintervensies deur die werkplekvaardigheidsprogram (WVP) behandel.

#### *Geakkrediteerde kwalifikasies*

Geteikende formele kursusse in die vorm van die Gevorderde Sertifikaat in Onderwys (ACE) wat op skoolleierskap fokus, is by hoër opvoedkundige instellings aangebied. Hierdie kursusse word deur die WKOD befonds in 'n poging om die gehalte van leierskap en bestuur en skole te verbeter. Daar was in 2012/13 'n totaal van 373 begunstigdes.

Ten einde die aantal gekwalifiseerde wiskunde- en wetenskaponderwysers te verhoog, het die WKOD 168 voor-diens beurse as 'n fokus vir 2012/13 soos volg toegeken: Grondslagfase: 88; Intermediêre fase: 30; VOO: 35; Nagraadse Sertifikaat van Onderwys: 8; Baccalaureus van Wetenskap: 7.

### **Ander ondersteuning verskaf**

#### *Tekste, insluitend werkboeke*

Die nasionale Departement van Basiese Onderwys het in 2012 soos volg werkboeke verskaf:

| <b>Werkboeke verskaf</b>  | <b>Graad</b>                    |
|---|---------------------------------|
| Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Wiskunde en Lewensvaardighede | Grondslagfase (Graad R – 3)     |
| Wiskunde, Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal                    | Intermediêre Fase (Graad 4 – 6) |
| Wiskunde  | Senior Fase (Graad 7 – 9)       |

Die gebruik van handboeke is deur WKOD-amptenare ondersteun en gemonitor en in die skoolverbeteringsplanne nagespoor.

Die WKOD beoog om 'n KABV-aangepaste handboek per leerder per vak te voorsien om gehalte-onderdig en leer te ondersteun. Toegewese fondse word dus hiervoor opsy gesit, benewens die norme-en-standaarde-fondse wat jaarliks toegeken word.

Die WKOD het in 2012/13 'n bedrag van R144 miljoen in handboeke, onderwyserriglyne en kernlesers belê om die implementering van KABV in die Intermediêre Fase (Graad 4 – 6) en Graad 11 te ondersteun. Die WKOD het aan elke leerder in Graad 5 tot 6 'n handboek vir elk van die ses vakke en sewe handboeke vir elke Graad 11-leerder voorsien. Weens die hersiening van die Intermediêre Fase KABV-dokument vir Natuur-wetenskap en Tegnologie, is geen handboeke vir dié vak in die nasionale katalogus geïdentifiseer nie. Die DBO het elke leerder in Graad 4 tot 6 van 'n werkboek vir NW/T voorsien. Die WKOD het leerders in Graad 4 tot 6 van 'n kernleser vir Huistaal voorsien.

Die WKOD se riglyne vir norme en standarde stel voor dat 50% van die totale hulpbrontoekenning vir die aankoop van LOOM aangewend moet word, waarvan 10% vir biblioteekmateriaal bestem moet wees. Die riglyne stipuleer verder dat elke leerder 'n handboek vir elke vak moet hê en dat die voorraad van skoolbiblioteekmateriaal jaarliks aangevul moet word totdat die totale aantal items die minimum internasionale standaard van 10 items per leerder reflekteer.

Die verskaffing van boeke word ondersteun deur die beleid oor boekretensie wat in November 2010 ingestel is om te verseker dat leerders hulle boeke aan die einde van die akademiese jaar inhandig sodat die boeke jaarliks hergebruik kan word.

SOBIS is in 2012 aangewend om skole se bestellings vir handboeke vir die verwagte handboekbestellings vir die volgende jaar in te vorder. Hierdie geoutomatiseerde proses het doeltreffendheid ten opsigte van tyd, arbeid en koste, aanlyn-monitering van vordering en fasilitering van verslagdoening moontlik gemaak. Daarbenewens het die WKOD in 2012/13 R6 miljoen aan biblioteekmateriaal vir skoolbiblioteke by 110 Xhosa-medium laerskole in kwintiel 1, 2 en 3 bestee en het monitering- en ander meganismes in plek gestel om te verseker dat hierdie hulpbronne benut word.

#### *Wiskunde en Fisika*

Die Strategie vir Wiskunde en Natuurwetenskap, wat in 2011 geïnisieer is, is in 2012 uitgebrei en versterk. Die strategie het vyf aandrywers: *Skole* (insluitend die herkeuring van skole vir die nasionale Dinaledi-program, opstel van "aansporing"-skole en kategorisering van alle skole ingevolge hulle vakinskrywings om gefokusde intervensies en genuanseerde distriksondersteuning moontlik te maak; *Ondersteuning en Ontwikkeling van Onderwysers* (sluit onderwyseropleiding en -ondersteuning, in-klas monitering en die werwing en ontplooiing van onderwysers in); *Hulpbronne en Ondersteuning* (sluit alle hulpbronne soos toerusting, LOOM, IKT en e-leermateriaal en -ondersteuning in); *Leerders* (sluit leerderondersteuning in, bv. telematikaprogramme, olimpiades, voorbeeld-eksamenvraestelle, wenke, ekstra lesse, blootstelling aan wiskunde en wetenskap in industrie en die wêreld) en *Monitering, Evaluering en Voorspraak*.

### *Liggaamlike Opvoeding*

Liggaamlike Opvoeding het as 'n belangrike kenmerk van die KABV onder die kollig gekom. Die WKOD het 'n proaktiewe strategie gebruik om onderwysers by te staan deur hulle van 'n omvattende handboek oor liggaamlike opvoeding te voorsien. Die handboek is geïllustreer, met 'n 40-week lesplan vir Graad 1 tot 9, tesame met 'n visuele DVD wat aandui hoe om 'n les in liggaamlike opvoeding aan te bied. Dit is gedurende die 2010/11 finansiële jaar aan alle openbare gewone laerskole en hoërskole in die provinsie versprei. Leieronderwysers en kenners in liggaamlike opvoeding ondersteun die uitrol van liggaamlike opvoeding in die provinsie. 53 kurrikulumadviseurs in die grondslagfase en 120 leieronderwysers in die grondslagfase is vir drie dae in Maart 2012 opgelei. 'n Soortgelyke proses sal gevolg word om liggaamlike opvoeding in die intermediêre en senior fase volgens die KABV-implementeringstrategie te aktiveer. 'n Vennootskap is vir hierdie doel tussen die WKOD en die Departement van Kulturele Sake en Sport (DCAS) aangegaan om die implementering van liggaamlike opvoeding te bevorder in skole waar dit nie bestaan nie. Die DCAS het onderneem om 46 onderwyser-assistente in liggaamlike opvoeding te befonds om die implementering van liggaamlike opvoeding in 'n paar skole wat addisionele bystand nodig het, te ondersteun. Hierdie skole het ook toerusting ter ondersteuning van liggaamlike opvoeding ontvang. Benewens laasgenoemde het die skoolverrykingsprogram van die WKOD liggaamlike opvoeding-toerusting aan 80 benadeelde skole in die provinsie gelewer.

### *Hoërskoolprogram*

Die Hoërskoolprogram poog om die aantal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat slaag, te verhoog en die aantal onderpresterende skole te verlaag. Die Hoërskoolprogram bestaan uit 'n gedifferensieerde benadering tot alle hoërskole in die provinsie. Daar was lae-intensiteit ondersteuning vir die skole waar meer as 90% van die leerders in die vorige jaar geslaag het; medium-intensiteit ondersteuning en 'n vak-spesifieke fokus vir skole wat 'n slaagkoers van 60% - 89% behaal het; en 'n hoë-intensiteit en hele-skool fokus vir die skole waar minder as 60% van die leerders geslaag het.

Die WKOD, tesame met die betrokke skole, het in Januarie 2012 en weer in 2013 die uitslae van elke skool per vak en per vraestel ontleed. Skool-spesifieke planne, met teikens, is op grond van hierdie ontledings gestel. Teikens per skool en per distrik is gestel vir slaagsyfers en vir die aantal leerders wat toegang tot B-graad-studies behaal. Spesifieke ondersteuning word aan leerders met 'n hoë risiko voorsien.

'n 2013-innovasie was die ontwerp van 'n algemene templaot vir die Distriksverbeteringsplanne, met 'n fokus op die verlaging van die druipsyfer in Graad 1 en 9 ('n voortsetting van die fokus wat in 2012 ingestel is) en verbeterde deursette vir Graad 11. Skole wat sleg gevaar het in vakke met baie inskrywings, is vir vak-spesifieke ondersteuning geïdentifiseer.

'n Tutoriale program, waar vaardige onderwysers gebruik word, word van binne en buite die WKOD aangebied. Telematikalesse is in 2012 na 147 skole uitgesaai en intensiewe ondersteuning is deur kurrikulumadviseurs verskaf aan die skole wat onder die provinsiale gemiddelde vir hoë-inskrywing vakke presteer het. 'n Boek met studiewenke en 'n pak eksamenvraestelle is aan elke Graad 12-leerder voorsien. Die program is vanaf die begin van 2012 uitgebrei om alle grade by hoërskole in te sluit en om te fokus op 'n stel kriteria wat meer as die Graad 12-slaagkoers behels.

### *Beplanning*

Die WKOD het voortgegaan met sy uitdruklike voorneme om onderwysers aktief te ondersteun op gebiede wat deur die onderwysers self geïdentifiseer is. Die oogmerk is om die druk op onderwysers te verlig, wat administratiewe werk asook die bywoning van werkwinkels en vergaderings betref. Beplanningskalenders met belangrike datums, onder andere die begin en einde van eksamens en ander administratiewe spertye, is weer in 2012 aan skole gestuur om hulle te help met vooruitbeplanning vir 2013. Na afloop van 'n omvattende keuringsproses, is provinsiale toekennings vir toponderwysers gemaak. Hierdie toekennings gee erkenning vir prestasie en innovasie. Vier Wes-Kaapse onderwysers het by die nasionale onderwystoekennings, wat vroeg in 2013 gehou is, topposisies behaal.

### *SBL-verkiesings*

Daar was in 2012 'n deelname van 100% en afhandeling van SBL-verkiesings deur alle WKOD-skole. 'n Induksieprogram is vir alle SBL-lede saamgestel. Opleiding in finansiële bestuur en die keuring en werwing van bevoegde personeel op alle vlakke is aangebied. Aandag is geskenk aan die verskeidenheid rolle en verantwoordelikhede van SBL-lede. Dit sluit ondersteuning aan skoolhoofde in, asook om teikens vir die verbetering van skoolprestasie te stel en die nakoming van dissipline in skole te bevorder deur die veiligheid van leerders en personeel by die skool te verseker. 'n Ondersteuningshulpmiddel vir skoolbeheerliggame is aan alle skole gestuur om SBL'e met selfevaluering by te staan.

Die hersiening van die institusionele bestuur- en korporatiewe beheerfunksie in distrikte teenoor die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA) het die behoefte aan gefokusde koördinerende funksie aan die lig gebring. Die 100 Skole-projek (inspeksie van finansiële praktyke) is in 2012 voltooi en 81 skole ontvang tans opleiding in finansiële bestuur. Distriksgebaseerde IBB-bestuurders het met voorsitters van SBL'e byeengekom om die omvang te bepaal van hoe SBL'e hulle skole in lyn met artikel 20 en 21 van die SASA ondersteun. Hierdie reëling sal in die nuwe jaar voortduur.

### *Veilige skole*

Die Veilige Skole-program het 'n drieledige strategie (i) Voorsiening van die belangrikste meganismes vir sekuriteit; (ii) Programme om verandering in gedrag en gesindheid te ondersteun; en (iii) programme wat heelskool-benaderings en die bou van netwerke met toepaslike agentskappe insluit om met die skepping van veilige skoolomgewings behulpsaam te wees.

Die WKOD bedryf 'n Veilige Skole-inbelsentrum, waar verskeie kwessies aangaande skoolgebaseerde misdaad en geweld gerapporteer kan word en waar berading gebied word aan enigeen wat geaffekteer of getraumatiseer is. Die Veilige Skole-inbelsentrum dien as 'n inligtingstelsel om data regoor die provinsie in te samel en ontleed en voorsien ondersteuning aan skole en slagoffers van misdaad en geweld in die skoolomgewing.

Die Veilige Skole-inbelsentrum dokumenteer alle gevalle. Die statistieke word gebruik om voorkoming, intervensie en reaktiewe strategieë te verskaf, waar nodig. Die sentrum bied aanlyn-ontlonting aan kliënte en verwys hulle na toepaslike agentskappe, waar nodig. Dit verskaf inligting aan kliënte ten opsigte van dienste in kriminele geregtigheid en inligting ten opsigte van beleide en riglyne aan skoolhoofde, opvoeders, SBL-lede, leerders en ouers. Die Veilige Skole-inbelsentrum het gedurende die tydperk 1 Januarie 2012 tot Desember 2012 'n totaal van 14 209 oproepe ontvang. Dit het 3 358 oproepe hanteer wat verdere opvolg en ondersteuning nodig gehad het. Maandelikse en kwartaallikse statistieke word aan distrikte voorsien sodat intervensies op problematiese gebiede gefokus kan word.

Bykomend tot die Veilige Skole-inbelsentrum en bevordering van veiligheid-infrastruktuur, bied die WKOD opvoedkundige programme om positiewe aktiwiteite soos sport, kuns, drama en inligting oor toekomstige loopbane aan te moedig. Die programme fokus op veranderinge in gedrag en ingesteldheid; kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur, en bemiddelingsopleiding. Veiligheidsveldwerkers word in diens geneem om skole met skoolveiligheidskomitees en skoolveiligheidsplanne te ondersteun; ondersteunings- en/of voorkomende programme te vestig; en om as positiewe rolmodelle en mentors by 109 hoë-risiko skole op te tree.

Veiligheidsveldwerkers volg leerders op wat stokkiesdraai en assessee leerderprobleme. Hulle bied mentorskap en afrigting aan leerders wat 'n risiko loop en verseker dat hulle toegang kry tot dienste wat hulle nodig het. Veiligheidsveldwerkers fasiliteer die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram. Hierdie projek poog om positiewe houdings en gedrag te versterk deur die aanmoediging van leerders onder risiko om toepaslike opvoedkundige strukture by te woon en vaardighede te ontwikkel om gemeenskapsprojekte te implementeer.

Vyftig nuwe skole het belangrike sekuriteitsinfrastruktuur ontvang (gemotoriseerde hekke; voetgangermoniteringhekke; alarmstelsels gekoppel aan gewapende reaksie; doringdraad en maasdraad; diefwering) en het gebaat by die opleiding van eweknie-bemiddelaars. Heinings by hoë-risiko-skole is herstel; kringteleviesiekameras is by geselekteerde skole geïnstalleer en vakansiesekuriteit is voorsien, waar nodig. Opleiding in beroepsgesondheid en -veiligheid en rampbestuur is aangebied, asook opleiding in die beleid oor dwelmtoetsing. Goedgekeurde dwelmtoetstoestelle is in hoë-risiko gevalle verskaf, tesame met deursoeking en beslaglegging en die voorsiening van hand-metaalverklidders by 50 ekstra geselekteerde skole. Daar is ook distrik-misdadaadvoorkomingsplanne en vennootskappe met ander regerings-departemente en NRO's.

As deel van die benadering van die Wes-Kaapse Regering om anti-sosiale gedrag te voorkom en alternatiewe geleenthede aan die jeug te bied, het die Departement van Kultuursake en Sport (DCAS) Sport MOD-sentra (massadeelname, toegang tot geleenthede en ontwikkeling) by 181 skole oor die agt onderwysdistrikte ingestel. 98 van hierdie sentrums is in 2011 by laerskole ingestel. Die programme word na skool aangebied en verskaf aan leerders die geleentheid om sport te beoefen en aan ander verrykingsaktiwiteite deel te neem. Beide die Veilige Skole- en Skoolverrykingsprogram van die WKOD is tot die MOD-sentra verbind. Die WKOD het by ses van hierdie instellings dans bekendgestel en ses dansafrigters en ses musiekstelsels voorsien. 745 leerders is deur hierdie inisiatief bevoordeel. Naburige skole wat nie deel van die program vorm nie, word ook genooi om by die naskoolse program by hierdie sentrums aan te sluit. 'n Loodsprogram sal by 32 van die MOD-sentrums uitgevoer word. Die sentrums sal spesifieke ondersteuning ontvang en daar sal 'n studie oor die impak van die naskoolse program op die opvoeding van die leerders by die skool gedoen word. Die lesse wat geleer word, sal in ander sentrums en skole herhaal word. Die WKOD monitor die institusionalisering van die naskoolse program-inisiatief.

#### *Infrastruktuur*

Die infrastruktuurplan vir die Mediumtermyn-Uitgaweraamwerk (MTUR) vanaf 2010 – 2013 het die volgende areas vir ontwikkeling geïdentifiseer:

- Gebruik van onderbenutte klaskamers in bestaande skole
- Bou van nuwe klaskamers by bestaande skole om oorbevolking te verlig
- Bou van nuwe skole, insluitende spesiale skole, om druk op akkommodasie te verlig
- Vervanging van bestaande skole of klaskamers wat met ongepaste materiaal gebou is
- Onderhoud en herstelwerk
- Voorsiening van Graad R-klaskamers
- Optimalisering van die gebruik van koshuise

Daarbenewens bly die voorsiening en benutting van mobiele klaskamers noodsaaklik om akkommodasie vir dringende en ongeskeduleerde behoeftes te verskaf.

Ten spyte van die bouprogram hierbo uiteengesit, plaas die voortgesette groei in leerdergetalle druk op die stelsel. In 2013 is 50 941 leerders daagliks na en van die skool vervoer, wat 415 meer is as die 50 526 wat in 2012 vervoer is.

| BT201  |                              |                         |                              |                                     |  |
|--|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|--|
|  | Werklike prestasie 2011/2012 | Beplande teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking  |
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>  |                              |                         |                              |                                     |  |
| ▶ PPM201: Aantal leerders in openbare gewone skole ingeskryf                                 | 921 776                      | 935 500                 | 936 534                      | 1 034                               | Inskrywing word deur 'n aantal veranderlikes beïnvloed, insluitend in-migrasie en verbeterde deurset. Die toename van 15 000 leerders oor die vorige jaar is beduidend en dus is die verandering slegs baie gering.  |
| ▶ PPM202: Aantal opvoeders in diens by openbare gewone skole                                 | 28 842                       | 28 800                  | 28 636                       | -164                                | Poste is in die vorige jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefte, die toename in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike syfer gehad. Afwykings kan ook toegeskryf word aan bedankings, beëindiging van kontrakte, aanstellings, bevorderings en oorplasing. |
| ▶ PPM203: Aantal nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare gewone skole               | 6 470                        | 6 700                   | 6 556                        | -144                                | Plasing van oortollige personeel as gevolg van die implementering van norme en standaarde gedurende 2011, moes afgehandel word voordat vakante poste geadverteer kon word.   |
| ▶ PPM204: Aantal leerders in openbare gewone skole wat by die "Geen-fooi-skool"- beleid baat | 366 259                      | 366 259                 | 370 617                      | 4 358                               | Die aantal leerders het toegeneem as gevolg van 'n toename in inskrywings by die betrokke skole. Die totale aantal begunstigdes hang af van inskrywings by die kwalifiserende skole in kwintiel 1 tot 3.   |
| ▶ PPM205: Aantal openbare gewone skole wat van watertoevoer voorsien moet word               | 0                            | 0                       | 0                            | 0                                   | Aangesien die definisie van hierdie maatreël verwys na die voorsiening van water aan skole wat nie enige watertoevoer het nie en alle skole in die Wes-Kaap watertoevoer het, het die WKOD 'n "zero"-teiken vir hierdie maatreël gestel.   |



| BT201  |                              |                        |                              |                                     |   |
|--|------------------------------|------------------------|------------------------------|-------------------------------------|---|
|  | Werklike prestasie 2011/2012 | Bepande teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking   |
| ▶ PPM206: Aantal openbare gewone skole wat van kragtoevoer voorsien moet word      | 0                            | 0                      | 0                            | 0                                   | Aangesien die definisie van hierdie maatreël verwys na die voorsiening van elektrisiteit aan skole wat nie enige kragtoevoer het nie en alle skole in die Wes-Kaap 'n kragtoevoer het, het die WKOD 'n "zero"-teiken vir hierdie maatreël gestel.   |
| ▶ PPM207: Aantal openbare gewone skole wat van sanitasiegeriewe voorsien moet word | 0                            | 0                      | 0                            | 0                                   | Aangesien die definisie van hierdie maatreël verwys na die voorsiening van sanitasie aan skole wat nie enige sanitasiegeriewe het nie en alle skole in die Wes-Kaap sanitasiegeriewe het, het die WKOD 'n "zero"-teiken vir hierdie maatreël gestel.  |
| ▶ PPM208: Aantal klaskamers wat in openbare gewone skole gebou moet word           | 453                          | 592                    | 293                          | -299                                | Een projek is gekanselleer (Nalikamva); een projek is vertraag weens die skoolterrein wat deur 'n taxi-organisasie gebruik word, asook probleme met verhoudinge met die gemeenskap (Vuyiseka); twee skole is vertraag as gevolg van beperkinge op die verkryging van die terrein en kwessies met munisipale goedkeuring (Concordia Laerskool en Hoërskool). Ander skole is as gevolg van kapasiteitsprobleme aan die kant van die implementeringsagente vertraag. Gemeenskapsontwrigtings is aan die aanstelling van Gemeenskapskakeelbeamptes gekoppel. Ander ophoude is gekoppel aan die verskaffing van mobiele eenhede om leerders te akkommodeer tydens boubedrywighede en geskille tussen mededingende kontrakteurs, wat 'n uitgebreide tendertydperk tot gevolg gehad het. |

| BT201   |                              |                         |                              |                                     |  |
|---|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|--|
|   | Werklike prestasie 2011/2012 | Bepaalde teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking  |
| ► PPM209: Aantal spesialiskamers wat in openbare gewone skole gebou moet word (alle kamers buiten klaskamers – sluit in: laboratoriums, voorraadkamers, siekeboeg, kombuis, ens.) | 328                          | 235                     | 95                           | -140                                | Die afwyking is gekoppel aan die nie-lewering van skole en klaskamers wat onder PPM 208 hierbo opgeteken is.   |
| ► PPM210: Aantal leerders met spesiale onderwysbehoefte wat by openbare gewone skole ingeskryf is   | 6 973                        | 7 500                   | 6 204                        | -1 296                              | Die afname in die inskrywingsyfer is as gevolg van 'n voortdurende data-opruimingsoefening. Openbare gewone skole het voorheen 'n reeks leerders volgens hul eie definisie as leerders met spesiale onderwysbehoefte opgeteken. Hierdie aangeleentheid is met die betrokke personeel van die onderwysdistrik bespreek en prosedures is ingestel om te verseker dat akkurate data by skole volgens die ooreengekome definisies opgeteken word.  |
| ► PPM211: Aantal volle-diens-skole <sup>7</sup>   | 11                           | 10                      | 10                           | 0                                   |  |
| ► PPM212: Aantal skole wat ten minste een keer per kwartaal deur 'n kringbestuurder besoek word   | 1 514                        | 1 526                   | 1 524                        | -2                                  | Die algehele jaarlikse aantal skole wat nie ten minste een keer per kwartaal besoek is nie, is agt, waarvan drie hospitaalskole insluit. In gevalle waar daar vakatures bestaan het, of waar bestuurders vir lang tydperke weens swak gesondheid afwesig was, is alternatiewe reëlins getref en ander amptenare het die besoeke afgelê. In die geval van skole vir leerders met spesiale behoeftes, is sommige besoeke afgelê deur gekwalifiseerde spesialiste op daardie gebied. Sekere skoolbestuurspanne het aan die einde van die skooljaar met die IMG-bestuurder by 'n sentrale lokaal vergader om die proses van leerderbevordering af te handel. |

- <sup>7</sup> Dit verwys na die aantal skole wat in die gegewe jaar gestig sal word

| <b>Programprestasie-aanwysers (provinsiaal)</b>  |        |     |        |      |   |
|--|--------|-----|--------|------|---|
| PPA 2.1 Leerders in die skoolstelsel behou vanaf Graad 10 – 12                                   | 57%    | 58% | 61%    | 3%   | Die teiken is oorskry, moontlik weens die program om leerderbehoud in Graad 9, 10 en 11 te ondersteun. Dit het beroepsvoortligting en die uitbreiding van die hoërskoolprogram na grade onder Graad 12 ingesluit. |
| PPA 2.2 Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid behaal het | 30.4%* | 33% | 38.90% | 5.9% | Teiken oorskry as gevolg van die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie en die motivering van skole om te verbeter. Dit is die beoogde gevolg van die toetsprogram en die intervensies wat onderneem word.       |
| PPA 2.3 Persentasie van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Gesyferdheid behaal het  | 47.2%  | 50% | 51.50% | 1.5% | Teiken oorskry as gevolg van die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie en die motivering van skole om te verbeter. Dit is die beoogde gevolg van die toetsprogram en die intervensies wat onderneem word.       |
| PPA 2.4 Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Geletterdheid behaal het | 31.5%* | 35% | 36.90% | 1.9% | Teiken oorskry as gevolg van die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie en die motivering van skole om te verbeter. Dit is die beoogde gevolg van die toetsprogram en die intervensies wat onderneem word.       |
| PPA 2.5 Persentasie van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Gesyferdheid behaal het  | 23.4%  | 25% | 26.40% | 1.4% | Teiken oorskry as gevolg van die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie en die motivering van skole om te verbeter. Dit is die beoogde gevolg van die toetsprogram en die intervensies wat onderneem word.       |
| PPA 2.6 Persentasie van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal het          | 44.2%  | 45% | 48.20% | 3.2% | Teiken oorskry as gevolg van die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie en die motivering van skole om te verbeter. Dit is die beoogde gevolg van die toetsprogram en die intervensies wat onderneem word.       |
| PPA 2.7 Persentasie van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal het      | 10.4%  | 12% | 13.90% | 1.9% | Teiken oorskry as gevolg van die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie en die motivering van skole om te verbeter. Dit is die beoogde gevolg van die toetsprogram en die intervensies wat onderneem word.       |

| <b>Programprestasie-aanwysers (provinsiaal)</b>  |        |        |        |        |  |
|--|--------|--------|--------|--------|--|
| PPA 2.8 Skole met 'n slaagkoers waar <60% slaag  | 30     | 20     | 26     | -6     | Die teiken is nie behaal nie, maar die verbetering van die vorige jaar, toe die aantal skole van 74 na 30 gedaal het, is grotendeels gehandhaaf en nog vier skole het 'n slaagkoers van >60% behaal as gevolg van die intensiewe ondersteuningsprogram wat elders in hierdie verslag uiteengesit word. |
| PPA 2.9 Nasionale Senior Sertifikaat-slaagkoers  | 82.9%  | 82%    | 82.80% | 0.8%   | Die teiken is oorskry as gevolg van die intensiewe ondersteuningsprogram wat elders in hierdie verslag uiteengesit word.   |
| PPA 2.10 Nasionale Senior Sertifikaat-slaagsyfer   | 33 146 | 39 000 | 36 992 | -2 008 | Die totale aantal suksesvolle leerders het met bykans 4 000 toegeneem. Na die hernasiening en aanvullende eksamenuitslae by die totale aantal ingereken is, het die slaagsyfer na 38 619 gegroei. Die teiken is dus uiteindelik met slegs 318 onderberek.  |
| PPA 2.11 Persentasie van leerders wat vir studies om 'n B-graad kwalifiseer  | 38.1%  | 36%    | 36.50% | 0.5%   | Die teiken is oorskry. Dit kan as gevolg van die intensiewe akademiese ondersteuningsprogram en teikenstelling volgens die Skoolverbeteringsplanne wees.   |
| PPA 2.12 Aantal leerders wat vir studies om 'n B-graad kwalifiseer   | 15 214 | 16 500 | 16 319 | -181   | Alhoewel die totaal van 2011 met 1 105 oorskry is, is die teiken wat in die Strategiese Plan gestel is, nie behaal nie.  |
| PPA 2.13 Aantal leerders wat Wiskunde in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens geslaag het   | 9 820  | 10 000 | 11 311 | 1 311  | Die teiken is oorskry. Dit kan as gevolg van die intensiewe akademiese ondersteuningsprogram en teikenstelling volgens die Skoolverbeteringsplanne wees.   |
| PPA 2.14 Aantal leerders wat Natuurwetenskap in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens geslaag het                                    | 7 137  | 7 200  | 7 995  | 795    | Die teiken is oorskry. Dit kan as gevolg van die intensiewe akademiese ondersteuningsprogram en teikenstelling volgens die Skoolverbeteringsplanne wees.   |
| PPA 2.15 Aantal addisionele skole wat beveilig is met alarms wat gekoppel is aan gewapende reaksie, diefwering en klipskerms op vensters | 50     | 50     | 50     | 0      | Geen.  |

| <b>Programprestasie-aanwysers (provinsiaal)</b>  |            |        |        |       |  |
|--|------------|--------|--------|-------|--|
| PPA 2.16 Aantal beurse aan verdienstelike studente toegeken vir vier jaar se formele studie aan HOI's <sup>8</sup> | 168        | 200    | 168    | -32   | Daar was 'n onvoldoende aantal toepaslik gekwalifiseerde aansoekers.   |
| PPA 2.17 Aantal leerders in openbare gewone skole wat by leerdervervoer baat                                       | 50 992     | 49 000 | 50 521 | 1 521 | Alle leerders wat vir vervoer in aanmerking kom, moet geakkommodeer word.  |
| PPA 2.18 Aantal opvoeders (in openbare diens) [Program 2: Openbare laerskole]                                      | 16 987     | 16 800 | 16 713 | -87   | Poste is in die vorige jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefte, die toename in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike syfer gehad. Afwykings kan ook toegeskryf word aan bedankings, beëindiging van kontrakte, aanstellings, bevorderings en oorplasing. |
| PPA 2.19 Aantal nie-opvoeders (in openbare diens) [Program 2: Openbare laerskole]                                  | 3 430      | 3 900  | 3 514  | -386  | Plasing van oortollige personeel as gevolg van die implementering van norme en standaarde gedurende 2011, moes afgehandel word voordat vakante poste geadverteer kon word.   |
| PPA 2.20 Aantal opvoeders (in openbare diens) [Program 2: Openbare laerskole]                                      | 10 209     | 10 200 | 10 243 | 43    | Poste is in die vorige jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefte, die toename in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike syfer gehad. Afwykings kan ook toegeskryf word aan bedankings, beëindiging van kontrakte, aanstellings, bevorderings en oorplasing. |
| PPA 2.21 Aantal nie-opvoeders (in openbare diens) [Program 2: Openbare laerskole]                                  | 2 337      | 2 700  | 2 439  | -261  | Plasing van oortollige personeel as gevolg van die implementering van norme en standaarde gedurende 2011, moes afgehandel word voordat vakante poste geadverteer kon word.   |
| PPA 2.22 Afwesigheid van opvoeders in openbare gewone skole as 'n % uitgedruk                                      | 3% (loods) | 4%     | 3%     | -1%   | Teiken oorskry – moontlik as gevolg van waaksaamheid in hierdie verband.   |
| PPA 2.23 Afwesigheid van leerders in openbare gewone skole as 'n % uitgedruk                                       | 4% (loods) | 8%     | 5.61%  | -2.4% | Teiken oorskry – moontlik as gevolg van waaksaamheid in hierdie verband.   |

<sup>8</sup> Let wel dat daar in die Jaarlikse Prestasieplan van 2012/13 twee PPA's met die nommer 2.16 was. Die nommering vir die aanwysers van 16 tot 25 is dus in hierdie verslag gewysig.

| <b>Programprestasie-aanwysers (provinsiaal)</b>   |       |       |     |        |   |
|---|-------|-------|-----|--------|---|
| PPA 2.24 Aantal onderwysers in Graad 1-6 wat formele geletterdheid- en gesyferdheidwerkwinkels by KOLI bywoon | 2 594 | 2 000 | 954 | -1 046 | 'n Aantal kursusse moes weens lae registrasiesyfers gekanselleer word. Hierdie laer syfer word toegeskryf aan die verpligte opleiding vir KABV en die onderwysers by die 258 skole op die Geletterdheid- en Gesyferdheidsprogram wat ook in die oorsigjaar opleiding ondergaan het.   |
| PPA 2.25 Aantal skoolbestuurspanlede by KOLI opgelei  | 672   | 1 150 | 724 | -426   | 'n Aantal kursusse moes weens lae registrasiesyfers gekanselleer word. Hierdie laer syfer word toegeskryf aan die verpligte opleiding vir KABV en die onderwysers by die 258 skole op die Geletterdheid- en Gesyferdheidsprogram wat ook in die oorsigjaar opleiding ondergaan het.   |
| PPA 2.26 Aantal onderhoudsprojekte voltooi  | 304   | 141   | 93  | -47    | Die totaal van 93 het 22 geskeduleerde oorrolprojekte ingesluit. 'n Verdere 21 oorrolprojekte is gedurende die jaar voltooi. 60 geskeduleerde projekte is nie teen die einde van die finansiële jaar afgehandel nie, aangesien die implementeringsagent kapasiteitsprobleme ervaar het en daar vertragings in die toekenning van kontrakte was. Al hierdie projekte is teen die einde van die eerste kwartaal van 2013/14 afgehandel. Daar was altesame 204 onderhoudsprojekte in die jaar onder oorsig, waarvan party noodonderhoudsprojekte, party ad hoc projekte en party omheiningsprojekte was. |

## Strategie om gebiede van onderprestasië op te los

- Gaan voort met hoërskoolprogram
- Gaan voort met provinsiale strategie om taal en wiskunde te verbeter
- Monitor die benutting van handboeke in klasse
- Onderneem geteikende opleiding van opvoeders
- Gaan voort met die strategie vir wiskunde en wetenskap
- Ondersteun die finansiële bestuur van skole
- Aanstelling van skool- korporatiewe beamptes
- Voorsiening van handboeke, lesers en IKT
- Behandel prosesse aangaande die onverkrygbaarheid van terreine deur middel van samewerking tussen die WKOD, die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DTPW) en plaaslike regeringsektore
- Fasiliteer die oplossing van soneringsaansoeke en verwante aangeleenthede deur beter kommunikasie tussen die WKOD, DTPA (eiendomsbestuur) en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEADP)

## Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

| Naam van subprogram               | 2012/2013         |                   |                       | 2011/2012         |                   |                       |
|-----------------------------------|-------------------|-------------------|-----------------------|-------------------|-------------------|-----------------------|
|                                   | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|                                   | R'000             | R'000             | R'000                 | R'000             | R'000             | R'000                 |
| 2.1 Openbare laerskole            | 6,395,443         | 6,367,918         | 27,525                | 5,957,999         | 5,957,005         | 994                   |
| 2.2 Openbare sekondêre skole      | 4,063,604         | 4,050,814         | 12,790                | 3,819,201         | 3,817,903         | 1,298                 |
| 2.3 Professionele dienste         | 511,540           | 511,540           | -                     | 478,321           | 471,407           | 6,914                 |
| 2.4 Menslike hulpbronontwikkeling | 88,470            | 87,636            | 834                   | 86,181            | 86,181            | -                     |
| 2.5 Voorwaardelike toelae         | 653,727           | 637,786           | 15,941                | 564,730           | 563,820           | 910                   |
| <b>Totaal</b>                     | <b>11,712,784</b> | <b>11,655,694</b> | <b>57,090</b>         | <b>10,906,432</b> | <b>10,896,316</b> | <b>10,116</b>         |

| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013         |                   |                       | 2011/2012         |                   |                       |
|---|-------------------|-------------------|-----------------------|-------------------|-------------------|-----------------------|
|   | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|   | R'000             | R'000             | R'000                 | R'000             | R'000             | R'000                 |
| <b>Lopende betalings</b>                | <b>10,446,536</b> | <b>10,396,963</b> | <b>49,573</b>         | <b>9,706,806</b>  | <b>9,703,648</b>  | <b>3,158</b>          |
| Vergoeding van werknemers               | 9,389,404         | 9,388,984         | 420                   | 8,732,150         | 8,732,150         | -                     |
| Goedere en dienste                      | 1,057,132         | 1,007,979         | 49,153                | 974,656           | 971,498           | 3,158                 |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           | <b>775,071</b>    | <b>773,318</b>    | <b>1,753</b>          | <b>657,232</b>    | <b>657,188</b>    | <b>44</b>             |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 7                 | 7                 | -                     | -                 | -                 | -                     |
| Instansies sonder winsbejag             | 704,576           | 702,848           | 1,728                 | 608,267           | 608,223           | 44                    |
| Huishoudings                            | 70,488            | 70,463            | 25                    | 48,965            | 48,965            | -                     |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      | <b>491,177</b>    | <b>485,413</b>    | <b>5,764</b>          | <b>542,394</b>    | <b>535,480</b>    | <b>6,914</b>          |
| Geboue en ander vaste strukture         | 469,232           | 464,302           | 4,930                 | 524,859           | 517,945           | 6,914                 |
| Masjinerie en toerusting                | 21,945            | 21,111            | 834                   | 17,535            | 17,535            | -                     |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | -                 | -                 | -                     | -                 | -                 | -                     |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    | <b>-</b>          | <b>-</b>          | <b>-</b>              | <b>-</b>          | <b>-</b>          | <b>-</b>              |
| <b>Totaal</b>                           | <b>11,712,784</b> | <b>11,655,694</b> | <b>57,090</b>         | <b>10,906,432</b> | <b>10,896,316</b> | <b>10,116</b>         |



### 5.3 Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole

#### Doel

Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 te ondersteun.

#### Die Onafhanklike Skoolsubsidieprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

*Subprogram 3.1: Primêre fase*

om onafhanklike skole in Graad 1 tot 7 te ondersteun

*Subprogram 3.2: Sekondêre fase*

om onafhanklike skole in Graad 8 tot 12 te ondersteun

#### Strategiese doelwit

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese doelwit 3.1:</b> | Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker |
|---------------------------------|---|

#### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>9</sup>

##### Inskrywing

Alle geregistreerde onafhanklike skole in die Wes-Kaap het die Jaarlikse Skoolopname in 2012 en in 2013 voltooi.

Daar was 11 093 laerskool- en 6 481 hoërskoolleerders in gesubsidieerde onafhanklike skole in 2012/13 geregistreer, 'n algehele toename van 244 leerders.

##### Ondersteuning verskaf

Besoeke is gedurende die loop van die jaar by 134 onafhanklike skole afgelê om administratiewe, kurrikulum- en institusionele bestuursondersteuning te voorsien.

Daarbenewens het 'n span van 15 WKOD-amptenare 122 skole in Maart 2013 besoek en voldoende nakoming ten opsigte van die volgende bevestig:

- Ondersteuning gedurende die loop van die jaar.
- Nakoming van opnames – jaarlikse skoolopname en Snap-opname
- Umalusi-akkreditasie
- Finansiële nakoming – subsidie en beskikbaarheid van auditverslae
- Voldoendheid en gepastheid van klaskamers
- Kurrikulumaanbiedings
- Voldoendheid en toepaslikheid van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)
- SACE-registrasie
- Personeelomset
- Prestasiebestuurstelsels
- Personeelontwikkelingsprogram
- Die Graad 3, 6 en 9 2012 WKOD- sistemiese toetsuitslae

<sup>9</sup> Let daarop dat die onderwyssektor se templaot vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

Die hoofvorm van ondersteuning wat aan onafhanklike skole gebied word, is in die vorm van subsidies. Subsidies aan onafhanklike skole is betaalbaar op 'n vlak van 60%, 40%, 25%, 15% of 0% van die beraamde provinsiale per capita besteding vir leerders (PAEPL) by openbare gewone skole. Die PAEPL vir 2012/13 was R10 009 (laerskoolkategorie) en R11 621 (sekondêre skoolkategorie) onderskeidelik. Die WKOD het subsidies aan 102 skole betaal, wat vyf nuwe aansoeke ingesluit het.

Die WKOD het ook klagtes van die publiek en/of ouers oor onder andere swak akademiese prestasie, swak bestuur, skoolgeld en die bedryf van ongeregisteerde skole ondersoek. Onderprestasie is in Februarie 2013 op 'n vergadering met skoolhoofde en eienaars van dertien (13) gesubsidieerde onafhanklike skole bespreek. Daar is van hierdie skole vereis om verbeteringsplanne met teikens in te dien.

### Toetsuitslae

Die uitslae van onafhanklike skole in die Nasionale Senior Sertifikaat in 2012 was soos volg:

| <b>WKOD NSS-uitslae vir onafhanklike skole 2012</b> |                |                     |                          |                     |
|---|----------------|---------------------|--------------------------|---------------------|
| Geskryf   | Aantal geslaag | Persentasie geslaag | Aantal (B-graad toegang) | % (B-graad toegang) |
| 2317  | 2094           | 90.38%              | 1344                     | 58.01%              |

'n Groeiende aantal onafhanklike skole het in 2012 aan die WKOD se diagnostiese toetse deelgeneem. Daar word verwag dat meer in die toekoms sal deelneem, aangesien, ingevolge regulasie 8(b) van die Regulasies Betreffende die Registrasie van en Subsidies aan Onafhanklike Skole (uitgesluit preprimêre skole), daar van 'n onafhanklike skool verwag sal word om aan die Jaarlikse Nasionale Assesserings en/of die departement se diagnostiese toetsing deel te neem.

Deelname aan en prestasie in die WKOD se sistemiese toetse in 2011 en 2012 word in onderstaande tabel aangetoon. Daar moet op gelet word dat nie alle skole deelgeneem het nie en dat die uitslae dus die gemiddelde is van slegs die steekproef wat deelgeneem het.

| <b>WKOD sistemiese Graad 3, 6 &amp; 9 uitslae by onafhanklike skole 2012</b> |                    |           |          |              |                |                                |
|--|--------------------|-----------|----------|--------------|----------------|--------------------------------|
| Graad  | Geletterdheid/Taal |           |          |              |                |                                |
|  | Skole              |           | Leerders |              | Slaag          |                                |
|  | 2011               | 2012      | 2011     | 2012         | 2011           | 2012                           |
| <b>Graad 3</b>   | 54                 | <b>68</b> | 1 721    | <b>2001</b>  | 1 241<br>(72%) | <b>1 335</b><br><b>(66.7%)</b> |
| <b>Graad 6</b>   | 47                 | <b>63</b> | 1 435    | <b>1 714</b> | 1 161<br>(81%) | <b>1 347</b><br><b>(78.6%)</b> |
| <b>Graad 9</b>   | 32                 | <b>47</b> | 1 331    | <b>2028</b>  | 1 161<br>(87%) | <b>1 771</b><br><b>(87.3%)</b> |

| WKOD sistemiese Graad 3, 6 & 9 uitslae by onafhanklike skole 2012 |                        |           |          |              |                |                          |
|---|------------------------|-----------|----------|--------------|----------------|--------------------------|
| Graad   | Geswyferdheid/Wiskunde |           |          |              |                |                          |
|   | Skole                  |           | Leerders |              | Slaag          |                          |
|   | 2011                   | 2012      | 2011     | 2012         | 2011           | 2012                     |
| <b>Graad 3</b>  | 54                     | <b>68</b> | 1 722    | <b>2002</b>  | 1 386<br>(80%) | <b>1 482<br/>(74%)</b>   |
| <b>Graad 6</b>  | 47                     | <b>63</b> | 1 433    | <b>1 714</b> | 1 017<br>(71%) | <b>1 111<br/>(64.8%)</b> |
| <b>Graad 9</b>  | 32                     | <b>47</b> | 1 327    | <b>2024</b>  | 617 (46%)      | <b>914<br/>(45.2%)</b>   |

### Onderwyserontwikkeling

Onderwysers in onafhanklike skole het verskeie kurrikulumwerkinkels bygewoon wat deur die WKOD-distrikskantore gereël is. Onderwysers by onafhanklike skole is ook in KABV opgelei. Deelname aan SOBIS is een van die vereistes vir registrasie van onafhanklike skole in die provinsie.

### Samewerking

Die DBO het twee vergaderings gehou met liggeme wat onafhanklike skole in Suid-Afrika verteenwoordig. 'n Vergadering is in Februarie 2013 met skoolhoofde en eienaars van onafhanklike skole gehou. Daar was ook 'n vergadering om skole wat die Cambridge-kurrikulum aanbied, te bespreek en inligting uit te ruil.

| BT401  | Werklike prestasie 2011/2012 | Beplande teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking   |
|--|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|---|
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>                  |                              |                         |                              |                                     |   |
| ► PPM301: Aantal gesubsidieerde leerders in onafhanklike skole | 17 330                       | 18 200                  | 17 782                       | -418                                | Inskrywing in hierdie sektor word beïnvloed deur elemente soos bekostigbaarheid, toegang en ouers se keuse. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Voorsien toegewyde en toenemende ondersteuning aan die skole wat minder as die NSS- provinsiale gemiddelde vir onafhanklike skole behaal het
- Ondersteun alle nuwe onafhanklike skole
- Monitor alle navrae of klagtes as 'n saak van dringendheid.

### Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

| Naam van subprogram | 2012/2013        |                   |                        | 2011/2012        |                   |                        |
|---------------------|------------------|-------------------|------------------------|------------------|-------------------|------------------------|
|                     | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding |
|                     | R'000            | R'000             | R'000                  | R'000            | R'000             | R'000                  |
| 3.1 Primêre fase    | 35,406           | 35,406            | -                      | 28,563           | 28,563            | -                      |
| 3.2 Sekondêre fase  | 36,915           | 36,915            | -                      | 35,625           | 34,991            | 634                    |
| <b>Totaal</b>       | <b>72,321</b>    | <b>72,321</b>     | <b>-</b>               | <b>64,188</b>    | <b>63,554</b>     | <b>634</b>             |

| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013        |                   |                        | 2011/2012        |                   |                        |
|---|------------------|-------------------|------------------------|------------------|-------------------|------------------------|
|   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding |
|   | R'000            | R'000             | R'000                  | R'000            | R'000             | R'000                  |
| <b>Lopende betalings</b>                | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| Vergoeding van werknemers               | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| Goedere en dienste                      | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           | <b>72,321</b>    | <b>72,321</b>     | <b>-</b>               | <b>64,188</b>    | <b>63,554</b>     | <b>634</b>             |
| Departementele agentskappe en rekeninge | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| Instansies sonder winsbejag             | 72,321           | 72,321            | -                      | 64,188           | 63,554            | 634                    |
| Huishoudings                            | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>               | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>               |
| Geboue en ander vaste strukture         | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| Masjinerie en toerusting                | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | -                | -                 | -                      | -                | -                 | -                      |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>               | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>               |
| <b>Totaal</b>                           | <b>72,321</b>    | <b>72,321</b>     | <b>-</b>               | <b>64,188</b>    | <b>63,554</b>     | <b>634</b>             |

## 5.4. Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys

### Doel:

Om verpligte openbare onderwys in spesiale skole te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 en Witskrif 6 oor Spesiale Behoefte-onderwys: Die Bou van 'n Inklusiewe Onderwys-en-Opleidingstelsel.

### Die Openbare Spesiale Skoolonderwysprogram bestaan uit die volgende sub-programme:

#### *Subprogram 4.1: Skole*

om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien

#### *Subprogram 4.2: Professionele dienste*

om opvoeders en leerders by openbare spesiale skole van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

#### *Subprogram 4.3: Menslike hulpbronontwikkeling*

om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en staatsdienspersoneel in openbare spesiale skole

#### *Subprogram 4.4: Voorwaardelike toelaes*

om infrastruktuur by openbare spesiale skole te voorsien

### Strategiese doelwit

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese doelwit 4.1:</b> | Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstellings te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6) |
|---------------------------------|--|

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>10</sup>

#### Inskrywing

Die departement het tans 74 spesiale skole wat 19 884 leerders met spesiale behoeftes akkommodeer, wat 1 006 meer leerders as in die vorige finansiële jaar is. Die toename in die aantal leerders by spesiale skole word hoofsaaklik toegeskryf aan die inkrementele groei oor 'n tydperk van vier jaar van bestaande vaardigheidskole, die vestiging van 'n addisionele vaardigheidskool en die skepping van tien addisionele eenhede vir Outisme Spektrum Versteuring (OSV) by aangewese spesiale skole.

<sup>10</sup> Let daarop dat die onderwyssektor se templaot vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

## **Ondersteuning verskaf**

Die klem was in 2012/13 op die implementering van die omvattende nuwe tien-punt WKOD-plan vir die *versterking van gespesialiseerde onderwysondersteuning*, goedgekeur in 2011.

Die WKOD het strukture in plek om die uitrol van hierdie plan te fasiliteer deur middel van

- (1) distriksgebaseerde en kringgebaseerde ondersteuningspanne in elk van die distrikte
- (2) versterking van 24 spesiale skole om hulpbronsentrums te word
- (3) die vestiging van OLSO-eenhede/*hulpbronklasse* by 108 toegewese openbare gewone skole *wat in volle-diens/inklusiewe skole omskep word*
- (4) die ontwikkeling van skoolgebaseerde ondersteuningspanne op institusionele vlak.

### *Uitbreiding van inklusiewe onderwys*

Profiele is van alle spesiale skole ontwikkel om die ondersteuning en hulpbronne wat benodig word, te bepaal. Data is uit die Nasionale Oudit van Spesiale Skole geneem en is deur WKOD-data aangevul vir fase een van hierdie oefening. Die tweede fase is aan die gang en is 'n assessering van die behoeftes aan vervoer, infrastruktuur, LOOM en toerusting.

Die verdere uitbreiding van inklusiewe onderwys en die vestiging van steunstrukture bly 'n prioriteit vir die WKOD ten einde beter toeganklikheid tot onderwys te verseker vir alle leerders met hindernisse tot leer deur middel van 'n verskeidenheid opsies in openbare spesiale skole en openbare gewone skole.

Groter aantalle leerders met lae- tot matige-intensiteit behoeftes is ondersteun in gewone openbare en volle-diens/inklusiewe skole waar hulle opvoedkundige ondersteuning deur die skool voorsien kan word. Addisionele ondersteuning is verskaf deur die gespesialiseerde personeel in ondersteuningsdienste, wat skoolsielkundiges, maatskaplike werkers en leerondersteuningsadviseurs insluit, asook deur sestien inklusiewe onderwys-uitreikspanne wat by aangewese spesiale skool-/ hulpbronsentrums geleë is. Die bedoeling is dat slegs leerders met hoë-intensiteit ondersteuningsbehoefte in die toekoms by openbare spesiale skole geakkommodeer sal word.

### *Gehalteversekering*

Heelskool-evaluering het by ses spesiale skole in 2012/13 plaasgevind, in oorleg met die Direkoraat Gehalteversekering. Die skole was Alpha, Noluthando, Athlone, Die Bult, Khayelitsha en De la Bat. Die oefening het baie voorbeelde van goeie praktyke aangedui, maar waar daar tekortkominge was, is maatreëls ingestel om dit te behandel.

### *Hoë ondersteuningsbehoefte in spesiale skole*

'n Kontinuum van ondersteuning is ontwikkel, met lae ondersteuning in gewone/ hoofstroomskole, matige ondersteuning in volle-diens/inklusiewe skole en hoë ondersteuning in spesiale skole.

Die WKOD het 'n templaar vir 'n gestandaardiseerde wagglys ontwerp wat aan alle spesiale skole verskaf is. 'n Databasis is ontwikkel om inligting van alle verwysings per distrik, per kring, per skool en per amptenaar vas te lê en hierdie verwysingspatrone word ontleed om op voorkomende intervensies en die effektiewe plasing van leerders te fokus.

#### *Versterking van kurrikulumlewering*

Daar was 'n gesamentlike WKOD/DBO-proses om kurrikula vir vaardigheidskole vir akkreditering by Umalusi te ontwikkel. Die kurrikula vir 21 tegniese vaardighede is afgehandel en die opleiding van onderwysers het plaasgevind.

Die ondersoek ten opsigte van die gehalte van onderwys vir die dowes in die Wes-Kaap is in 2011 voltooi. Die aanbevelings in die verslag word geïmplementeer. Skole het ter plaatse opleiding in grondslagfase Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe-spesifieke Geletterdheid asook opleiding as 'n groep by KOLI ontvang. 'n Bedrag van R2,7 miljoen is in 2012 aan die sewe skole vir dowes vir hulpmiddels en tegnologie toegeken. Sewentien opvoeders het 'n geakkrediteerde Vlak 1-kursus in Suid-Afrikaanse Gebaretaal geslaag wat deur die Universiteit van die Vrystaat by De la Bat Skool aangebied is. 'n "Suid-Afrikaanse Gebaretaal as Vak"-loodsprogram word by die De la Bat Skool vir Dowes aangebied. Bevindings en goeie praktyk van die projek is gedeel met die ander vier skole vir dowes wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal as die taal van leer en onderrig gebruik, naamlik Noluthando, Nuwe Hoop, Dominican (Wittebome) en Mary Kihn. Graad 10 tot 12 is weer by die Dominican Skool vir Dowes, Wittebome ingestel, beginnende met Graad 10 in 2013.

#### *Ondersteuning vir ernstig en diep intellektueel gestremde kinders*

Die Wes-Kaapse Forum vir Intellektueel Gestremdes het 'n aansoek by die Hooggeregshof ingedien met betrekking tot ernstig en diep intellektueel gestremde kinders, met die nasionale regering en die Wes-Kaapse Provinsiale Regering as respondente. Die uitspraak het aan beide respondente opdrag gegee om redelike stappe te doen om uitvoering te gee aan die regte van ernstig en diep intellektueel gestremde kinders in die Wes-Kaap met betrekking tot 'n basiese opvoeding, beskerming teen verwaarlosing of vernedering; gelykheid en menswaardigheid.

Die hofbevel het aanleiding tot inisiatiewe vir interregeringsamewerking gegee. Mary Harding Spesiale Skool se hulpbronsentrum was die basisskool vir die provinsiale loods-program. Die span het data ingesamel oor die aard en vlak van ondersteuning wat by spesialesorgsentrums benodig word; die kwalifikasies van die versorgers en die geskiktheid van sorg wat by spesialesorgsentrums aangebied word. Hulle het die opleidings- en ondersteuningsprogramme ondersoek wat nodig is vir personeel by die spesialesorgsentrums en die beskikbaarheid en toestand van hulpmiddels.

Die WKOD het aanvanklik in 2012 vier provinsiale multidissiplinêre spanne vir diep intellektueel gestremdes by spesiale skole ingestel. Elke span bestaan uit vyf personeellede, naamlik: 'n onderwyser in spesiale onderwys, sielkundige, arbeidsterapeut, spraakterapeut en fisioterapeut. Drie bykomende spanne het in September 2012 begin om ondersteuning aan 47 spesialesorgsentrums te verskaf.

## **Toetsuitslae van spesiale skole**

In 2012 was daar 329 kandidate van tien spesiale skole wat die Nasionale Senior Sertifikaat geskryf het, met 'n algehele slaagkoers van 88.8%. 44% van diegene wat geslaag het, het vir toelating tot B-graad-studies gekwalifiseer.

## **Onderwyserontwikkeling**

Beleids- en riglyndokumente rakende spesiale behoeftes en inklusiewe-onderwys is gedurende die jaar aan alle distriksgebaseerde gespesialiseerde leerder- en opvoederondersteuningspersoneel en die inklusiewe-onderwys-uitreikspanne by spesiale skole se hulpbronsentrums voorsien. Opleiding in die nuwe benadering is verskaf om byvoorbeeld voorkomende intervensies vir Graad R- en Graad 1-leerders te ondersteun. Opleiding is aan onderwysers in gewone skole verskaf om hulle te help om spesiale behoeftes/hindernisse tot leer/agterstande in leer te identifiseer en behandel, asook Versorging en Ondersteuning vir Onderrig en Leer (CSTL). Gespesialiseerde intervensies is geïdentifiseer en opleidingskursusse is ontwikkel of uitgekonnekteer, bv. selfmoordvoorkoming, herstel van lees.

Inklusiewe onderwys-uitreikspanne by spesiale skole wat in Spesiale Skool-hulpbronsentrums omskep is, het opleiding en ondersteuning aan hoofsaaklik 120 volle-diens/inklusiewe skole, maar ook aan ander hoofstroomskole verskaf. Die fokus van die uitreikspanne is op die voorkoming van hindernisse tot leer, veral in Graad R en Graad 1. Alle spesiale skole is versoek om 'n hulpbronsentrum/uitreikfunksie te voorsien, bv. klinieke, aan omliggende skole soos hul kapasiteit dit toelaat.

Die spesialis Outisme Spektrum Versteuring (OSV) uitreikspan by die Vera Spesiale Skool-hulpbronsentrum het opleiding en ondersteuning aan OSV-eenhede regoor die provinsie verskaf.

### *Vergaderings van die spesialeskoolsektor*

Twee vergaderings per jaar is vir 2013 met die skoolhoofde van die verskillende groepe van die gestremdheidsektor beplan sodat daar 'n geleentheid kan wees vir die deel van beste praktyk en die standaardisering van aktiwiteite in die provinsie. Vergaderings is vir die hoofde van skole vir ernstig intellektuele gestremdheid, vaardigheidskole en skole vir dowes gehou. Hierdie program bevorder kontak en uitruiling van idees tussen skole met verskillende spesialismes.

## **Hulpbronne/ander ondersteuning verskaf**

### *LOOM en IKT om hindernisse tot leer aan te spreek*

IKT is aan tien skole voorsien om die onderrig van leerders met Outisme Spektrum Versteuring te bevorder, e-braille-rekenaars aan twee skole vir leerders wat blind is en muur-loods-tegnologie aan twee skole vir dowe leerders. Die WKOD het aan die nasionale Braille-ondersoek deelgeneem en advies gelewer oor hoe om beter voorsiening vir blinde leerders te maak.



### *Infrastruktuur*

Addisionele klaskamers en werkwinkels is by die Atlantis, Bishops en Cafda vaardigheidskole, Agape Skool vir serebraal gestremdes, Mary Harding en Beacon skool vir leerders met ernstige intellektuele gestremdheid gebou. Akkommodasie-skedules is vir die nuwe geboue vir Chere Botha en Rusthof skool ontwikkel. Die oprigting van twee klaskamers by Glenbridge is aan die einde van Junie 2012 begin nadat toestemming van SA Erfenis ontvang is om hierdie klaskamers te bou.

### *Positiewe Gedrag-program*

Baie skole het in hul Skoolverbeteringsplanne (SVP'e) aangedui dat hulle uitdagings ten opsigte van wangedrag en swak gedrag van leerders ervaar. Elke onderwysdistrik het 'n begroting vir die Positiewe Gedrag-program ontvang. Opleidingswerkwinkels was daarop gemik om positiewe gedrag in alle skole te bevorder deur middel van die persoonlike en professionele groei van opvoeders, asook ontwikkelingswerkwinkels vir leerders en ouers. Onderwerpe wat in die werkwinkels gedek is, sluit in: die sirkel van moed; die bou van 'n taai jeug; anti-boelie-programme; herstellende groep-intervensie, konflikoplossing; ontwikkeling van selfbeeld; opleiding in gedragskodes; tegnieke vir klaskamerbestuur; en ouerskaptegnieke. Positiewe terugvoering is van deelnemende skole ontvang en dus sal hierdie programme in die nuwe finansiële jaar voortgesit en uitgebrei word.

### *Interdepartementele en intersektorale vennootskappe*

Interdepartementele vennootskappe sluit samewerking met die Departement van Gesondheid in rakende die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram, Portuur-onderwys, Gesondheidsbevordering en verbetering van die Nasionale Skoolvoedings-program se spyskaarte in, asook samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling oor gestremde kinders en die jeug wat nie skool bywoon nie.

Die Departement van Gesondheid en die Onderwysdepartement werk saam om die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram te implementeer. Die dienspakket sluit versorging en ondersteuning vir onderrig en leer/aktiwiteite oor gesondheidsbevordering, die toets en assessering van leerders, bestuur van gesondheidskwale en voorkoming van siektes in. 'n Loodsprogram is gedurende die vierde skoolkwartaal van 2012 in die Eden en Sentraal Karoo Onderwysdistrik uitgevoer, wat die toets van alle Graad 1-leerders se gesondheid ingesluit het.

'n Intersektorale koördineringskomitee is saam met ander staatsdepartemente en belanghebbendes ingestel ingevolge die nasionale Sorg en Ondersteuning vir Onderrig en Leer-raamwerk.

| <b>BT401</b>  |                              |                         |                              |                                     |   |
|---|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|---|
|   | Werklike prestasie 2011/2012 | Bepaalde teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking   |
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>   |                              |                         |                              |                                     |   |
| ► PPM401: Aantal leerders in openbare spesiale skole ingeskryf  | 18 878                       | 19 000                  | 19 884                       | 884                                 | Teiken oorskry. Die toename in die aantal leerders by spesiale skole word hoofsaaklik toegeskryf aan die groei in vaardigheidsskole en die skepping van tien addisionele eenhede vir Outisme Spektrum Versteuring (OSV) by aangewese spesiale skole.  |
| ► PPM402: Aantal opvoeders in diens by openbare spesiale skole  | 1 829                        | 1 765                   | 1 860                        | 95                                  | Poste is in die vorige jaar toegeken, maar kurrikulumbehoefte, die toename in leerdergetalle en oortollige werknemers het 'n impak op die werklike syfer gehad. Afwykings kan ook toegeskryf word aan bedankings, beëindiging van kontrakte, aanstellings, bevorderings en oorplasing. Die uitbreiding van die sektor het die aanstelling van addisionele personeellede genoodsaak. |
| ► PPM403: Aantal professionele nie-opvoedkundige personeel in diens by openbare spesiale skole  | 973                          | 977                     | 971                          | -6                                  | Totale wissel na gelang van vakatures en beweging tussen skole oor tyd.   |
| Bovermelde PPM'e is ook as PPA's vir kwartaalike verslagdoening soos volg geïdentifiseer: PPA 4.1 Aantal onderwysers (in openbare diens) [Program 4: Openbare spesiale skole] PPA 4.2 Aantal nie-onderwysers (in openbare diens) [Program 4: Openbare spesiale skole] |                              |                         |                              |                                     |   |

## Strategie om gebiede van onderprestasië op te los

- Behandel die plasingbehoefte van leerders met spesiale onderwysbehoefte sistematies
- Verseker dat onderwysers in hoofstroomskole maksimaal toegerus is om die leerbehoefte van alle leerders te hanteer

## Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasië aan begrotings

| Naam van subprogram               | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|-----------------------------------|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|                                   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|                                   | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| 4.1 Skole                         | 824,791          | 820,601           | 4,190                 | 756,751          | 756,751           | -                     |
| 4.2 Professionele dienste         | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| 4.3 Menslike hulpbronontwikkeling | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| 4.4 Voorwaardelike toelae         | 14,575           | 14,575            | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Totaal</b>                     | <b>839,366</b>   | <b>835,176</b>    | <b>4,190</b>          | <b>791,341</b>   | <b>791,341</b>    |                       |

| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|---|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|   | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| <b>Lopende betalings</b>                | <b>681,631</b>   | <b>677,441</b>    | <b>4,190</b>          | <b>622,495</b>   | <b>622,495</b>    | -                     |
| Vergoeding van werknemers               | 673,069          | 668,879           | 4,190                 | 607,313          | 607,313           | -                     |
| Goedere en dienste                      | 8,562            | 8,562             | -                     | 15,182           | 15,182            | -                     |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           | <b>131,928</b>   | <b>131,928</b>    | -                     | <b>129,463</b>   | <b>129,463</b>    | -                     |
| Departementele agentskappe en rekeninge | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Instansies sonder winsbejag             | 129,661          | 129,661           | -                     | 128,346          | 128,346           | -                     |
| Huishoudings                            | 2,267            | 2,267             | -                     | 1,117            | 1,117             | -                     |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      | <b>25,807</b>    | <b>25,807</b>     | -                     | <b>39,383</b>    | <b>39,383</b>     | -                     |
| Geboue en ander vaste strukture         | 21,029           | 21,029            | -                     | 34,808           | 34,808            | -                     |
| Masjinerie en toerusting                | 4,778            | 4,778             | -                     | 4,575            | 4,575             | -                     |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Totaal</b>                           | <b>839,366</b>   | <b>835,176</b>    | <b>4,190</b>          | <b>791,341</b>   | <b>791,341</b>    | -                     |

## 5.5. Program 5: Verdere onderwys en opleiding

### Doel:

Om VOO by openbare VOO-kolleges te voorsien kragtens die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (2006)

### Die VOO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

#### *Subprogram 5.1: Openbare instellings*

om spesifieke openbare VOO-kolleges van hulpbronne te voorsien

#### *Subprogram 5.2: Professionele dienste*

om dosente en studente by openbare OOV-kolleges van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

#### *Subprogram 5.3: Menslike hulpbronontwikkeling*

om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van bestuur, dosente en ondersteuningspersoneel by openbare VOO-kolleges

#### *Subprogram 5.4: Voorwaardelike toelae*

om voorsiening te maak vir herkapitalisering in openbare VOO-kolleges (tot en met 2008/09 gebruik)

### Strategiese doelwit

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese doelwit 5.1:</b> | Om te verseker dat institusionele en programbeplanning in lyn is om relevante, reagerende programme te lewer wat in die behoeftes van plaaslike besighede, industrie, gemeenskappe en studente sal voorsien, en om 'n magtigende omgewing te skep waarin hoë-gehalte, geïntegreerde teoretiese/praktiese programlewering deur institusionele beheer en bestuur, asook operasionele ondersteuning, gehandhaaf word. |
|---------------------------------|--|

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>11</sup>

#### Inskrywing

Die DHOO se inskrywingsverslag vir Januarie tot Junie 2012 dui aan dat Wes-Kaapse kolleges gedurende hierdie tydperk 15,150 NK(B)- en 19,322 Verslag 191-studente ingeskryf het. In dieselfde tydperk is 12,711 studente vir beroepsprogramme ingeskryf. Die DHOO het nog nie die finale Jaarverslag-syfer vrygestel nie, maar kolleges het ongeveer 50,000 studente gedurende die 2012- akademiese jaar ingeskryf. Dit sluit 'n toename van 5,150 NK(B)-studente bo die teiken van 12,000 in wat deur die WKOD gestel is. Hierdie syfers toon 'n groei van 51% vanaf 2011 tot 2012, wat die DHOO-teikens, om die beroeps- en voortgaande onderwys- en opleidingsektor uit te brei, ondersteun. Van die 50,000 studente, was 35,000 in staatsbefondsde programme,

<sup>11</sup> Let daarop dat die onderwyssektor se templaar vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

waarvan die staat 80% van die totale programkoste befonds. Kolleges het tot dusver 40,055 studente in die eerste kwartaal van 2013 ingeskryf. Aangesien die kolleges deur die loop van die jaar studente inskryf, word daar verwag dat die totale inskrywings vir die 2013- akademiese jaar die syfers van 2012 sal oorskry.

| <b>Kollege</b> | <b>Inskrywing</b><br>vanaf 15 Februarie 2013 |
|----------------|--|
| Boland         | 6 925  |
| Kaapstad       | 7 055  |
| Valsbaai       | 5 420  |
| Northlink      | 11 882                                       |
| Suid-Kaap      | 3 094  |
| Weskus         | 5 699  |

Finansiële ondersteuning is aan studente verskaf deur die DHOO se VOO-kollegebeursskema. 12 739 “slegs onderrig” en 19 540 “omvattende” beurse is in 2012 aan NK(B)- en Verslag 191-studente toegeken.

### **Ondersteuning verskaf**

Die Wysigingswet op VOO-kolleges (Wet 3 van 2012) is in Mei 2012 afgekondig. Dit het die oorgang van VOO-kolleges van 'n provinsiale na 'n nasionale bevoegdheid gewettig. Protokolooreenkomste is onderteken vir die sekondement van provinsiale personeel om voort te gaan met die ondersteuning van kolleges. Die Wes-Kaapse provinsiale eenheid het steeds ondersteuning aan korporatiewe beheer- en bestuurstrukture by kolleges voorsien deur middel van die koördinerende van strategiese en operasionele beplanning, asook die bestuur van befondsing en oordragbetalings. Die eenheid het ook lewering van die kurrikulum en interne assessering ondersteun en alle eksterne eksamens is gemonitor. Die WKOD en DHOO het kolleges se prestasie ten opsigte van inskrywings, finansiële bestuur en die gehalteversekering van assesserings gemonitor en daarvoor verslag gelewer.

Die 2012/13-begrotingstoekenning vir Program 5, omhein as die “VOO-kollege voorwaardelike toelae”, is volgens skedule ten volle aan kolleges oorgedra. Van die totale toekenning van R597 589 000, is 45,8% op salarisse bestee, terwyl 53,9% oorgedra is as nie-personeel/nie-kapitale befondsing aan kolleges.

WKOD-ondersteuning vir die bou van verhoudings tussen VOO-kolleges, SETA's en industrie is opgeskerp, met die gevolg dat 7,490 studente in industrie vir werkplek-blootstelling en 13,500 as deel van hul kwalifikasie geplaas is. 319 afgestudeerde NK(B) Vlak 4-studente is na verwerwing van hul kwalifikasie in poste geplaas.

Die WKOD het kolleges ondersteun om intensiewe akademiese ondersteuning aan studente te verskaf. Die akademiese ondersteuning sluit onder andere wiskunde-ondersteuning, remediërende klasse, tutoriale, addisionele leermateriaal en basiese voedingskemas in.

## Toetsuitslae

Die tabelle hieronder toon die voorlopige November 2012-sertifiseringskoers van studente wat vir al die vereiste vakke in hul spesifieke kwalifikasies ingeskryf en dit geskryf het.

| <b>NK(B)</b>  | <b>7 vakke ingeskryf</b> | <b>7 vakke geskryf</b> | <b>7 vakke geslaag</b> | <b>Sertifikasie % van diegene wat geskryf het</b> |
|---------------|--------------------------|------------------------|------------------------|---|
| <b>Vlak 2</b> | 8 065                    | 4 093                  | 2 380                  | 61.6%   |
| <b>Vlak 3</b> | 3 824                    | 2 380                  | 1 340                  | 56.3%   |
| <b>Vlak 4</b> | 2 192                    | 1 552                  | 740                    | 47.7%   |

| <b>Verslag 191/NATED</b> | <b>4 vakke ingeskryf</b> | <b>4 vakke geskryf</b> | <b>4 vakke geslaag</b> | <b>Sertifikasie % van diegene wat geskryf het</b> |
|--------------------------|--------------------------|------------------------|------------------------|---|
| N4                       | 2 200                    | 1 691                  | 842                    | 49.8%   |
| N5                       | 3 380                    | 2 754                  | 986                    | 35.8%   |
| N6                       | 1 025                    | 803                    | 400                    | 49.8%   |

Die Wes-Kaapse kolleges het DHOO- akademiese teikens soos volg oorskryf:

|                 | <b>Teiken</b> | <b>Prestasie</b> |
|-----------------|---------------|------------------|
| <b>NK(B) V2</b> | 44%           | 61.6%            |
| <b>NK(B) V3</b> | 45%           | 56.3%            |
| <b>NK(B) V4</b> | 47%           | 47.7%            |
| <b>N4-N6</b>    | 40%           | 45.1%            |

Finale NK(B)-eksamenuitslae is nog nie vrygestel nie, aangesien die uitslae van die aanvullende eksamens nie beskikbaar is nie.

## Ontwikkeling van dosente

Die WKOD het voortgegaan met ondersteuning vir die implementering van die kurrikulum deur middel van die kapasiteitsbou van dosente en ondersteuning in die klaskamer. Die klem was op die gehalte van interne assesseringsinstrumente, met die gevolg dat die meerderheid van NK(B)- interne assesseringsinstrumente gestandaardiseer en geverifieer is vir nakoming van nasionale standaarde. Die kapasiteit van dosente is verhoog as gevolg van die prosesse wat in hierdie oefeninge van gehalteversekering gebruik word, asook die tegnologie wat vir aanbieding voorsien is, byvoorbeeld witborde.

Dosente in Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid is oor spesifieke aspekte van hulle kurrikula, onderrigmetodologie en klaskamerbestuur opgelei. In die afwesigheid van finale eksamenuitslae, kan daar nog nie met sekerheid bepaal word of die uitslae in Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid verbeter het nie. Afwesigheid het 'n besliste impak op Wiskunde-uitslae in die besonder, aangesien die vak vereis dat studente hul opdragte gereeld moet voltooi.

## Hulpbronne verskaf

Die toename in studentgetalle het druk op kollege-infrastruktuur geplaas. Die WKOD het R48 000 000 vir die opgradering van infrastruktuur en onderhoud toegeken, ten einde tekorte in klaskamerruimte en die ablusiegeriewe by al ses kolleges aan te spreek. Addisionele fondse het die verkryging van grond vir die bou van 'n kampus in Malmesbury moontlik gemaak, asook opgradering van infrastruktuur en verbouing om vir meer studente, 28 addisionele klaskamers en die opgradering van studenteverblyf voorsiening te maak.

## Aangeleenthede m.b.t. oorgang

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het die volgende strukture ingestel om die oorgang van VOO-kolleges van die provinsiale departemente van onderwys na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding te bestuur:

- Projekbeheer Komitee (PSC)
- Nasionale Oorgangstaakspan (NTTT)
- Provinsiale Oorgangstaakspan (PTTT)

Die Wes-Kaapse PTTT verteenwoordig kolleges en die WKOD. Die struktuur het tot dusver alle inligting wat deur die DHOO versoek is, met sukses voorsien. 'n Sakeplan is ontwikkel vir implementering in 2013.

| <b>BT501</b>   |                              |                         |                              |                                     |  |  |
|--|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|--|--|
|  | Werklike prestasie 2011/2012 | Beplande teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking  |  |
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>  |                              |                         |                              |                                     |  |  |
| ► PPM501: Aantal studente wat vir NS(B)-kursusse by VOO-kolleges ingeskryf is            | 13 778                       | 12 000                  | 15 150                       | 3 150                               | Kolleges kon addisionele NK(B)-studente in ooreenstemming met DHOO-teikens inskryf, te danke aan 'n inspuiting van addisionele beursfondse van die Nasionale Vaardighedsfonds. |  |
| ► PPM502: Aantal VOO-kollege NS(B)-studente wat volledige kursusse suksesvol voltooi het | 4 587                        | 6 795                   | 4 603                        | -2 192                              | Hierdie syfer sluit nie uitstaande en aanvullende eksamenuitslae in nie. Daar word verwag dat die teiken behaal sal word sodra die DHOO volledige uitslae vrystel.             |  |

## Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Die DHOO het begin met 'n proses om nasionale beleide oor studentebewoning en -prestasie te versterk. Sodra dit in werking tree, behoort die bywoningskoers van studente te verbeter, wat tot 'n verbetering in akademiese prestasie sal lei. Op provinsiale vlak sal ondersteuning vir die kurrikulum toeneem deur die huidige programfokusgroepe/gemeenskappe van praktyk te versterk om te verseker dat kundigheid en beste praktyke tussen dosente gedeel word. Verdere klem sal weer op die versterking van kolleges se vermoë om akademiese ondersteuning aan studente te bied, geplaas word.

## Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

| Naam van subprogram      | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|--------------------------|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|                          | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|                          | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| 5.1 Openbare instellings | 597,589          | 597,523           | 66                    | 534,671          | 534,659           | 12                    |
| <b>Totaal</b>            | <b>597,589</b>   | <b>597,523</b>    | <b>66</b>             | <b>534,671</b>   | <b>534,659</b>    | <b>12</b>             |

| Ekonomiese klassifikasie                 | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|--|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|  | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|  | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| <b>Lopende betalings</b>                 | <b>273,885</b>   | <b>273,819</b>    | <b>66</b>             | <b>259,565</b>   | <b>259,553</b>    | <b>12</b>             |
| Vergoeding van werknemers                | 273,885          | 273,819           | 66                    | 259,565          | 259,553           | 12                    |
| Goedere en dienste                       | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Oordragte en subsidies</b>            | <b>323,704</b>   | <b>323,704</b>    | <b>-</b>              | <b>275,106</b>   | <b>275,106</b>    | <b>-</b>              |
| Departementele agent-skappe en rekeninge | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Instansies sonder winsbejag              | 323,285          | 323,285           | -                     | 243,928          | 243,928           | -                     |
| Huishoudings                             | 419              | 419               | -                     | 31,178           | 31,178            | -                     |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>       | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              |
| Geboue en ander vaste strukture          | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Masjinerie en toerusting                 | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Sagteware en ander ontasbare bates       | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>     | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              |
| <b>Totaal</b>                            | <b>597,589</b>   | <b>597,523</b>    | <b>66</b>             | <b>534,671</b>   | <b>534,659</b>    | <b>12</b>             |



## 5.6. Program 6: Onderwys en opleiding vir volwassenes

### Doel:

Om OOV in ooreenstemming met die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 te voorsien

### Die BOOV-program bestaan uit die volgende subprogramme:

*Subprogram 6.1: Subsidies vir openbare volwassene-leersentrums*  
om spesifieke openbare OOV-terreine met subsidies te ondersteun

*Subprogram 6.2: Subsidies vir private volwassene-leersentrums*  
om spesifieke private OOV-terreine met subsidies te ondersteun

*Subprogram 6.3: Professionele dienste*  
om opvoeders en leerders by OOV-sentrums van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

*Subprogram 6.4: Menslike hulpbronontwikkeling*  
om voorsiening te maak vir die professionele en ander ontwikkeling van bestuur, opvoeders en ondersteuningspersoneel by OOV-sentrums.

### Strategiese doelwit

| PROGRAM 6: STRATEGIESE DOELWIT  |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese doelwit 6.1:</b> | Om steun te verleen aan openbare OOV-sentrumbestuur en beheerstrukture deur beleidsontwikkeling en strategiese intervensies wat doeltreffende onderwys in leersentrums vir volwassenes fasiliteer; om opvoeders en studente by OOV-terreine van departementeel-bestuurde dienste vir kurrikulumondersteuning te voorsien; en om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van onderwysers en nie-onderwysers |

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>12</sup>

#### Inskrywing

In 2012/13 was daar 32,688 leerders by 303 terreine, waarvan 124 hoofsentra was. 19 978 was BOOV Vlak 1-4 leerders, 10 686 was VOO-leerders en 2 024 het aan kort vaardigheidsprogramme deelgeneem. Die grootste toename was in BOOV Vlak 4, met 'n toename van 2 459 leerders vergeleke met 2011.

<sup>12</sup> Let daarop dat die onderwyssektor se templaot vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

| <b>Verspreiding van leerders volgens vlak/graad – Jaar 2012</b> |              |              |              |               |           |           |               |              |               |
|---|--------------|--------------|--------------|---------------|-----------|-----------|---------------|--------------|---------------|
| Onderwys-distrik  | Vlak 1       | Vlak 2       | Vlak 3       | Vlak 4        | GR 10     | GR 11     | GR 12         | Ander        | Totaal        |
| <b>Kaapse Wynland</b>   | 819          | 557          | 539          | 1,344         | 18        | 0         | 2,039         | 510          | <b>5,826</b>  |
| <b>Eden en Sentraal Karoo</b>                                   | 790          | 517          | 520          | 1,113         | 0         | 0         | 682           | 195          | <b>3,817</b>  |
| <b>Metro-Sentraal</b>   | 392          | 264          | 269          | 798           | 48        | 66        | 2,749         | 287          | <b>4,873</b>  |
| <b>Metro-Oos</b>  | 141          | 80           | 192          | 2,066         | 0         | 0         | 55            | 280          | <b>2,814</b>  |
| <b>Metro-Noord</b>  | 360          | 348          | 281          | 1,618         | 0         | 0         | 1,256         | 54           | <b>3,917</b>  |
| <b>Metro-Suid</b>   | 304          | 301          | 376          | 1,482         | 0         | 0         | 2,172         | 28           | <b>4,663</b>  |
| <b>Overberg</b>   | 414          | 399          | 345          | 1,150         | 0         | 0         | 1,298         | 544          | <b>4,150</b>  |
| <b>Weskus</b>   | 622          | 318          | 299          | 960           | 0         | 0         | 303           | 126          | <b>2,628</b>  |
| <b>Totaal</b>   | <b>3,842</b> | <b>2,784</b> | <b>2,821</b> | <b>10,531</b> | <b>66</b> | <b>66</b> | <b>10,554</b> | <b>2,024</b> | <b>32,688</b> |
| <b>BRON: JAARLIKSE OPNAME 2012</b>                              |              |              |              |               |           |           |               |              |               |

Opleiding is by 13 terreine aan 484 volwasse leerders op verskeie gebiede voorsien, insluitend loodgieters, entrepreneurskap, toergidswerk, kuns en ontwerp, brand-ontruiming, skoonmaakdienste, VKO, tuisgebaseerde versorging, messelary en verfwerk. Opleiding is in oorleg met Valsbaai, Boland, Northlink, Weskus en Kaapstad VOO-kolleges aangebied.

Nuwe OOV-terreine is ook in Sir Lowry's Pas, Doornrivier, Holvlei, Blikkiesdorp, Redelinghuys, Masakhane, Pearly Beach en Naphakhade, 'n satelliet van Malmesbury GLS, gestig.

Die 12 VOO-middelpunte wat in 2011 in Eden en Sentraal Karoo (1), Wynland (1), Oos (3), Noord (2), Suid (2), Sentraal (1), Weskus (1), Overberg (1) gestig is, het voortgegaan om onderrig te bied aan Graad 12-leerders wat vir die Senior Sertifikaat studeer.

Die WKOD het voortgegaan om volwassene-onderwysprogramme aan werknemers van provinsiale en nasionale staatsdepartemente aan te bied. Memorandums van Ooreenkoms is in April 2013 met die departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling en Matzikama Munisipaliteit onderteken. 704 vennootskap-leerders is ingeskryf, waarvan baie matriek en Vlak 4 voltooi het. Daar is tans 404 leerders wat by 15 terreine ingeskryf is. Werknemers word deur hierdie vennootskappe die geleentheid gegun om 'n GETC te verwerf. 'n "Transversale beleid vir die lewering van BOOV aan werknemers van provinsiale staatsdepartemente" is in plek.

Die *Kha Ri Gude* Massa Geletterdheid-veldtog is in April 2008 van stapel gestuur om 4.7 miljoen Suid-Afrikaners in staat te stel om teen 2012 in een van die elf amptelike tale geletterd en syfervaardig te wees. Leerders word geleer om in lyn met (B)OOV-vlak 1 eenheidstandaarde in hul moedertaal te lees en skryf. Leerders moet twintig assesseringsaktiwiteite (10 vir geletterdheid en 10 vir gesyferdheid) in hul Leerderassessering Portefeuljes (LAPS) voltooi. Die LAPS word deur SAQA gemodereer en geverifieer. In 2012 het 14 318 studente aan die program deelgeneem, bygestaan deur 900 afrigters.

'n Jeugfokusprojek is in 2012 begin in reaksie op die leerbehoefte van leerders in openbare skole wat Graad 9 vir die tweede, derde of vierde keer herhaal en wat drie of meer jaar ower as die ouderdomsnorme vir Graad 9 is. 'n Program is ontwikkel en befonds om 'n paar van die leerders in beroepsgerigte kursusse by VOO-kolleges en OOV-sentrums te plaas om 'n oorbruggingsprogram te voltooi wat tot 'n sertifikaat in Algemene Onderwys en Opleiding: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (NKR-vlak 1) sal lei. 449 is in VOO-kolleges geplaas. 33 leerders word deur MerSETA befonds (R3.7 miljoen) vir 'n program in vakleerlingskap. 130 leerders is sedert Junie 2012 by OOV-sentrums as deel van die projek geplaas. Die begroting vir hierdie groep leerders is R957 000.

### **Ondersteuning verskaf**

Die 2013/14 Norme en Standaard-befondsing vir die 103 Gemeenskapsleersentrums in die provinsie is op 20 November 2012 goedgekeur. Alle GLS'e is dienooreenkomstig ingelig om hulle met hul beplanning vir 2013/14 te help, insluitend die opstel van hul begrotings en personeelvoorsiening.

Sentrumbeheerliggame is gedurende September/Oktober 2012 verkies. Verkiesingsbeamptes (Sentrumbestuurders en OOV IMG-bestuurders) is in Junie 2012 opgelei. Die opleiding van die nuwe Sentrumbeheerliggame (SBL'e) oor hulle rolle en verantwoordelikhede is in Oktober 2012 aangebied.

Distriksforums vir Sentrumbestuurders is in 2012 ingestel en die eerste vergadering van die provinsiale forum vir Sentrumbestuurders is in Augustus gehou. Die instelling en bedrywighede van hierdie struktuur word gelei deur die regulerende raamwerk wat in April 2012 goedgekeur is.

Om geteikende ondersteuning aan distriksamptenare te verseker, is kwartaallikse hersienings met alle distrikte gehou.

### **Toetsuitslae**

Daar was in 2012 'n toename in die getalle wat geregistreer het om die BOOV-eksamens te skryf. 'n Totaal van 3 987 kandidate het vir een of meer leerareas geregistreer, vergeleke met 3 343 kandidate in 2011. Die aantal leerarea-inskrywings het ook toegeneem. Daar was in 2012 'n totaal van 16 987 leerarea-inskrywings, vergeleke met 14 149 in 2011 en 9 551 in 2010.

Die Wes-Kaap het die hoogste slaagsyfer in die aantal leerareas opgelewer, met 7 677 leerareas wat geslaag is vergeleke met 6 762 in 2011 en 5 451 in 2010.

Volwasse leerders het goeie uitslae behaal in die twee nuwe leerareas wat in 2012 bekendgestel is, naamlik Inligting-en-kommunikasietegnologie (85%) en Vroeëkind-ontwikkeling (94.7%). Die slaagkoers in Lewensoriëntering het van 71.1% in 2011 na 81.1% in 2012 gestyg.

## Onderwyserontwikkeling

Distriksgeredheid-besoeke is in 2012 afgelê om distrikte by te staan met hulle voorbereiding en gereedheid vir 2013. Alle Sentrumbestuurders en Terrein-koördineerders is van 'n lys sleutelprestasië-areas voorsien. Dit vorm deel van hulle kontrak met die WKOD.

Dit is uiters belangrik om toepaslik gekwalifiseerde personeel na die sektor te lok, met mededingende salarispakette. Die aanstelling van OOV-personeel is afhanklik van arbeidswetgewing wat uitgevaardig word en daar is ophoude in hierdie proses. Die implementering van die uitgevaardigde Norme- en Standaardebefondsing vir Leersentrums vir Volwasse nes sal beteken dat sentrums beter toegerus moet wees om 'n meer professionele diens aan hul gemeenskappe te lewer.

| <b>BT601</b>  |                              |                         |                              |                                     |   |  |
|---|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|---|--|
|   | Werklike prestasie 2011/2012 | Bepaalde teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking   |  |
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>                 |                              |                         |                              |                                     |   |  |
| ► PPM601: Aantal leerders in openbare BOOV-sentrums ingeskryf | 36 582                       | 20 500                  | 32 688                       | 12 188                              | As gevolg van die voorgestelde uifasering van die Senior Sertifikaat en latere hersiening van daardie reëling, is dit moeilik om inskrywing-syfers te voorspel. Baie is gedoen om die aantal Vlak 1-4 leerders deur voorspraak-programme te vermeerder. |  |
| ► PM602: Aantal opvoeders in diens by openbare BOOV-sentrums  | 1 039                        | 600                     | 1 379                        | 779                                 | Onderwyspersoneel word in verhouding tot die leerdergetalle voorsien.   |  |

## Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Bestuur van die sektor is aansienlik beïnvloed deur die aangekondigde voorneme om die ou Graad 12-kurrikulum (Verslag 550) te eindig en dit met die Nasionale Senior Sertifikaat vir Volwasse nes (NSSV) te vervang. 'n Afname in leerdergetalle en in die aantal opvoeders is verwag. Die geleentheid om matriek met die ou kurrikulum te voltooi, is egter tot 2017 uitgestel. Hierdie kurrikulum is daarom steeds by sekere GLS'e aangebied. Die program het op uitbreiding en gehalteverbeteringsoefeninge gekonsentreer en sal voortgaan om dit te doen.

## Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

| Naam van subprogram                | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|------------------------------------|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|                                    | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|                                    | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| 6.1 Subsidies aan private sentrums | 7,106            | 7,106             | -                     | 33,098           | 33,098            | -                     |
| 6.2 Professionele dienste          | 29,814           | 29,814            | -                     | -                | -                 | -                     |
| 6.3 Menslike hulpbronontwikkeling  | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Totaal</b>                      | <b>36,920</b>    | <b>36,920</b>     | <b>-</b>              | <b>33,098</b>    | <b>33,098</b>     | <b>-</b>              |

| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|---|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|   | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| <b>Lopende betalings</b>                | <b>7,106</b>     | <b>7,106</b>      | <b>-</b>              | <b>5,850</b>     | <b>5,850</b>      | <b>-</b>              |
| Vergoeding van werknemers               | 5,845            | 5,845             | -                     | 5,670            | 5,670             | -                     |
| Goedere en dienste                      | 1,261            | 1,261             | -                     | 180              | 180               | -                     |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           | <b>29,814</b>    | <b>29,814</b>     | <b>-</b>              | <b>27,248</b>    | <b>27,248</b>     | <b>-</b>              |
| Departementele agentskappe en rekeninge | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Instansies sonder winsbejag             | 29,814           | 29,814            | -                     | 27,248           | 27,248            | -                     |
| Huishoudings                            | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              |
| Geboue en ander vaste strukture         | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Masjinerie en toerusting                | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              |
| <b>Totaal</b>                           | <b>36,920</b>    | <b>36,920</b>     | <b>-</b>              | <b>33,098</b>    | <b>33,098</b>     | <b>-</b>              |

## 5.7. Program 7: Vroeëkindontwikkeling

### Doel:

Om ingevolge Witskrif 5 Vroeëkindontwikkeling (VKO) op die Graad R-vlak aan te bied.

### Die VKO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

#### *Subprogram 7.1: Graad R in openbare skole*

om spesifieke openbare gewone skole van hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is en meer skole aan te spoor om, waar ruimte dit toelaat, Graad R-klasse in te stel

#### *Subprogram 7.2: Graad R in gemeenskapskole*

om bepaalde gemeenskapsentrums [VKO onafhanklike skole] op die Graad R-vlak te ondersteun

#### *Subprogram 7.3: Professionele dienste*

om opvoeders en leerders by VKO-terreine van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

#### *Subprogram 7.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by VKO-terreine.

#### *Subprogram 7.5: Voorwaardelike toelae*

om vir die infrastruktuur vir VKO voorsiening te maak

### Strategiese doelwit

| PROGRAM 7: STRATEGIESE DOELWIT  |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese doelwit 7.1:</b> | Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig en om die Vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer. |

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>13</sup>

#### Inskrywing

Die Graad R-leerderdata wat in die jaarlikse opname vir openbare en VKO onafhanklike skole opgeteken is, dui 'n aansienlike toename in inskrywings vir Graad R-leerders aan. Die algehele inskrywing in Graad R word op meer as 76 000 aangeteken, wat bykans 10 000 meer is as die getalle wat in 2010/11 aangeteken is. Dit word toegeskryf aan die voorspraakveldtogte om ouers in te lig oor die langtermynvoordele van Graad R vir hulle jong kinders en aan beter, geverifieerde data.

<sup>13</sup> Let daarop dat die onderwysektor se templaot vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

## Ondersteuning verskaf

Die Graad R-leerderssubsidietoekenning aan 892 openbare en 356 onafhanklike skole is in 2011 verhoog om dit in lyn te bring met die vereistes van die Nasionale Norme en Standaard vir Graad R-befondsing. Befondsing het soos volg toegeneem:

| <b>Kwintiel</b> | <b>Per leerder daaglik 2010</b> | <b>Per leerder daaglik 2011</b> | <b>Nuwe bedrag per leerder per jaar</b> |
|-----------------|---------------------------------|---------------------------------|---|
| 1               | R17                             | R18                             | R3 600                                  |
| 2               | R16                             | R17                             | R3 400                                  |
| 3               | R13                             | R14                             | R2 800                                  |
| 4               | R9                              | R12                             | R2 400                                  |
| 5               | R5                              | R10                             | R2 000                                  |

Die subsidietoekenning sal in die 2013/14 boekjaar hersien word.

Subsidie-eisvorms word kwartaalliks by Hoofkantoor ingedien en word geverifieer voordat oordragbetalings aan skole gemaak word. 50,292 Graad R-leerders by openbare skole en 13,624 Graad R-leerders by VKO onafhanklike skole is in 2012/13 gesubsidieer.

In ooreenstemming met die voorskrifte in die ministeriële bepaling vir die Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP), is die minimum toelae wat aan alle VKO-praktisyns betaal word, in November 2012 van R1 272 tot R1 348 verhoog. Alle VKO-praktisyns wat tans op leerlingskapprogramme is, word deur die verhoogde toelae bevoordeel. Hierdie verhoging het 'n positiewe invloed op die bywoning van rekrute in die opleidingsklasse gehad.

Dertig model-Graad R-klasse is in 2012/13 ingestel. Dit word gebruik om beste praktyke in VKO met naburige skole te deel. Hierdie 30 terreine het die areas buite hulle klaskamers opgegradeer om leerders te help om hul grootmotoriese vaardighede te ontwikkel. 59 nuwe Graad R-klaskamers is verskaf en 100 skole het ook befondsing vir meubels en 'n basiese VKO-hulpbronsel vir hierdie nuwe en addisionele klasse ontvang.

150 skole het VKO-stelle ontvang en die Graad R-praktisyns in hierdie skole is in die doeltreffende aanwending van die toerusting tot voordeel van die Graad R-leerders opgelei. Sommige van die items in die VKO-stelle sluit geletterdheid- en gesyferdheid-speletjies en legkaarte, houtblokke, boustelle, fiksie en niefiksie-boeke, musiek-instrumente en speelgoed met wiele in.

## **Toetsuitslae**

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement, wat die assessering van sekere Graad R-leerders in 2011 bekendgestel het, het onderneem om in 2012 alle Graad R-leerders by geselekteerde skole te assesser. 17 536 Graad R-leerders is tussen September en November 2012 deur opgeleide amptenare van die WKOD geassesseer. Die algehele persentasie van leerders wat as gereed vir Graad 1 in die geteikende skole geassesseer is, was 39%. Die areas waarin leerders die minste goed presteer het, was visuele en ouditiewe persepsie en lae woordeskatvlakke. Die behoeftes wat deur hierdie oefening aan die lig gebring is, was 'n bevestiging van die WKOD se besluit om voort te gaan met die versterking van elke aspek van die Graad R-programme om te verseker dat dit van die vereiste gehalte is.

## **Onderwyserontwikkeling**

5 378 VKO-praktisyns is tans op VKO-Vlak 1, 4 of 5 leerlingskapprogramme wat by elk van die ses Wes-Kaapse VOO-kolleges aangebied word. 1 000 werklose persone was begunstigdes van 'n program vir VKO-praktisyn-assistente en 14 bykomende persone is as administratiewe ondersteuningspersoneel gekontrakteer. Die 10-maande Vlak 1-opleidingsprogram is deur die VOO-kolleges aangebied en die WKOD het die ontwikkeling van geakkrediteerde Vlak 1-leermateriaal verseker.

Die WKOD het die Nasionale UOWP Maatskaplike Sektor Kamoso-toekenning vir die beste Provinsiale VKO-program ontvang. Weskus-kollege het die toekenning vir die beste provinsiale VKO-leerlingskapprogram, Phakamisa 2 ontvang en Boland Kollege was in die tweede plek.

## **Hulpbronne/ander ondersteuning verskaf**

'n Finansiële bestuurshandleiding vir Graad R is saamgestel om skoolbestuurspanne te ondersteun met die effektiewe en doeltreffende benutting van subsidietoeënnings. Skoolhoofde en benoemde SBL-lede van openbare en VKO onafhanklike skole het die inligtingsessies bygewoon.

Hoofkantoor- en distriksamptenare het die benutting van subsidies by 120 openbare en VKO onafhanklike skole gemonitor en hierdie monitering sal in die volgende finansiële jaar voortduur.

Die WKOD het tot die konsep-geïntegreerde provinsiale strategie vir Vroeë-kindontwikkeling, in samewerking met die Departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, bygedra en is verantwoordelik vir die opleiding van alle personeel by VKO-terreine. Dit sluit die opleiding van VKO-praktisyns, SBL'e, versorgers, ouers, skoolhoofde van VKO-terreine, kokke en tuiniers in om die doeltreffende bestuur van hierdie terreine en verbeterde dienslewering tot voordeel van kinders van geboorte tot vier jaar oud te verseker.

Grassroots EducareTrust het die bestuur en raadslede van 200 VKO-gemeenskapsterreine in korporatiewe beheer en finansiële bestuur opgelei. 1 000 afgevaardigdes het hierdie sessies bygewoon en hul terugvoering is dat dit insiggewend en produktief was.



| <b>BT701</b>   |                              |                         |                              |                                     |  |
|--|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|--|
|  | Werklike prestasie 2011/2012 | Bepaalde teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking  |
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>                    |                              |                         |                              |                                     |  |
| ► PPM701: Aantal leerders in Graad R in openbare skole ingeskryf | 50 495                       | 54 500                  | 60 158                       | 5 658                               | Die uitbreidingsprogram verseker die volgehoue toename in inskrywing in Graad R. Soos skole en ouers die impak van 'n goeie Graad R-program op leer besef, is daar toenemende aandag om toegang en leerder-inskrywing te verseker. |
| ► PPM702: Aantal openbare skole wat Graad R aanbied              | 886                          | 850                     | 963                          | 113                                 | Die uitbreidingsprogram het tot toenemende voorsiening in hierdie sektor gelei.  |
| <b>Programprestasie-aanwysers (provinsiaal)</b>                  |                              |                         |                              |                                     |  |
| PPA 7.1 Nuutgeboude Graad R-klaskamers                           | 68                           | 65                      | 59                           | -6                                  | Die kontrakteur kon nie die werk volgens skedule voltooi nie.  |
| PPA 7.2 Addisionele VKO-stelle aan openbare gewone skole         | 350                          | 130                     | 130                          | 0                                   |  |
| PPA 7.3 Addisionele VKO-stelle aan onafhanklike skole            | 100                          | 20                      | 20                           | 0                                   |  |

## Strategie om gebiede van onderprestasi op te los

- Fokus op verbeterde opleiding van onderwysers
- Konsentreer op skoolgereedheidsprogramme
- Verseker dat skole voor die aanvang van die Graad R- akademiese jaar in besit van alle LOOM is.
- Monitor die doeltreffende benutting van Graad R-subsidies by openbare gewone skole.

## Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasi aan begrotings

| Naam van subprogram               | 2012/2013        |                   |                         | 2011/2012        |                   |                         |
|-----------------------------------|------------------|-------------------|-------------------------|------------------|-------------------|-------------------------|
|                                   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onder-besteding |
|                                   | R'000            | R'000             | R'000                   | R'000            | R'000             | R'000                   |
| 7.1 Graad R in openbare skole     | 222,465          | 222,465           | -                       | 212,588          | 210,186           | 2,402                   |
| 7.2 Graad R in gemeenskapsentrums | 43,194           | 43,194            | -                       | 46,838           | 46,838            | -                       |
| 7.3 Professionele dienste         | -                | -                 | -                       | -                | -                 | -                       |
| 7.4 Menslike hulpbronontwikkeling | 101,250          | 101,250           | -                       | 86,360           | 86,031            | 329                     |
| 7.5 Voorwaardelike toelaes        | 54,442           | 54,442            | -                       | 35,010           | 35,006            | 4                       |
| <b>Totaal</b>                     | <b>421,351</b>   | <b>421,351</b>    | <b>-</b>                | <b>380,796</b>   | <b>378,061</b>    | <b>2,735</b>            |

| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013        |                   |                         | 2011/2012        |                   |                         |
|---|------------------|-------------------|-------------------------|------------------|-------------------|-------------------------|
|   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ Onder-besteding |
|   | R'000            | R'000             | R'000                   | R'000            | R'000             | R'000                   |
| <b>Lopende betalings</b>                | <b>100,000</b>   | <b>100,000</b>    | <b>-</b>                | <b>116,605</b>   | <b>114,203</b>    | <b>2,402</b>            |
| Vergoeding van werknemers               | 64,203           | 64,203            | -                       | 66,257           | 63,855            | 2,402                   |
| Goedere en dienste                      | 35,797           | 35,797            | -                       | 50,348           | 50,348            | -                       |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           | <b>283,894</b>   | <b>283,894</b>    | <b>-</b>                | <b>225,723</b>   | <b>225,390</b>    | <b>333</b>              |
| Departementele agentskappe en rekeninge | -                | -                 | -                       | -                | -                 | -                       |
| Instansies sonder winsbejag             | 283,593          | 283,593           | -                       | 225,524          | 225,191           | 333                     |
| Huishoudings                            | 301              | 301               | -                       | 199              | 199               | -                       |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      | <b>37,457</b>    | <b>37,457</b>     | <b>-</b>                | <b>38,468</b>    | <b>38,468</b>     | <b>-</b>                |
| Geboue en ander vaste strukture         | 37,457           | 37,457            | -                       | 38,468           | 38,468            | -                       |
| Masjinerie en toerusting                | -                | -                 | -                       | -                | -                 | -                       |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | -                | -                 | -                       | -                | -                 | -                       |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    |                  |                   |                         |                  |                   |                         |
| <b>Totaal</b>                           | <b>421,351</b>   | <b>421,351</b>    | <b>-</b>                | <b>380,796</b>   | <b>378,061</b>    | <b>2,735</b>            |

## 5.8. Program 8: Hulpdienste en verwante dienste

### Doel:

Om die onderwysinstellings as 'n geheel van ondersteuning te voorsien.

### Die Hulp- en Verwante Dienste-program bestaan uit die volgende subprogramme:

*Subprogram 8.1: Betalings aan SETA*

om ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling menslike hulpbronontwikkeling aan werknemers te voorsien

*Subprogram 8.2: Voorwaardelike toelae-projekte*

om vir projekte voorsiening te maak soos deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer, wat op meer as een program van toepassing is en uit voorwaardelike toelae befonds word

*Subprogram 8.3: Eksterne eksamens*

om vir departementeel-bestuurde eksamendienste voorsiening te maak

### Strategiese doelwit

| PROGRAM 8: STRATEGIESE DOELWIT  |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese doelwit 8.1:</b> | Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en om leer te ondersteun |

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie<sup>14</sup>

#### Eksamens

Die WKOD het in 2012 vyf belangrike eksamens in ooreenstemming met die toepaslike beleide en regulasies geadministreer. Hierdie eksamens is:

- i. Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (Oktober/November);
- ii. Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende eksamens (Februarie/Maart van elke jaar)
- iii. Senior Sertifikaat-eksamen (Mei/Junie van elke jaar tot en met 2017)
- iv. BOOV Vlak 1-4 eksamens (Mei/Junie)
- v. BOOV Vlak 1-4 eksamens (Oktober/November)

'n Totaal van 45 561 voltydse kandidate in 426 eksamensentrums het vir die 2012 NSS-eksamen geregistreer, terwyl 'n totaal van 44 700 kandidate in werklikheid die eksamens geskryf het.

Daarbenewens is die Jaarlikse Nasionale Assesserings in Graad 1-6 en 9 geskryf. Hierdie vraestelle word deur die Departement van Basiese Onderwys opgestel en aan provinsies vir administrasie verskaf. Die doel van die assesserings is om die nasionale fokus op die verbetering van die lees-, skryf- en rekenvaardighede van leerders in Graad 1-6 en Graad 9 te ondersteun.

<sup>14</sup> Let daarop dat die onderwyssektor se templaar vir die jaarlikse prestasieplan nie vereis dat departemente afsonderlike strategiese doelwit-aanwysers moet verskaf nie. In hierdie geval verrig die provinsiale programprestasie-aanwysers die funksie.

Die Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse is van 18 tot 21 September 2012 geskryf. Dit was die eerste jaar dat 'n nasionale toets van hierdie omvang op provinsiale vlak onderneem is. In die Wes-Kaap is 'n totaal van 605 322 leerders geregistreer om die toetse te skryf, wat by 1 451 skole in die provinsie plaasgevind het.

Sekuriteit van eksamens is 'n belangrike prioriteit. Alle eksamenprosesse en -prosedures word ingevolge die betrokke wetgewing bestuur. Skoolhoofde en senior onderwysers is in September 2012 opgelei om die eksamenproses op skoolvlak te bestuur. Toesighouding oor eksamens word deur beide onderwysers en eksterne lede van die gemeenskap waargeneem. Dit verleen geloofwaardigheid aan die eksamenprosesse en -uitslae.

Ten einde die gehalte van NSS-nasiening te verbeter, is bevoegdheidstoetse gedurende April-Mei 2012 vir nasieners in tien vakke uitgevoer. Dit is duidelik dat die standaard en gehalte van nasiening in hierdie vakke verbeter het.

Om te verseker dat die skoolgebaseerde assesseringspunte (SBA) geldig en betroubaar is, moet onderwysers die assesseringstake by die vakhoof op skoolvlak vir moderering indien. Kurrikulumadviseurs voer deurlopende moderering van SBA op skoolvlak uit. Moderering van SBA word ook op provinsiale vlak gedoen, voordat die moderering deur die Departement van Basiese Onderwys en Umalusi gedoen word. Waar SBA-punte as ongeldig bevind word, word die skole na die distrik vir die ondersteuning en intervensie verwys.

Skole en leerders wat besonder goed presteer het, het erkenning by die jaarlikse toekenningsgeleentheid ontvang wat op 10 Januarie 2013 gehou is.

Die Senior Sertifikaat-eksamens vir volwasse leerders op grond van die vorige kurrikulum sal voortgaan om tot 2017 aangebied te word. Die aantal eksamen-sentrums het oor die jare afgeneem as deel van 'n formele rasionaliseringsoefening wat verseker dat die hoogste standarde van toegang en beheer gehandhaaf word.

| BT801  |                              |                         |                              |                                     |  |
|--|------------------------------|-------------------------|------------------------------|-------------------------------------|--|
|  | Werklike prestasie 2011/2012 | Beplande teiken 2012/13 | Werklike prestasie 2012/2013 | Afwyking tussen teiken en prestasie | Kommentaar oor afwyking  |
| <b>Programprestasiemaatstawwe (nasionaal)</b>  |                              |                         |                              |                                     |  |
| ▶ PPM801: Aantal kandidate vir die Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens (matriekeksamen) | 39 988                       | 45 000                  | 44 700                       | -300                                | Daar was 45 561 kandidate wat vir die eksamen geregistreer het, wat beteken dat die registrasie-teiken geskik was. 'n Aantal faktore beïnvloed wie uiteindelik die eksamens sal skryf, soos leerder-swangerskap, siekte en ander uitdagings. |
| ▶ PPM802: Aantal kandidate vir die BOOV NKR-vlak 4-eksamens  | 3 338                        | 2 000                   | 3 987                        | 1 987                               | 'n Nuwe kwalifikasie, wat slaagsyfers in minder vakke vereis, is in November 2012 bekendgestel. Die bekendstelling van praktiese vakke soos IKT en Vroeëkindontwikkeling het 'n aantal leerders gelok.                                       |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

- Opleiding van skoolhoofde in nuwe assesseringsvereistes
- Verbetering van die nasiening van skrifte
- Voortgesette gebruik van data om intervensies te ondersteun
- Voortdurende administrasie en uitbreiding van bevoegdheidstoetse vir nasieners.

### Veranderinge aan beplande teikens

Nie van toepassing nie.

## Koppeling van prestasie aan begrotings

| Naam van subprogram                | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|------------------------------------|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|                                    | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|                                    | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| 8.1 Betalings aan SETA             | 5,524            | 5,524             | -                     | 5,256            | 5,256             | -                     |
| 8.2 Voorwaardelike toelae-projekte | 17,416           | 16,552            | 864                   | 16,388           | 14,088            | 2,300                 |
| 8.3 Eksterne eksamens              | 136,242          | 136,242           | -                     | 112,944          | 112,742           | 202                   |
| <b>Totaal</b>                      | <b>159,182</b>   | <b>158,318</b>    | <b>864</b>            | <b>134,588</b>   | <b>132,086</b>    | <b>2,502</b>          |

| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013        |                   |                       | 2011/2012        |                   |                       |
|---|------------------|-------------------|-----------------------|------------------|-------------------|-----------------------|
|   | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onderbesteding |
|   | R'000            | R'000             | R'000                 | R'000            | R'000             | R'000                 |
| <b>Lopende betalings</b>                | <b>152,928</b>   | <b>152,064</b>    | <b>864</b>            | <b>126,156</b>   | <b>123,902</b>    | <b>2,254</b>          |
| Vergoeding van werknemers               | 85,903           | 85,903            | -                     | 76,184           | 76,184            | -                     |
| Goedere en dienste                      | 67,025           | 66,161            | 864                   | 49,972           | 47,718            | 2,254                 |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           | <b>5,955</b>     | <b>5,955</b>      | <b>-</b>              | <b>8,315</b>     | <b>8,067</b>      | <b>248</b>            |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 5,524            | 5,524             | -                     | 5,256            | 5,256             | -                     |
| Instansies sonder winsbejag             | (5)              | (5)               | -                     | 3,000            | 2,806             | 194                   |
| Huishoudings                            | 436              | 436               | -                     | 59               | 5                 | 54                    |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      | <b>299</b>       | <b>299</b>        | <b>-</b>              | <b>117</b>       | <b>117</b>        | <b>-</b>              |
| Geboue en ander vaste strukture         | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| Masjinerie en toerusting                | 299              | 299               | -                     | 117              | 117               | -                     |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | -                | -                 | -                     | -                | -                 | -                     |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              | <b>-</b>         | <b>-</b>          | <b>-</b>              |
| <b>Totaal</b>                           | <b>159,182</b>   | <b>158,318</b>    | <b>864</b>            | <b>134,588</b>   | <b>132,086</b>    | <b>2,502</b>          |

## 6. Opsomming van finansiële inligting

### 6.1. Departementele ontvangste

| Departementele ontvangste                            | 2012/2013     |                            |                         | 2011/2012     |                            |                         |
|--|---------------|----------------------------|-------------------------|---------------|----------------------------|-------------------------|
|  | Beraming      | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-)/Onderinvordering | Beraming      | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-)/Onderinvordering |
|  | R'000         | R'000                      | R'000                   | R'000         | R'000                      | R'000                   |
| <b>Belastingontvangste</b>                           |               |                            |                         |               |                            |                         |
| Verkoop van goedere en dienste buiten kapitale bates | 10,974        | 13,172                     | (2,198)                 | 10,466        | 12,611                     | (2,145)                 |
| Boetes, strafgeld en verbeurings                     | 228           | 761                        | (533)                   | 228           | 560                        | (332)                   |
| Rente, dividende en huur vir grond                   | 1,998         | 3,530                      | (1,532)                 | 1,998         | 1,081                      | 917                     |
| Verkoop van kapitale bates                           | -             | -                          | -                       | -             | -                          | -                       |
| Transaksies in finansiële bates en laste             | 11,333        | 24,418                     | (13,085)                | 11,333        | 19,666                     | (8,333)                 |
| <b>Totaal</b>  | <b>24,533</b> | <b>41,881</b>              | <b>(17,348)</b>         | <b>24,025</b> | <b>33,918</b>              | <b>(9,893)</b>          |

Eie inkomste wat deur die departement gegenerer is, beloop 0,3% van die totale begroting.

Die Departement se belangrikste bronne van eie inkomste is-

- Invordering van skuld aan die departement verskuldig.
- Kommissie op versekering en loonbeslagorde-aftrekkings.
- Fooie gehef vir eksamenverwante dienste, bv. die hernasiening van vraestelle, versoek om afskrifte van senior en ander sertifikate. Hierdie tariewe word deur die (nasionale) Departement van Basiese Onderwys bepaal.
- Reprografiese dienste aan ander provinsiale departemente gelewer.

Alle tariewe word in 'n tariefregister gelys en word in elektroniese formaat geberg.

Die oorverhaling op departementele ontvangste vir 2012/13 is R17,348 miljoen en word hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf:

- Verbeterde invordering van departementele skuld en die verhaling van fondse ten opsigte van vorige jare se uitgawes.

## 6.2. Programuitgawes

| Naam van program                              | 2012/2013         |                   |                        | 2011/2012         |                   |                        |
|---|-------------------|-------------------|------------------------|-------------------|-------------------|------------------------|
|   | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding |
|   | R'000             | R'000             | R'000                  | R'000             | R'000             | R'000                  |
| Administrasie                                 | 520,730           | 510,807           | 9,923                  | 532,038           | 532,038           | -                      |
| Openbare gewone skoolonderwys                 | 11,712,784        | 11,655,694        | 57,090                 | 10,906,432        | 10,896,316        | 10,116                 |
| Subsidies vir onafhanklike skole              | 72,321            | 72,321            | -                      | 64,188            | 63,554            | 634                    |
| Openbare spesiale skoolonderwys               | 839,366           | 835,176           | 4,190                  | 791,341           | 791,341           | -                      |
| Verdere onderwys en opleiding                 | 597,589           | 597,523           | 66                     | 534,671           | 534,659           | 12                     |
| Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes | 36,920            | 36,920            | -                      | 33,098            | 33,098            | -                      |
| Vroeëkindontwikkeling                         | 421,351           | 421,351           | -                      | 380,796           | 378,061           | 2,735                  |
| Hulpdienste en verwante dienste               | 159,182           | 158,318           | 864                    | 134,588           | 132,086           | 2,502                  |
| <b>Totaal</b>                                 | <b>14,360,243</b> | <b>14,288,110</b> | <b>72,133</b>          | <b>13,377,152</b> | <b>13,361,153</b> | <b>15,999</b>          |

| Ekonomiese klassifikasie                | 2012/2013         |                   |                        | 2011/2012         |                   |                        |
|---|-------------------|-------------------|------------------------|-------------------|-------------------|------------------------|
|   | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting  | Werklike uitgawes | (Oor-)/Onder-besteding |
|   | R'000             | R'000             | R'000                  | R'000             | R'000             | R'000                  |
| <b>Lopende betalings</b>                |                   |                   |                        |                   |                   |                        |
| Vergoeding van werknemers               | 10,740,561        | 10,735,885        | 4,676                  | 9,999,485         | 9,997,071         | 2,414                  |
| Goedere en dienste                      | 1,326,192         | 1,274,013         | 52,179                 | 1,236,375         | 1,230,963         | 5,412                  |
| <b>Oordragte en subsidies</b>           |                   |                   |                        |                   |                   |                        |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 5,534             | 5,534             | -                      | 5,256             | 5,256             | -                      |
| Instansies sonder winsbejag             | 1,605,054         | 1,603,326         | 1,728                  | 1,391,131         | 1,389,926         | 1,205                  |
| Huishoudings                            | 79,648            | 79,623            | 25                     | 87,919            | 87,865            | 54                     |
| Geskenke en donasies                    | 12                | 12                | -                      | 10                | 10                | -                      |
| <b>Betaling vir kapitale bates</b>      |                   |                   |                        |                   |                   |                        |
| Geboue en ander vaste strukture         | 527,718           | 522,788           | 4,930                  | 598,135           | 591,221           | 6,914                  |
| Masjinerie en toerusting                | 56,432            | 47,837            | 8,595                  | 54,949            | 54,949            | -                      |
| Sagteware en ander ontasbare bates      | 856               | 856               | -                      | 1,850             | 1,850             | -                      |
| <b>Betaling vir finansiële bates</b>    | 18,236            | 18,236            | -                      | 2042              | 2042              | 0                      |
| <b>Totaal</b>                           | <b>14,360,243</b> | <b>14,288,110</b> | <b>72,133</b>          | <b>13,377,152</b> | <b>13,361,153</b> | <b>15,999</b>          |



Die departement het vir 2012/13 fondse vir prioriteitsitems toegeken, naamlik infrastruktuur, handboeke en personeel.

Besteding aan infrastruktuur in 2012/13 het R750,7 miljoen beloop en het R152,5 miljoen vir die onderhoud van skoolgeboue ingesluit. Agt nuwe skole en twee vervangingskole is gebou. 59 Graad R-klaskamers, 15 uitbreidingsklaskamers en 75 mobiele klaskamers is ook gebou.

Buiten die norme- en standaardfondse wat aan gewone openbare skole toegeken is, waarvan 50% vir die aankoop van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal benut moet word, het die WKOD R144,3 miljoen in handboeke, onderwysersgidse en kernlesers belê om die implementering van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) in die intermediêre fase (Graad 4-6) en Graad 11 te ondersteun. Die WKOD het aan elke leerder in Graad 5 tot 6 'n handboek vir elk van die ses vakke wat aangebied word en sewe handboeke vir elke Graad 11-leerder voorsien.

Aangesien besteding op vergoeding van werknemers (KvW) uit 75,1% van die totale uitgawes van die departement bestaan, is die bestuur van die diensstaat van die WKOD van kritieke belang om die algehele besteding van die departement binne die beskikbare begroting te hou, asook om die opvoedkundige sukses van skole te verseker. Ten einde die stygende koste van KvW te dek, het die WKOD doeltreffendheidsmaatreëls, soos die aanstelling van meer permanente onderwysers, vir die KvW ingestel en die uitkoms hiervan het die departement in staat gestel om 'n verbeterde leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase te implementeer.

Gegewe die algemene toestand van die ekonomie, het die Wes-Kaapse nasionale kwintiel 4- en 5-skole steeds finansiële druk as gevolg van inflasie en ander ekonomiese toestande ervaar. Die beleid ten opsigte van vergoeding vir fooivystelling, wat in 2011/12 geïmplementeer is, is verder in 2012/13 uitgerol met meer skole wat aansoek om vergoeding gedoen het. Dit het nasionale kwintiel 4 en 5 skole in staat gestel om van die fooie te verhaal waarvoor skoolfooivystellings toegeken is. Die grootmaat-aankope van KABV-handboeke vir sekere grade het skole ook gehelp om die druk van sekere koste te verlig, aangesien hulle KABV-handboeke, wat nie deur die WKOD verskaf word nie, met hul toekennings vir norme- en-standaardebefondsing kon aankoop. Voortgesette omsigtige finansiële bestuur het ook die WKOD in staat gestel om R16,7m ter syde te stel om skole te help om die agterstand in munisipale diensteskulde te delg.

Die departement het 99,5% van die aansuiweringsbegroting vir 2012/13 bestee. Onderbesteding het R72,1 miljoen of 0.5% van die aangesuiwerde begroting beloop, wat goed binne die nasionale norm van 2% is.

### 6.3. Oordragbetalings buiten openbare entiteite

Die tabel hieronder toon die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2012 tot 31 Maart 2013 gemaak is.

| Naam van oordragontvanger        | Doel waarvoor fondse aangewend is                          | Nakoming van artikel 38(1)(j) van die PFMA | Bedrag oorge-dra (R'000) | Bedrag deur entiteit bestee (R'000) | Redes vir nie-besteding |
|----------------------------------|--|--|--------------------------|-------------------------------------|-------------------------|
| Openbare Gewone Skole            | Infrastruktuur (onderhoud en opgraderings)                 | Ja   | 145,707                  | 145,707                             | NvT                     |
|                                  | Werkwinkeltoerusting en gereedskap                         | Ja   | 11,877                   | 11,877                              | NvT                     |
|                                  | Mobiele kombuise   | Ja   | 15,891                   | 14,166                              | NvT                     |
|                                  | Koshuissubsidie  | Ja   | 32,239                   | 32,239                              | NvT                     |
|                                  | Norme en standaarde  | Ja   | 438,297                  | 438,297                             | NvT                     |
|                                  | Tuingereedskap   | Ja   | 2,805                    | 2,805                               | NvT                     |
|                                  | Leerdervoer  | Ja   | 34,382                   | 34,382                              | NvT                     |
|                                  | Internet-konnektiwiteit                                    | Ja   | 18,214                   | 18,214                              | NvT                     |
|                                  | Skoolhandboeke   | Ja   | 13,911                   | 13,911                              | NvT                     |
|                                  | Tegniese vakke   | Ja   | 10,160                   | 10,160                              | NvT                     |
|                                  | Veilige skole-sekuriteit                                   | Ja   | 31462                    | 31462                               | NvT                     |
|                                  | Beurse   | Ja   | 4,839                    | 4,839                               | NvT                     |
|                                  | Voorwaardelike toelae: Dinaledi/tegniese herkapitalisering | Ja   | 1,131                    | 1,131                               | NvT                     |
|                                  | Wiskunde en wetenskap                                      | Ja   | 3,736                    | 3,736                               | NvT                     |
| Subsidies vir onafhanklike skole | Subsidie   | Ja   | 72,321                   | 72,321                              | NvT                     |
| Openbare spesiale skoolonderwys  | Subsidie   | Ja   | 112,731                  | 112,731                             | NvT                     |
|                                  | Toerusting (huishoudelik/kantoor)                          | Ja   | 2,113                    | 2,113                               | NvT                     |
|                                  | Busse  | Ja   | 3,220                    | 3,220                               | NvT                     |
|                                  | Opgradering van infrastruktuur                             | Ja   | 9,297                    | 9,297                               | NvT                     |
|                                  | Werkwinkeltoerusting en gereedskap                         | Ja   | 2,300                    | 2,300                               | NvT                     |
| Verdere Onderwys en Opleiding    | Opgradering/onderhoud van infrastruktuur                   | Ja   | 49,022                   | 49,022                              | NvT                     |
|                                  | Subsidie   | Ja   | 274,263                  | 274,263                             | NvT                     |
| BOOV-sentrums                    | Subsidie   | Ja   | 29,814                   | 29,814                              | NvT                     |
| Vroeëkindontwikkeling-sentrums   | Subsidie   | Ja   | 282,061                  | 282,061                             | NvT                     |
|                                  | Leerdervoer  | Ja   | 515                      | 515                                 | NvT                     |
|                                  | Meubels  | Ja   | 1,018                    | 1,018                               | NvT                     |

Oordragbetalings word aan opvoedkundige instellings gemaak ingevolge die betrokke wette van die Parlement wat vir hulle geld. Oordragbetalings word byvoorbeeld aan openbare gewone skole vir norme en standarde gemaak, soos deur die Suid-Afrikaanse Skolewet uiteengesit. Bylae 1B van die finansiële jaarstate verskaf 'n meer gedetailleerde verduideliking vir elke soort entiteit.

Die departement pas artikel 38(i)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (PFMA) toe, wat vereis dat opvoedkundige instellings wat oordragbetalings ontvang, bewys moet lewer dat hulle die fondse vir die beoogde doel aanwend. Die betrokke opvoedkundige instellings moet 'n verklaring aflê en sertifikaat onderteken voordat die volgende oordragbetalings gedoen word. Hulle is verder ingevolge die wetgewing wat op die spesifieke opvoedkundige instelling van toepassing is, ook verantwoordelik daarvoor om hulle geouditeerde finansiële state teen 'n sperdatum vir hersiening en nakoming in te dien. Die Onderwysdistrikskantore skenk veral aandag aan kapasiteitsbou in finansiële bestuur op skoolvlak en voorsien volgehoue ondersteuning. Hierdie proses word op 'n deurlopende basis gemonitor.

#### 6.4. Openbare entiteite

Nie van toepassing nie.

#### 6.5. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal

Nie van toepassing nie.

#### 6.6. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang

**Tabel: Opsomming van voorwaardelike toelaes vir 2012/13 (R'000)**

| Voorwaardelike toelae  | Aange-suiwerde begroting 2012/13 | Oor-dragte van 2011/12 | Totale begroting 2012/13 | Totale oor-dragte ontvang | Werklike uitgawes 2012/13 | % afwyking van teiken |
|--|----------------------------------|------------------------|--------------------------|---------------------------|---------------------------|-----------------------|
|  | R'000                            | R'000                  | R'000                    | R'000                     | R'000                     |                       |
| MIV/vigs (lewensvaardighede-onderdig)  | 17,416                           | 0                      | 17,416                   | 17,416                    | 16,552                    | 5.0%                  |
| Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)  | 244,784                          | 804                    | 245,588                  | 245,588                   | 236,669                   | 3.6%                  |
| Sektor vir Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges                                     | 597,589                          | 0                      | 597,589                  | 597,589                   | 597,523                   | 0%                    |
| Onderwysinfrastruktuur-toekenning  | 431,397                          | 0                      | 431,397                  | 431,397                   | 431,397                   | 0%                    |
| Herkapitalisering vir Tegniese Sekondêre Skole   | 11,264                           | 0                      | 11,264                   | 11,264                    | 9,250                     | 17.9%                 |
| Dinaledi Skole   | 9,571                            | 0                      | 9,571                    | 9,571                     | 4,585                     | 52.1%                 |
| Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) geïntegreerde toelae vir provinsies          | 1,000                            | 0                      | 1,000                    | 1,000                     | 1,000                     | 0%                    |
| Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbare Werkeprogram – Aansporingskema vir Provinsies | 23,924                           | 0                      | 23,924                   | 23,924                    | 23,903                    | 0%                    |
| <b>Totaal</b>  | <b>1,336,945</b>                 | <b>804</b>             | <b>1,337,749</b>         | <b>1,337,749</b>          | <b>1,320,879</b>          | <b>1.3%</b>           |

Al die vereistes ingevolge die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2011 ten opsigte van bogenoemde voorwaardelike toelaes is nagekom:

- Alle oordragte ontvang is in die departement se bankrekening gedeponeer;
- Fondse is volgens die sakeplanne bestee;
- Voorwaardes van die voorwaardelike toelaes, soos in die goedgekeurde sakeplanne uiteengesit, is nagekom.

#### *Monitering*

Monitering van elke toelae het deur middel van maandelikse verslagdoening, kontroles en terreinbesoeke deur die betrokke amptenare plaasgevind en verbeterings is op 'n deurlopende grondslag aangebring. Die verkrygingsprosesse vir die Tegniëse Skole Herkapitaliseringstoelae en die Dinaledi-toelae is gesentraliseer en tyd is aan elkeen bestee om te verseker dat alle voorwaardes nagekom word en dat geen verkwiste besteding plaasvind nie, byvoorbeeld in gevalle waar items of opleiding in die programme nie deur die betrokke skole benodig was nie. Aan die een hand het die maatreëls tot besparings gelei en aan die ander hand het dit beteken dat sekere prosesse langer geneem het as wat verwag is, gegewe die omvang van die gehaltebeheer wat in plek was.

#### *Redes vir onbestede fondse*

- R8,919 miljoen vir die Nasionale Skoolvoedingsprogram Voorwaardelike Toelae. Die bedrag van R4,565 miljoen is toegewys vir vars vrugte en groente wat gedurende die maand van Maart 2013 verskaf is, maar fakture is nie betyds vir betaling voorgelê nie.
- R2,014 miljoen vir die Tegniëse Sekondêre Skole Herkapitalisering Voorwaardelike Toelae. Die bedrag is toegewys vir die herstel van infrastruktuur in werkwinkels by tegniëse sekondêre skole. Die uitstaande fakture is laat ontvang en is nie voor 31 Maart 2013 op BAS vasgelê nie.
- R4,986 miljoen vir die Dinaledi-skole Voorwaardelike Toelae. Die bedrag van R3,270 miljoen is as gevolg van vertraging in die tenderprosedures vir die verkryging van IKT-toerusting en infrastruktuur by fokusskole. As gevolg van die vertraging, is fakture vir die toewysing nie voor 31 Maart 2013 op BAS vasgelê nie.
- R864 000 vir die MIV/Vigs (Lewensvaardighede-onderwys) Voorwaardelike Toelae. Die bedrag is as gevolg van uitstaande eise wat nie deur die Departement Gesondheid ingedien is kragtens die Memorandum van Ooreenkoms tussen die Departemente van Onderwys en Gesondheid nie.

| Toelae/Tipe/Oordraende Departement/Doel   | Aanwyser (bewoord volgens nasionale teks)  | Verwagte uitsette   | Werklike uitsette behaal  | Bespreking oor afwyking                             |
|---|--|---|---|---|
| <p><b>MIV/Vigs (lewensvaardighede-onderdig)</b><br/>Skedule: 5</p> <p><b>Oorgedra deur:</b><br/>Departement van Basiese Onderwys</p> <p><b>Doel:</b> Om Suid-Afrika se MIV-voorkomingstrategie te ondersteun deur kennis, vaardighede en gepaste besluitneming oor seksuele en reprodktiewe gesondheid onder leerders en opvoeders te versterk; om die impak van MIV te verminder 'n sorgsame, ondersteunende en bemagtigende omgewing vir leerders en opvoeders te skep; om die voorsiening van 'n veilige, regtegebaseerde omgewing in skole te verseker wat vry is van diskriminasie, stigma en enige vorm van seksuele teistering/misbruik.</p> | <p><b>Voorspraak</b><br/>Bewusmaking van HIV se risikofaktore – skool en publiek</p>   | 1 458 skole<br>Aanvulling van noodhulpmiddels by alle skole afgelewer | 1 458 skole<br>Aanvulling van noodhulpmiddels by alle skole afgelewer | Teiken behaal                                       |
|   | <p><b>Opleiding en ontwikkeling</b><br/>Werkswinkels vir opvoeders en skoolhoofde in die ontwikkeling van kapasiteit en vaardighede: Integrasie van seksuele en reprodktiewe gesondheid en MIV- programme by die skoolkurrikulum, Soul Buddyz-opvoederopleiding<br/>Werkswinkels in leerder-lewensvaardighede om hoë-risiko gedrag in Graad 8 – 11 aan te pak</p>              | 1 150 opvoeders<br>320 skoolhoofde/ SBS/SBL<br><br>2 000              | 1 463 opvoeders<br>346 skoolhoofde/SBS/SBL<br><br>2 405 leerders      | Teiken behaal<br>Teiken behaal<br><br>Teiken behaal |
|   | <p><b>Ko-kurrikulêr</b><br/><b>Portuuronderwys in sekondêre skole:</b> 'n Program van gehalte in kurrikulumgebaseerde voorkomende en skoolgebaseerde lewensvaardighede portuur-onderwys) in sekere sekondêre skole aangebied.</p>  | 124 skole   | 124 skole   | Teiken behaal                                       |
|   | Portuuronderwys-werkswinkels vir meesteropleiers deur implementerende NWO's.   | 34 meesteropleiers  | 34 meesteropleiers  | Teiken behaal                                       |
|   | RCL-uitreikprogram om seksuele en reprodktiewe gesondheid, MIV, HCT, tiener-swangerskap, verhoudings, positiewe lewenstylkeuses en leierskap te behandel   | 400 leerders  | 430 leerders oor alle distrikte                                       | Teiken behaal                                       |
|   | Ondersteuning van opvoederopleiding in Soul Buddyz-klubs om Soul Buddyz-klubs in laerskole te bestuur en ondersteun  | 50 opvoeders  | 106 opvoeders   | Teiken behaal                                       |
|   | <p><b>Sorg en ondersteuning:</b><br/>Werkswinkels vir leerders waar daar op tiener-swangerskap gefokus word<br/>Verskaffing van bykomende hulpbronmateriaal aan geselekteerde skole van hoë risiko om weeskinders en kwesbare leerders te ondersteun<br/>Persoonlike meesterskap-werkswinkels vir weeskinders en kwesbare kinders wat ernstig deur MIV/Vigs beïnvloed word</p> | 800 leerders met hoë risiko<br><br>250 skole<br>800 leerders          | 1 029 leerders oor alle distrikte<br><br>383 skole<br>1 041 leerders  | Teiken behaal<br><br>Teiken behaal<br>Teiken behaal |

| Toelae/Tipe/Oordraende Departement/Doel   | Aanwyser (bewoord volgens nasionale teks)  | Verwagte uitsette  | Werklike uitsette behaal   | Bespreking oor afwyking   |
|---|--|--|--|---|
|   | <b>LOOM:</b><br>Ouderdomsgepaste MIV/Vigs-LOOM in alle skole gebruik   | Slegs alle laerskole (Graad R – 7)<br>Alle hoërskole geteiken (Graad 8 – 9)<br>Graad 10-12 materiaal 360 hoërskole geteiken                | 645 834 leerder-werkboeke<br>167 608 leerder-werkboeke<br>175 183 leerder-aktiwiteitboeke                        | Teiken behaal<br><br>Teiken behaal<br><br>Teiken behaal   |
|   | <b>Monitering en ondersteuning</b><br>Gereelde indiening van moniteringsverslae om die effektiwiteit van kurrikulêre intervensieprogramme deur skool- en distriksbesoeke te evalueer | 900 skole<br><br>8 distrikte   | 700 skole gemonitor en ondersteun<br><br>8 distrikte een keer per kwartaal gemonitor en ondersteun               | Hierdie afwyking is hoofsaaklik vanweë die feit dat twee distrikte MIV-personeel moes aanstel (Sorg- en Ondersteuning Skakelbeamptes)   |
| <b>Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)</b><br><b>Skedule: 5</b><br><b>Doel:</b> Om voedsame maaltye aan geteikende leerders te voorsien<br><b>Oorgedra deur:</b> Departement van Basiese Onderwys | Verbeterde skoolbywoning   | 426 707 (1 015 skole)  | 431 998 (1 021 skole)  | Die toename is vanweë die feit dat die Eden/Karoo- en Overberg-distrik twee nuwe geen-fooi-skole en Sentrale Distrik een nuwe geen-fooi skool geopen het  |
|   | Aantal leerders in K1 – K3 laerskole   | 269 244 (598 skole – sluit 39 spesiale skole in)   | 263 369 (561) laerskole en 9 896 (39) spesiale skole   | Die totale aantal laerskool- en sekondêre skoolleerders het toegeneem as gevolg van vier nuwe geen-fooi-laerskole en vyf nuwe geen-fooi-sekondêre skole wat in die 2012/13 finansiële jaar geopen het |
|   | Aantal leerders in K1 – K3 sekondêre skole<br>Aantal leerders in K4 – K5 laerskole en sekondêre skole  | 94 157 (106 skole)<br>63 306 (311 skole)   | 95 439 (110 skole)<br>63 294 (311 skole)   |   |
|   | Vestiging van skooltuine om die maaltye wat deur die program verskaf word, aan te vul  | 346 tuine in totaal  | 346 tuine in totaal  | Geen nuwe tuine is in 2012/13 gevestig nie<br>Bestaande tuine is gerehabiliteer   |
| Skole van kombuisgereedskap voorsien  | Voorsien slegs op versoek  | 144 laerskole en 57 sekondêre skole is van kombuisgereedskap voorsien<br>59 laerskole en 7 sekondêre skole is van mobiele kombuis voorsien | Die kombuisgereedskap word aan K1 – K3 skole as prioriteitskole voorsien<br>Oorskot sal vir K4 – 5 gebruik word. |   |

| <b>Toelae/Tipe/Oordraende Departement/Doel</b>  | <b>Aanwyser (bewoord volgens nasionale teks)</b>   | <b>Verwagte uitsette</b> | <b>Werklike uitsette behaal</b> | <b>Bespreking oor afwyking</b>  |
|---|--|--------------------------|---------------------------------|---|
|   | Vrywillige voedselhanteerders by skole gewerf om behulpsaam te wees met die voorbereiding en bediening van voedsel             | 2 757 vrywilligers       | 2 824 vrywilligers              | Die aantal vrywilligers het toegeneem in verhouding tot die toename in die aantal leerders                                  |
|   | Werkswinkels is gehou om die vrywilligers te bemagtig en het aspekte soos voedselhantering, gasveiligheid en higiëne gedek     | 263                      | 359                             | Die teiken is oorskry aangesien nuwe vrywilligers gewerf is om die toename in die aantal leerders wat gevoed word, te dek   |
| <b>Sektor vir Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges</b><br><b>Skedule: 4</b><br><b>Doel:</b> Om die suksesvolle oordrag van die Verdere Onderwys- en Opleidingskollegefunksie na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding te verseker<br><b>Oorgedra deur:</b> Departement van Hoër Onderwys en Opleiding | Inskrywing vir NK(B)-programme volgens beplanning vir kollege-inskrywingsteikens   | 12 000                   | 15 150                          | Kolleges het teikens vir inskrywing oorskry weens bykomende befondsing vir die uitbreiding van inskrywings.                 |
|   | Inskrywings vir Verslag 191-programme in lyn met Verslag 191   | 12 300                   | 13 099                          | Kolleges het teikens vir inskrywing oorskry weens bykomende befondsing vir die uitbreiding van inskrywings.                 |
| <b>Toelae/Tipe/Oordraende Departement/Doel</b>  | <b>Aanwyser (bewoord volgens nasionale teks)</b>   | <b>Verwagte uitsette</b> | <b>Werklike uitsette behaal</b> | <b>Bespreking oor afwyking</b>  |
|   | Uitbreiding van IKT vir onderrig en leer d.m.v. norme vir konnektiwiteit   | 78 LAN en WAN            | 83 LAN en WAN geïnstalleer      | Teiken oorskry weens toenemende vraag na konnektiwiteit en moontlik weens addisionele fondse                                |
|   | Volgehoue implementering van bestuursinligtingstelsels (BIS) vir die lewering van transversale BIS-dienste                     | 0                        | 0                               | Geen provinsiale teiken is vir hierdie aanwyser gestel nie, maar kolleges faseer aanhoudend inligtingstegnologiestelsels in |
|   | Implementering van die befondsingsnorme vir VOO-kolleges   | R584 213 000             | R597 589 000                    | Die aansuiweringsbegroting het addisionele fondse vir die koste van werknemers ingesluit.                                   |
|   | Opknapping, onderhoud en herstelwerk van infrastruktuur en toerusting om die lewering van goedgekeurde programme te ondersteun | 104 klaskamers           | 104 klaskamers                  | Teiken behaal   |
|   | Nuwe infrastruktuur  | R48 000 000              | R48 000 000                     | Provinsiale toekenning binne voorwaardelike toelae  |

| Toelae/Tipe/Oordraende Departement/Doel   | Aanwyser (bewoord volgens nasionale teks)  | Verwagte uitsette   | Werklike uitsette behaal   | Bespreking oor afwyking  |
|---|--|---|--|--|
| <b>Onderwysinfrastruktuurtoekenning Skedule: 4</b><br><b>Doel:</b> Versnelling van die bou, onderhoud, opgradering en rehabilitasie van nuwe en huidige infrastruktuur in onderwys te versnel; om kapasiteit te verbeter vir die lewering van infrastruktuur aan onderwys; om skade aan skoolinfrastruktuur wat deur rampe veroorsaak word te herstel.<br><b>Oorgedra deur:</b> DBO | <p>Nuwe skole en addisionele biblioteke en laboratoriums gebou</p> <p>Bestaande skoolinfrastruktuur opgegradeer en gerehabiliteer</p> <p>Nuwe en bestaande skole in stand gehou</p>  | <p>4 nuwe skole</p> <p>13 bestaande skole se infrastruktuur opgegradeer</p> <p>141</p>  | <p>8 skole (waarvan 7 mobiele skole is), insluitend die opgradering van 7 biblioteke en 5 laboratoriums</p> <p>5 bestaande skole se infrastruktuur opgegradeer</p> <p>204</p>  | <p>Terreinverkryging en 'n oponthoud in die voorsiening van mobiele eenhede vir leerders om tydens bouwerk gebruik te word, het vertragings veroorsaak. Gemeenskapontwrigings weens die aanstelling van Gemeenskapskakeelbeamptes. Addisionele projekte is weens herprioritering en besparings elders bygevoeg.</p>  |
| <b>Herkapitalisering vir Tegniese Sekondêre Skole Skedule: 5</b><br><b>Doel:</b> Om tot 200 tegniese skole te herkapitaliseer om hulle kapasiteit om tot vaardigheidsontwikkeling en opleiding in die land by te dra, te versterk.<br><b>Oorgedra deur:</b> Departement van Basiese Onderwys  | <p>35 nuwe werkwinkels moet gebou word om die tegniese vakke wat aangebied word, te ondersteun</p> <p>125 bestaande werkwinkels opgeknop, opgegradeer en herontwerp om aan veiligheidswette en -regulasies en minimum industriestandaarde te voldoen</p> | <p>Een nuwe werkwinkel moet by Kuilsrivier Tegniese Hoërskool gebou word (altesaam drie werkwinkels oor die 3-jaar tydperk van die toelae)</p> <p>Opknapping en/of herontwerp van 28 werkwinkels by die nege skole</p>  | <p>Nuwe werkwinkel vir siviele ingenieurswese is by Kuilsrivier Tegniese Hoërskool gebou sodat die vak by die skool aangebied kan word</p> <p>28 werkwinkels in die nege skole is opgeknop en/of herontwerp. Werkwinkels is gevef en vloere is herstel. Dakke is herstel.</p>                    | <p>Die sakeplan vir die 3-jaar tydperk van die toelae het aangedui dat een skool in elk van die drie jaar van 'n nuwe werkwinkel voorsien sal word.</p> <p>Die toename in die aantal werkwinkels wat opgeknop, herontwerp en opgegradeer is, is moontlik gemaak deur die oordeelkundige aanwending van beskikbare fondse sodat meer gevalle aandag kan geniet.</p> |
|   | <p>Toerusting is aangekoop en by 128 werkwinkels afgelewer en geïnstalleer</p> <p>445 onderwysers by tegniese skole in die lewering van vakinhoud opgelei</p>  | <p>Moderne masjinerie en toerusting vir 27 werkwinkels sodat die tegniese vakke leerders vir in diens-neming in moderne werkwinkels kan voorberei.</p> <p>Om die vaardighede van 18 tegniese onderwysers van nege skole op te gradeer om leerders voor te berei om aan die behoeftes van industrie te voldoen</p> | <p>Nuwe en meer moderne toerusting en masjinerie is in 28 werkwinkels by die nege deelnemende skole geïnstalleer.</p> <p>Die vaardighede van 18 onderwysers by die nege tegniese hoërskole is opgegradeer in die gebruik van digitale hulpbronne wat in industrie gebruik word, bv. Autocad.</p> | <p>Teiken oorskry aangesien die begroting toegelaat het dat nog een werkwinkel ondersteun kon word.</p> <p>Teiken behaal</p>   |



| Toelae/Tipe/Oordraende Departement/Doel  | Aanwyser (bewoord volgens nasionale teks)  | Verwagte uitsette   | Werklike uitsette behaal   | Bespreking oor afwyking   |
|--|--|---|--|---|
| Dinaledi Skole<br><b>Skedule:</b> 5<br><b>Doel:</b> Om onderrig en leer in Wiskunde en Natuurwetenskap te bevorder; om die leerder se prestasie in Wiskunde en Natuurwetenskap in lyn met Aksieplan 2014 te verbeter; om onderwysers se kennis van die inhoud van Wiskunde en Natuurwetenskap te verbeter.<br><b>Oorgedra deur:</b> Departement van Basiese Onderwys | Tot sewe handboeke vir elke leerder in Graad 8, 9, 10, 11 en 12, soos nodig, om tekortkominge aan te spreek            | Studiegidse vir Wiskunde en Wetenskap in Graad 8 tot 12 aan 46 skole voorsien                           | 46 deelnemende skole het studiegidse vir Natuurwetenskap en Wiskunde vir Graad 8 tot 12 ontvang                              | Teiken behaal<br>Teiken nie behaal nie as gevolg van uitdagings in die verkrygingsproses. Die verkrygingsproses sal vroeër in verdere stadiums van die uitrol 'n aanvang neem. Maatreëls is in plek gestel om tydig lewering te ondersteun.   |
|  | 300 IKT-laboratoriums in Dinaledi-skole sonder IKT-laboratoriums   | IKT-laboratoriums moet by 48 skole sonder IKT-laboratoriums geïnstalleer word                           | 'n Wiskunde of Natuurwetenskap IKT-laboratorium is by 46 skole opgeknep.   | Teiken gedeeltelik behaal en die voorsiening van IKT is voortdurend. 46 skole is in ooreenstemming met 'n behoefte-ontleding vir hierdie jaar voorsien. Die verkrygingsproses sal vroeër in verdere stadiums van die uitrol 'n aanvang neem. Maatreëls is in plek gestel om tydig lewering te ondersteun. |
|  | 50 rekenaars (spesifiseer) in elk van die 500 skole  | 20 rekenaars moet by elkeen van die 48 Dinaledi-skole as 'n eerste fase van nakoming geïnstalleer word. | 46 skole het ten minste 20 rekenaars vir benutting in Wiskunde- of Natuurwetenskap-kamers aangekoop.                         | Teiken gedeeltelik behaal omdat slegs een skool sagteware op grond van 'n behoefte-ontleding vir hierdie jaar versoek het.  |
|  | Onderrig- en leersagteware vir Wiskunde, Natuurwetenskap en Engels Eerste Addisionele Taal (EAT) by 500 Dinaledi-skole | Geteiken vir nakoming in 46 skole   | Die uitnodiging om bestellings te plaas is aan 46 skole gerig  | Teiken behaal en die opleiding is voortdurend   |
|  | 2 000 onderwysers in inhoudskennis vir Wiskunde, Natuurwetenskap en Engels EAT opgelei                                 | Geteiken vir nakoming in 46 skole   | Geleentheid geskep vir 46 skole se onderwysers om deel te neem.  | Teiken behaal vir die 29 skole wat dit vir hierdie akademiese jaar versoek het.   |
| Kapasiteitsontwikkeling van skoolhoofde in Dinaledi-skole wat minder as 'n 60%-slaagsyfer in die NSS-eksamens behaal   | Geteiken vir nakoming,   | Nie uitgevoer nie.  | Daar is geen Dinaledi-skole waar die slaagkoers in die NSS-eksamens <60% was nie.  |   |
| Graad 8, 9 en 10 leerders in 500 Dinaledi-skole opgelei en ondersteun om aan Wiskunde- en Wetenskap-olimpiades deel te neem  | Geteiken vir nakoming in 46 skole  | Geleentheid geskep vir skole om hierdie bystand op grond van 'n behoefte-ontleding te versoek.          | Teiken behaal vir die 29 skole wat dit vir hierdie akademiese jaar versoek het.  |   |
| Televisies wat onderwys-TV kan ontvang<br>Uitsendings en oplossings in 500 Dinaledi-skole geïnstalleer   | Geteiken vir nakoming in 46 skole  | Geleentheid geskep vir skole om hierdie bystand op grond van 'n behoefte-ontleding te versoek.          | Teiken gedeeltelik behaal omdat slegs tien skole televisies op grond van 'n behoefte-ontleding vir hierdie jaar versoek het. |   |

| Toelae/Tipe/Oordraende Departement/Doel  | Aanwyser (bewoord volgens nasionale teks)  | Verwagte uitsette  | Werklike uitsette behaal   | Bespreking oor afwyking   |
|--|--|--|--|---|
|  | 'n Diagnostiese instrument is aan 500 Dinaledi-skole versprei om maatstawwe te assesser en leemtes in die leer en onderrig van Wiskunde, Natuurwetenskap en Engels EAT te bepaal. Wiskundestelle vir 500 Dinaledi-skole Mobiele Wetenskaplaboratoriums vir 300 Dinaledi-skole sonder laboratoriums en wetenskapstelle vir 500 Dinaledi-skole | Geteiken vir nakoming in 46 skole in die volgende finansiële jaar  | Nie gelys as 'n teiken vir prestasie in 46 skole in die 2012-2013 Dinaledi Voorwaardelike Toelae Sakeplan wat in Maart 2012 voorgelê is nie.   | Teikens nie behaal nie, want die uitsette is vir die later jare van die voorwaardelike toelae geïdentifiseer. |
| Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbare Werkeprogram – Aansporingskema vir Provinsies<br><b>Skedule: 5</b><br><b>Doel:</b> Om provinsiale departemente in die maatskaplike sektor, wat in die 2012 Maatskaplike Sektor UOWP Log-raam geïdentifiseer is om werkskepping te verhoog, aan te spoor om te fokus op die versterking en uitbreiding van maatskaplike programme wat potensiaal vir werksgeleenthede het.<br><b>Oorgedra deur:</b> Departement van Openbare Werke | Toenemende aantal mense wat vir die UOWP werk en 'n inkomste ontvang<br>Langer tydspan van werkgeleenthede wat geskep word<br>Meer huishoudings en begunstigdes aan wie dienste gelewer word<br>Hoër inkomste per UOWP-begunstigde   | 648 praktisyn-assistente en 8 administratiewe assistent opgelei en vir 10 maande van werkplekondervinding voorsien   | 648 praktisyn-assistente en 8 administratiewe assistent opgelei en vir 10 maande van werkplekondervinding voorsien   | Geen  |
| Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbare Werkeprogram<br><b>Skedule: 5</b><br><b>Doel:</b> Om provinsiale departemente aan te spoor om sterker pogings in werkskepping aan te wend deur die gebruik van arbeidsintensiewe leweringmetodes in geïdentifiseerde fokusgebiede, ingevolge die riglyne van die Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP).<br><b>Oorgedra deur:</b> Departement van Openbare Werke  | Toenemende aantal mense wat vir die UOWP werk en 'n inkomste ontvang<br>Langer tydspan van werkgeleenthede wat geskep word<br>Meer huishoudings en begunstigdes aan wie dienste gelewer word<br>Hoër inkomste per UOWP-begunstigde   | 'n Totaal van 5 500 VKO-praktisyns moet by die ses provinsiale VOO-kolleges opgelei. VKO-praktisyns moet by die geregistreerde VKO-terreine van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangestel word | 'n Totaal van 5 378 VKO-praktisyns is by die ses provinsiale VOO-kolleges opgelei. VKO-praktisyns is by die geregistreerde VKO-terreine van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aangestel. | Nie alle geleenthede word benut nie, aangesien kandidate soms ander geleenthede vind.                         |

## 6.7 Donateursfondse

Geen donateursfondse is gedurende die oorsigjaar ontvang nie.

## 6.8 Kapitale belegging, onderhoud en batebestuursplan

### Bouprojekte gedurende 2012/13 voltooi

#### Nuwe skole

- Een nuwe skool is in Junie 2012 oorhandig: Sunningdale Laerskool
- Sewe mobiele skole is voltooi vir ingebruikneming in Januarie 2013. Concordia Laerskool, Concordia Hoërskool, Disa Hoërskool, Umyezo Wama Apile Hoërskool, AZ Berman Hoërskool, Christmas Tinto Laerskool and Soneike Hoërskool.

### Vervangingskole (vervanging van skole wat met ongepaste materiaal gebou is)

Die volgende vervangingskole is in 2012/13 voltooi: Cloetesville Laerskool en New Eisleben Sekondêre Skool.

### Addisionele klaskamers

- Uitbreidingsklaskamers: 15 klaskamers by bestaande skole aangebou om vir toenemende inskrywing voorsiening te maak
- Aflosklaskamers: 24 klaskamers gebou om die druk op akkommodasie in die grondslagfase te verlig
- Graad R-klaskamers: 59 klaskamers is voltooi; 25 is van 2011/12 oorgedra.
- Mobiele eenhede verskaf: 75 klaskamers

Die infrastruktuur wat vir lewering in 2012/13 geskeduleer was, word hieronder uiteengesit, saam met die werklike syfers wat gelewer is.

| Kategorie              | Geteiken                | Werklike syfer               |
|------------------------|-------------------------|------------------------------|
| Nuwe skole             | 4                       | 8 (sluit 7 mobiele skole in) |
| Vervangingskole        | 13                      | 2                            |
| Graad R-klaskamers     | 65                      | 59 klaskamers                |
| Aflosklaskamers        | Geen teikens gestel nie | 24                           |
| Uitbreidingsklaskamers |                         | 15 klaskamers                |
| Mobiele klaskamers     |                         | 75 klaskamers                |

Afwykings ten opsigte van teikens word meer volledig onder Program 2 met betrekking tot programprestasiemaatstaf 208 en 209 bespreek. As gevolg van die faktore wat beskryf is, is sommige projekte vertraag en alternatiewe reëlings moes vir akkommodasie getref word.

## **Kapitaalprojekte onder konstruksie**

### (a) Nuwe skole

Die permanente skole wat oorspronklik vir voltooiing teen 31 Maart geskeduleer is, naamlik Concordia Laerskool en Concordia Hoërskool, is in die finale stadium van die tenderproses.

### (b) Vervangingskole

Die volgende vervangingskole wat aanvanklik vir voltooiing gedurende die 2012/13 finansiële jaar geskeduleer is, was op 31 Maart 2013 in verskillende stadiums van konstruksie: Formosa Laerskool; Pacaltsdorp Laerskool; St Thomas Laerskool; Plantation Laerskool; FairviewPLaerskool; Entshona Laerskool; Silversands Hoërskool; Bottelary Laerskool; Wes-Eind Laerskool; Itsitsa Laerskool; Rusthof Laerskool; Vuyiseka Hoërskool; Kathleen Murray Laerskool; Garden Village Laerskool; Nalikamva Laerskool.

Uitgawes is in ooreenstemming met die norme van die industrie. Die Departement se Implementeringsagente (Departement van Vervoer en Openbare Werke en die Eenheid vir Projekimplementering) hanteer alle tenderprosesse vir nuwe geboue en projekte vind in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander beheermaatreëls plaas.

## **Batebestuur**

### **Onroerende bates**

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Skole se Register van Behoefte-inligtingstelsel (SRBIS) om onroerende bates te bestuur.

### **Belangrike roerende bates:**

Wat roerende bates betref, beskik die WKOD oor 'n batebestuurseenheid wat deel uitmaak van die Voorsieningskanaaleenheid.

Alle meubels en toerusting wat deur Hoofkantoor en die onderwysdistrikskantore benodig word, word sentraal aangekoop en op 'n inventaris van roerende bates vasgelê volgens die vereistes wat deur Nasionale Tesourie voorgeskryf word.

Die volgende maatreëls is toegepas om 'n bateregister te verseker wat rekeningkundige standarde handhaaf en 'n doeltreffende, deeglike en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker:

- Jaarlikse voorraadopname word deur die departement uitgevoer, soos voorgeskryf deur die Tesourieregulasies.
- Aftekening van inventarisse deur die verantwoordelike amptenare en sertifisering deur Verantwoordingsbestuurders.
- Uitreiking van omsendbriewe in lyn met Hoofstuk 10 van die Tesourieregulasies.
- Aankopeprosedures vir bates in die Rekenpligtige Beampete se Stelsel.
- Maandelikse rekonsiliasie van aankope op LOGIS en die uitgawes op BAS.
- Handhawing van 'n bateregister met al die inligting wat deur die Tesourieregulasies vereis word.

Die meganisme wat in werking gestel is om 'n doeltreffende stelsel van identifikasie, beveiliging, monitering en rekordhouding van roerende bates te verseker, is soos volg:

- Alle bates het staafkodes ontvang, is "RSA" gemerk en in inventaris opgeteken.
- Bates is in die roerendebateregister in alle batekategorieë geïdentifiseer en unieke nommers is daarvoor toegeken (staafkodes).
- Verantwoordingsbestuurders is verantwoordelik om hulle bates te beveilig.
- Roerende bates is op 'n inventaris per kostesentrum en ligging opgeteken. Inventaris is deur die kostesentumbestuurders as korrek gesertifiseer en word by elke ligging bygehou.

Ten opsigte van groot en kleiner roerende tasbare bates (meubels, ander masjinerie, kantoortoerusting en rekenaartoerusting), is bates ter waarde van R6 653 127.38 gedurende die verslagtydperk vervreem (geskrap). Bates ter waarde van R444 758.70 is gedurende vier verslagtydperk deur die toepaslike Verantwoordingsbestuurders as gesteel aangemeld.

## **Skole**

Die WKOD het meubels en arbeidsbesparende items vir skole aangekoop. Hierdie items vorm egter nie deel van die WKOD se bateregister nie. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), word dit as voorraaditems van die skole beskou. Skole moet dus oor hierdie voorraaditems in hulle jaarlikse finansiële state verslag doen. Die WKOD se bateregister weerspieël slegs die voorraad van hoofkantoor en die onderwysdistrikte en hul onderskeie dienspunte.

## **Planne oor roerende bates, byvoorbeeld motorvoertuie**

Die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke (Staatsmotorvervoer) bestuur die verskaffing, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde motorvoertuie van die staatsgarage (GG). Hulle formuleer ook provinsiale beleid oor die gebruik van GG-voertuie en handhaaf 'n bateregister op die Fleetman-stelsel. Die WKOD is verantwoordelik vir die lisenasiering, onderhoud en voortdurende voorsiening van brandstof vir die voertuie.

Die WKOD maak seker dat die provinsiale beleid toegepas word. Daar word ook 'n register van voertuie in gebruik deur die WKOD bygehou en voertuiggebruik word deur middel van logboeke gemonitor. Die huidige vloot voldoen tans aan die behoeftes van die WKOD.

## Onderhoud

Groot onderhoudsprojekte is gedurende die oorsigtydperk onderneem:

| Aantal projekte | Begroting vir<br>2012/13<br>R'000 | Beraamde finale koste<br>R'000 |
|-----------------|-----------------------------------|--------------------------------|
| 204             | R114,725m                         | R139,725m                      |

Die 2011 U-AMP toon die volgende onder die opskrif "Gebruikers se gradering van toestand"

| Toestand          | Algemene beskrywing  | Gradering |
|-------------------|--|-----------|
| <b>Uitstekend</b> | Geen opsigtelike defekte nie. Voorkoms lyk nuut. Risiko-indeks: Geen uitwerking op diensvermoë nie. Geen risiko nie.   | <b>C5</b> |
| <b>Goed</b>       | Toon oppervlakkige verwerking, geringe defekte en geringe tekens van verswakte afwerking van oppervlakte. Risiko-indeks: Afwisselende, geringe ongerief vir bedrywighede. Geringe risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Lae koste-implikasie.  | <b>C4</b> |
| <b>Redelik</b>    | In gemiddelde toestand, verswakte oppervlakte het aandag nodig; dienste werk maar het aandag nodig, agterstand bestaan in onderhoudswerk. Risiko-indeks: Voortdurende ongerief vir bedrywighede. Mate van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Medium koste-implikasie.   | <b>C3</b> |
| <b>Swak</b>       | Het baie verswak, met ernstige strukturele probleme. Lyk oor die algemeen sleg met verweerde beskermingslae; elemente is stukkend, dienste werk nie; aansienlike aantal groot defekte. Risiko-indeks: Groot ontwrigting op diensvermoë, hoë waarskynlikheid van risiko vir gesondheid en veiligheid of eiendom. Hoë koste-implikasie/finansiële verlies. | <b>C2</b> |
| <b>Baie swak</b>  | Het gefaal; nie operasioneel nie en ongepas om te okkupeer. Risiko-indeks: onbruikbaar, onmiddellike hoë risiko vir sekuriteit, gesondheid en veiligheid of eiendom. Aansienlike koste-impak.  | <b>C1</b> |

Vierhonderd vyf-en-sewentig (475) openbare gewone skole in die Wes-Kaap is as "swak" gegradeer. Gehuurde skole en skole met ongepaste struktuur ("plankieskole") is buite verhouding in hierdie kategorie verteenwoordig. Met verloop van jare is baie min geskeduleerde onderhoud deur eienaars van gehuurde eiendom gedoen. Eienaars van eiendom voer die lae huurgeld as die hoofrede aan waarom behoorlike onderhoud nie op gehuurde skole uitgevoer kan word nie. Negehonderd agt-en-vyftig (958) skole word as "redelik" gegradeer. Baie meer van hierdie skole behoort as "goed" beskou te word, maar die agterstand in onderhoud aan hierdie geboue het die gradering beïnvloed.

Twintig (20) openbare gewone skole is as "C4" gegradeer.

Die toestand van WKOD-geboue gaan agteruit en sal aanhou agteruitgaan tensy die onderhoudsbegroting verhoog of alternatiewe modelle aangeneem word. Die jaarlikse vereiste vir onderhoud is 1.5% van die waarde van die voorraad. Alhoewel geskeduleerde onderhoudsprojekte volgens plan verloop, het jaarlikse kostestygings 'n impak op die omvang van dit wat aandag kan geniet. Dus bly daar kommer oor voorraad wat verouder en agteruitgaan. 'n Opsomming van die syfers word hieronder aangebied:

| <b>Tekort in onderhoud</b>    |                    |                                   |                          |               |
|-------------------------------|--------------------|-----------------------------------|--------------------------|---------------|
| <b>Finansiële jaar</b>        | <b>Bate-waarde</b> | <b>1,5% vir onderhoud benodig</b> | <b>Begroting verskaf</b> | <b>Tekort</b> |
| 2004                          | 10,560,000         | 158,400                           | 73,719                   | 84,681        |
| 2005                          | 12,000,000         | 180,000                           | 76,174                   | 103,826       |
| 2006                          | 12,000,000         | 180,000                           | 90,037                   | 89,963        |
| 2007                          | 15,052,800         | 225,792                           | 37,192                   | 188,600       |
| 2008                          | 15,052,800         | 225,792                           | 52,363                   | 173,429       |
| 2009                          | 15,052,800         | 225,792                           | 73,719                   | 152,073       |
| 2010                          | 17,357,885         | 260,368                           | 102,363                  | 158,005       |
| 2011                          | 18,225,779         | 273,387                           | 108,413                  | 164,974       |
| Totale agterstand sedert 2004 |                    | <b>1,115,551</b>                  |                          |               |

Daar was 'n impak op die agterstand in 2012/13. As gevolg van die stadige besteding aan kapitaalprojekte, is 'n besluit geneem om 'n lys projekte te onderneem wat oorspronklik nie as gevolg van prioriteite by die U-AMP ingesluit kon word nie. Daar is ook aandag geskenk aan die beplanning van die 2013/14 geskeduleerde projekte ten einde geskeduleerde onderhoudsuitgawes in die 2013/14 finansiële jaar vinniger te laat geskied. In totaal is 'n bykomende R31 miljoen in 2012/13 in onderhoud belê.

| <b>Infrastruktuursprojekte</b>           | <b>2012/2013</b>        |                          |                               | <b>2011/2012</b>        |                         |                               |
|--|-------------------------|--------------------------|-------------------------------|-------------------------|-------------------------|-------------------------------|
|  | <b>Finale begroting</b> | <b>Werklike uitgawes</b> | <b>(Oor-)/Onder-besteding</b> | <b>Finale begroting</b> | <b>Werklik Uitgawes</b> | <b>(Oor-)/Onder-besteding</b> |
|  | <b>R'000</b>            | <b>R'000</b>             | <b>R'000</b>                  | <b>R'000</b>            | <b>R'000</b>            | <b>R'000</b>                  |
| Nuwe en vervangingsbates                 | 343,287                 | 343,287                  | 0                             | 407,346                 | 407,346                 | 0                             |
| Bestaande infrastruktuurbates            | <b>357,882</b>          | <b>317,567</b>           | <b>40,315</b>                 | <b>323,632</b>          | <b>323,632</b>          | <b>0</b>                      |
| Opgraderings en toevoegings              | 134,119                 | 129,189                  | 4,930                         | 176,482                 | 176,482                 | 0                             |
| Rehabilitasie, opknapping en herstelwerk | 35,875                  | 35,875                   | 0                             | 0                       | 0                       | 0                             |
| Instandhouding en herstelwerk            | 187,888                 | 152,503                  | 33,385                        | 147,160                 | 147,160                 | 0                             |
| Infrastruktuuroordrag                    |                         |                          |                               |                         |                         | 0                             |
| - Lopend                                 | 42,350                  | 42,350                   | 0                             |                         |                         | 0                             |
| - Kapitaal                               | 47468                   | 47468                    | 0                             | 3,199                   | 3,199                   | 0                             |
| <b>Totaal</b>                            | <b>790,987</b>          | <b>750,672</b>           | <b>40,315</b>                 | <b>734,177</b>          | <b>734,177</b>          | <b>0</b>                      |



Deel C  
**Korporatiewe beheer**



## 1. Inleiding

Die departement word deur die Onderwysouditkomitee bedien en al die lede is onafhanklike lede wat deur die Rekenpligtige Beamppte in oorleg met die Uitvoerende Gesag aangestel is. Die Ouditkomitee word ooreenkomstig 'n "Verwysingsraamwerk" bedryf, wat op 18 Julie 2012 goedgekeur is.

Die Ouditkomitee vergader ten minste op 'n kwartaalike grondslag om uitvoering te gee aan sy verantwoordelikhede soos uiteengesit in die goedgekeurde Verwysingsraamwerk. Die Ouditkomitee vergader ook met die Uitvoerende Gesag en Rekenpligtige Beamppte om sake van belang te bespreek.

Interne oudit is steeds onafhanklik aangebied deur die gedeelde interne ouditfunksie wat aan die Korporatiewe Dienstesentrum in die Departement van die Premier gekorporatiseer is.

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (PFMA) en King III, verskaf die interne ouditfunksie aan die Ouditkomitee en bestuur die versekering dat die interne kontroles met betrekking tot korporatiewe beheer, risikobestuur en beheerprosesse voldoende en doeltreffend is. In ooreenstemming met die PFMA en King III, is 'n risikogebaseerde, 3-jaar rollende strategiese en jaarlikse operasionele interne ouditplan deur die Ouditkomitee goedgekeur en die Ouditkomitee het die uitvoering van die operasionele plan en bestuur se implementering van regstellende stappe gemonitor.

Geen verdere befondsing is vir die versterking van interne oudit se kapasiteit beskikbaar gestel nie en die fokus was hierdie jaar op die optimale benutting van bestaande hulpbronne.

Interne oudit erken die rol wat deur ander verskaffers van versekering gespeel word en beoog vir die volgende jaar 'n gekombineerde benadering tot versekering, wat sal verseker dat interne oudithulpbronne vir die mees toepaslike risikogebiede aangewend word.

Alle amptenare word deur middel van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou. Amptenare by hoofkantoor word vir tydige en deskundige ondersteuning aan distrikte verantwoordelik gehou. Skole en distrikte word vir ondersteuning aan skool en die prestasie van leerders aanspreeklik gehou. Die belangrikste fokusareas was bywoning deur onderwysers en leerders en die optimale benutting van die skooldag.

Aanspreeklikheid op skoolvlak is vanaf 2011 versterk deur die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Skoolonderwys (Wet 7 van 2010), wat in Januarie 2011 in werking getree het.

Aanspreeklikheid is uitgebrei deur die oorsigtelike rol wat deur Provinsiale en Nasionale Tesourie vervul word ten opsigte van die verpligte elemente van die beplanning- en verslagdoeningsiklusse wat finansiële én nie finansiële aangeleenthede dek. Verslagdoening vind op 'n maandelikse (bv. finansiële), kwartaallikse of jaarlikse grondslag plaas. Alle afdelings van die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die DBO of die DHOO, waardeur verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings op 'n volgehoue grondslag gekanaliseer word. Die Departement van die Premier speel 'n oorsigtelike rol in belangrike WKOD-projekte, wat deur die provinsiale paneelbord nagespoor word. Voorts word beheer deur interne én eksterne auditprosesse op kontroles uitgeoefen, wat daartoe bydra dat funksionaliteit en omsigtige bestuur verseker word.

Materiële aanspreeklikheid berus in die formele verhouding tussen die WKOD en UMALUSI, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomste. Die verhouding is gegrond op die interne moderering van assesseringsprosesse en die voorsiening van 'n aanvaarbare eksamineringsproses.

Net soos alle staatsdepartemente landwyd, het die WKOD aan 'n moniterings-innovasie van die Presidensie deelgeneem, naamlik die assesseringshulpmiddel vir bestuursprestasie (MPAT) wat die vier gebiede van korporatiewe beheer bestudeer: strategiese beplanning, MH, korporatiewe beheer en aanspreeklikheid en finansiële bestuur. Dit was 'n waardevolle en die WKOD het verbetering getoon tussen die eerste en die tweede oefening in hierdie verband, met 'n aantal maksimum tellings.

Heelskoolevaluering verskaf steeds waardevolle insigte, nie slegs oor die ondersteuningsbehoefte van individuele skole nie, maar ook oor sistemiese kwessies. Korter besoeke is afgelê by klein skole of dié skole wat optimaal funksioneer. Differensiering in die lengte van besoeke het daarvoor gesorg dat bykomende skole besoek kon word. Skole word volgens die HSE-gradering gekodeer. Die bevindinge is in tendensverslae bekendgestel, benewens die uitgebreide verslae wat aan die betrokke skole voorsien is.

Alle skole het in Februarie 2012 en weer in 2013 aanlyn-skoolverbeteringsplanne (SVP'e) met teikens vir drie jaar voltooi – vir akademiese prestasie; bestuursdoeltreffendheid (soos leerder- en onderwyserafwesigheid en akademiese beplanning); hulpbronne en onderhoud. Die aanwysers stem ooreen met 'n paar van die nasionale teikens onder Aksieplan 2014 (sien bylae) en is in lyn met die nege fokusgebiede van heelskoolevaluering. Die waarde van 'n aanlyn-verbeteringsplan soos hierdie, is dat alle skole daarop gefokus is om belangrike intervensies vir verbetering te dryf. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheidstelsel, aangesien die ondertekenaars van die plan die skoolhoof, die SBR en die WKOD insluit. Skole het in 2013 ook aksieplanne ingedien om die stappe te spesifiseer wat hulle sal instel om die gestelde teikens te bereik.

'n Innovasie van 2012, wat aan die skoolverbeteringsplanne gekoppel is, was die kwartaallike skoolverbeteringsmonitering waardeur die kernaspekte van verkryging en skoolfunksionaliteit, bv. SBL-verkiesings en voorbereidheid vir die nuwe jaar, nagespoor kon word. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data ontgin en gebruik word om ondersteuning te verbeter. Die data het byvoorbeeld die WKOD in staat gestel om op hoogte te bly van die aflewering van werkboeke, wat nuttig was in 'n jaar waarin daar uitdagings in hierdie verband ervaar is.

## **2. Risikobestuur**

Die Rekenpligtige Beampte is aanspreeklik vir die nakoming van ondernemingsrisikobestuur (ORB) ingevolge die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Raamwerk vir Risikobestuur. Die Direkoraat Ondernemingsrisikobestuur (D: ORB) in die Departement van die Premier bied 'n sentrale strategiese ondersteuningsdiens aan die departement.

Ter nakoming van Nasionale Tesourie se raamwerk en om risikobestuur verder te verstewig, het die Wes-Kaapse Regering 'n ORB-beleid aanvaar waarin die provinsie se oorhoofse doel met betrekking tot ORB uiteengesit word.

'n ORB-implementeringstrategie is ontwikkel om die Wes-Kaap Onderwysdepartement se plan vir ondernemingsrisikobestuur te verweselik. Dit sal die departement uiteindelik in staat stel om op sy departementele doelstellings, doelwitte en aanwysers te lewer, ingeligte besluite oor risiko te neem en nakoming van toepaslike wetgewing te versterk. Die rolle en verantwoordelikhede van bestuurders en personeel wat risikobestuur in die departement toepas, word ook uiteengesit en die magtigende wetgewing, standarde, meganismes, hulpmiddels en hulpbronne wat gebruik word om die ORB-plan te verweselik, word gedefinieer.

In die Wes-Kaap Onderwysdepartement dien die Uitvoerende Komitee van die departement terselfdertyd as die Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ERMCOM), en lede is formeel as sodanig aangestel. Gedurende die jaar onder oorsig het die ERMCOM op 'n kwartaallike basis vergader om die risikoprofiel en risikohantering van die departement te monitor.

Risiko-assessering word kwartaalliks op strategiese en programvlakke uitgevoer ten einde bestaande risiko's te hersien en by te werk en om ontluikende risiko's te identifiseer. Beduidende risiko's van toepassing op doelstellings word volgens waarskynlikheid en impak geassesseer; risikohanteringsplanne met sperdatums word ontwikkel en risiko-eienaars word aangewys en verantwoordelik gehou vir die hantering van die risiko's.

Die D: ORB werk ook nou saam met die aangestelde risiko-voorvegter, wat help om die ORB-proses in die departement te bestuur.

Omsendbrief 5 van 2013, gedateer 1 Februarie 2013, het die beleid oor onreëlmatige, vrugtelose, verkwistende en ongemagtigde uitgawes binne die WKOD bekendgestel. Die beleid handel onder andere oor die identifisering, opname en bekendmaking van onreëlmatige, vrugtelose, verkwiste en ongemagtigde uitgawes ingevolge artikel 38(1)(g) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999). Dit is gemik op die versekering van effektiewe, doeltreffende en deursigtige stelsels van finansiële en risikobestuur asook interne beheer.

### **3. Bedrog en korrupsie**

Die Wes-Kaapse Regering het 'n Anti-Korrupsie Strategie aanvaar, wat 'n bevestiging is van die provinsie se houding van zero toleransie teenoor bedrog en korrupsie. Die departement het ook 'n Bedrogvoorkomingsplan goedgekeur.

Forensiese Ondersoeke is steeds uitgevoer deur die gedeelde Forensiese Ondersoekeenheid wat by die Korporatiewe Dienstesentrum in die Departement van die Premier gekorporatiseer is. Verskeie kanale bestaan vir die aanmelding van bewerings van bedrog en korrupsie en dit word volledig in die Anti-Korrupsie Strategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Forensiese Ondersoekeenheid aangeteken word, word in 'n gevallestuurstelsel opgeteken en dit word as 'n bestuurshulpmiddel gebruik om verslag te lewer oor vordering wat met departementele gevalle gemaak word.

Ons beskerm werknemers wat die fluitjie oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal blaas, op voorwaarde dat die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. nie kwaadwillig nie). Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit in persoon wil doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Sodra bedrog of korrupsie na afloop van 'n ondersoek bevestig word, word die betrokke werknemer wat aan hierdie dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie-bewys van kriminele optrede bespeur word, word 'n strafregtelike saak by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld.

### **4. Minimalisering van belangebotsing**

Lede van senior bestuur moet jaarliks, of soos omstandighede verander, 'n verklaring van "geen botsende belange" voltooi en indien. Alle lede van die bodkomitee en alle personeel in voorsieningskanaalbestuur moet enige botsing van belange verklaar. Die departement vereis dat alle bidders potensiële verhoudings met die werkgewer of werknemers verklaar. Die lede van die Ouditkomitee moet ook 'n verklaring van "geen botsende belange" indien.

## **5. Gedragskode**

Die departement voldoen aan die Staatsdiens-gedragskode.

Die Beleid oor die Aanvaarding van Geskenke deur Kantoorgebaseerde Amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is op 27 Maart 2013 afgehandel. Die beleid handel ander andere oor algemene riglyne, die geskenkregister, prosedures vir die voltooiing van verklaringsvorme, vrae wat gereeld gevra word en 'n templaar vir geskenkregisters.

## **6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies**

Die veiligheid van leerders en opvoeders by skole stel 'n groot uitdaging en die departement het vennootskappe met ander betrokke provinsiale departemente aangegaan om die kwessie te hanteer. Gemeenskapsbetrokkenheid bly 'n belangrike aspek in die stryd teen geweld wat sommige van ons hoë-risiko skole beïnvloed. Die departement het ook in sekere skole CCTV-kameras geïnstalleer om skoolhoofde in staat te stel om aktiwiteite te monitor.

## **7. Interne kontrole-eenheid**

Die Interne Kontrole-eenheid is met ingang van 1 November 2012 ingestel. Die eenheid het 'n 100% verifikasie van alle betalingsbewyse vir 2012/13 voltooi ten einde onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende en ongemagtigde uitgawes asook nienakoming van voorskrifte op te spoor.

## **8. Verslag van die Ouditkomitee**

### **Provinsiale Regering van die Wes-Kaap – Onderwysdepartement (Begrotingspos 5)**

#### **Verslag van die Ouditkomitee**

Ons bied met genoeë ons verslag vir die finansiële jaar aan wat op 31 Maart 2013 geëindig het.

#### **Lede van die Ouditkomitee en bywoning**

Die Ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder genoem en moet ten minste vier keer 'n jaar ingevolge sy goedgekeurde verwysingsraamwerk byeenkom. Agt vergaderings het gedurende die finansiële oorsigjaar plaasgevind. Mnr. Kingwill sal met ingang van 18 Junie 2013 die Voorsitter wees as gevolg van die bedanking van prof. Calitz as Voorsitter. Prof. Calitz sal steeds 'n lid van die Ouditkomitee wees.

| <b>Naam van lid</b>   | <b>Aantal vergaderings<br/>bygewoon</b> |
|---|---|
| Prof. E. Calitz (Voorsitter heraangestel<br>op 1 Januarie 2013) | 8                                       |
| Mnr. L. Mdunyelwa   | 5                                       |
| Mnr. L. Nene  | 7                                       |
| Mnr. R. Kingwill  | 7                                       |
| Me. Z. Abrams   | 4                                       |

### **Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee**

Die Ouditkomitee rapporteer dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1. Die Ouditkomitee rapporteer verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk as die Handves van die Ouditkomitee aanvaar is, aangeleenthede ter nakoming van hierdie handves gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

### **Die doeltreffendheid van interne kontrole**

Ons het die verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) hersien en alhoewel daar kennis geneem word van aansienlike verbetering, neem die komitee kennis van daardie gebiede wat in die OGSA se bestuursverslag gerapporteer word. Bestuur se regstellende aksies en hul verbintenis om die gerapporteerde tekortkominge in interne beheerstelsels aan te spreek, sal tydens ons kwartaallike oorsigvergaderings gemonitor word. Tekortkominge in belangrike kontroles is gedurende die jaar deur Interne Oudit in die volgende areas opgemerk:

- Bevoegdheidsontwikkeling van Onderwysers – Spesiale Onderwys-onderwysers
- Onreëlmatige uitgawes
- Skoolverbeteringsplan – Kurrikulumbepanning
- Onderhoud van infrastruktuur – gehuurde skole
- SOBIS/DBIS

As deel van die Wes-Kaapse Regering se IT- Interne Ouditplan, is 'n assessering van die IT- algemene beheer en inligtingsekuriteitsbeheer wat SOBIS en DMIS ondersteun, deur Ernst & Young uitgevoer, wat beduidende gapings in kontroles geïdentifiseer het.

Regstellende stappe ten opsigte van bogenoemde items word deur bestuur geïmplementeer en deur die Ouditkomitee gemonitor.

Ons het voorheen gemeld dat die departement volle verantwoordelikheid vir en eienaarskap van die implementering van die Ondernemingswye Risikobestuur-metodologie (ORB) en -funksie geneem het. Dit bly 'n uitdaging om ORB regoor die Jaarverslag 2012/13

organisasie te institutionaliseer. Die Ouditkomitee het 'n aantal ontluikende risiko's opgemerk en sal dit op 'n gereelde grondslag monitor.

Vordering asook nuwe forensiese sake wat in die departement ondersoek word, word kwartaaliks aan die Ouditkomitee gerapporteer en vordering word deur die Ouditkomitee gemonitor. Terwyl 'n aantal sake steeds lopend is, is die agterstand verminder.

Ons het bestuur se aanvaarding van die OGSA-bestuursverslag hersien en stem daarmee saam. Ons kan bevestig dat daar geen onopgeloste kwessies is nie.

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaalike verslae ten opsigte van in-jaar-bestuursverslae en kwartaalike prestasieverslae wat ingevolge Nasionale Tesourie se regulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste deur die Rekenpligtige Beampte van die departement gedurende die oorsigjaar voorberei en uitgereik is.

Ons het ons mandaat ten opsigte van finansiële jaarstate soos hieronder genoem, vervul:

### **Evaluering van finansiële state**

Die Ouditkomitee het:

- Die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarlike verslag ingesluit moet word, met die OGSA en die Rekenpligtige Beampte hersien en bespreek;
- Die OGSA-bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- Veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke hersien, soos in die finansiële jaarstate gerapporteer;
- Die departement se prosesse vir nakoming van regs- en regulatoriese bepalings hersien;
- Die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag gerapporteer, hersien;
- Wesenlike wysigings voortspruitend uit die audit van die departement hersien; en
- Veranderinge aan die tussentydse finansiële state, soos deur die departement aangebied vir die ses maande wat op 30 September 2012 geëindig het, hersien en, waar van toepassing, veranderinge aanbeveel.

Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die OGSA se mening oor die finansiële jaarstate en doen aan die hand dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar word en saam met die verslag van die OGSA gelees word.

## **Interne audit**

In lyn met die vereistes van die PFMA en die King III-verslag oor beginsels en aanbevelings vir korporatiewe beheer, verskaf Interne Oudit aan die Ouditkomitee en bestuur redelike versekering dat die interne kontroles voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde interne ouditplan toe te pas. Interne Oudit assesser die geskiktheid en doeltreffendheid van kontroles wat die risiko's mitigeer en die Ouditkomitee monitor die implementering van regstellende stappe.

Die volgende beplande en goedgekeurde interne oudits is gedurende die oorsigjaar voltooi:

- Onreëlmatige uitgawes
- Infrastruktuur – Geskeduleerde Onderhoud
- Intervensies gegrond op die skoolverbeteringsplan
- Samesprekings oor botsende belange

Die Ouditkomitee is steeds besorg dat verdere ouditdekking nodig is om 'n aansienlike persentasie hoë-risiko gebiede te dek. Die Ouditkomitee sal toenemend die versekering van beduidende risiko's aanmoedig deur toesig te hou oor die implementering van gekombineerde ouditbeginsels.

## **Ouditeur-Generaal se verslag**

Ons het die departement se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, op 'n kwartaallikse grondslag hersien. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese verslag voortspruit nie. Regstellende stappe oor die gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA geopper is, sal op 'n kwartaallikse grondslag deur die Ouditkomitee gemonitor word.

## **Waardering**

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering uitspreek teenoor die bestuur van die Onderwysdepartement, die OGSA, die Provinsiale Ondernemingsrisiko-bestuurseenheid, Forensiese Eenheid en die Interne Oudit-eenheid vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het ten einde dit vir ons moontlik te maak om hierdie verslag saam te stel.



**Mnr. R. Kingwill**  
**Voorsitter van die Onderwysouditkomitee**  
**Augustus 2013**





Deel D  
**Menslike hulpbronbestuur**

## 1. Wetgewing wat menslike hulpbronbestuur bepaal

Die inligting wat in hierdie deel verskaf word, word deur die Staatsdiensregulasies (hoofstuk 1, deel III J.3 en J.4) voorgeskryf.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)

Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995)

Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

Wet op die Vergoeding vir Beroepsiektes en -beserings, 1993 (Wet 130 van 1993)

Die Wet op Staatsamptenaarpensioenfondse, 1996 (Proklamasie 21 van 1996)

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000)

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)

Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000)

Die inligting toon die departement se demografiese samestelling van ras, geslag en gestremdheid, soos vereis deur die Wet op Billike Indiensneming en die Departement van Staatsdiens en Administrasie. Poste op die diensstaat vereis verskeie akademiese kwalifikasies, byvoorbeeld 'n Senior Sertifikaat, tegniese kwalifikasie of voorgraadse en nagraadse kwalifikasie, asook sekere vaardigheidsvlakke. Die Wet op Billike Indiensneming verklaar dat wanneer daar bepaal word of die aangewese groepe billik in 'n beroepskategorie en -vlak in 'n werkgewer se arbeidsmag verteenwoordig word, 'n aantal faktore in ag geneem moet word, insluitend die poel van toepaslik gekwalifiseerde persone uit die aangewese groepe waaruit die werkgewer redelik verwag kan word om werknemers te bevorder of aan te stel. Die syfers wat in hierdie afdeling aangebied word, neem nie hierdie faktore in ag nie en weerspieël nie die feit dat die bevolkingstatistiek wat deur die 2011-sensus verskaf is, aandui dat 'n baie klein persentasie van die Wes-Kaapse bevolking Matriek en tersiêre kwalifikasies het nie. Hierdie faktor bepaal die poel van "toepaslik gekwalifiseerde persone" waaruit die Wes-Kaapse Regering personeel kan aanstel (soos deur die Wet op Gelyke Indiensneming gespesifiseer). Die departement belê voortdurend in maatreëls om 'n breër poel van toepaslik gekwalifiseerde persone te skep wat om werkgeleenthede kan meeding, ten einde billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en -vlakke in die arbeidsmag te verbreed.

## 2. Inleiding

### *Oorsig van die departement se MH-aangeleenthede*

Die bestuur van die departement se diensstaat is van kritieke belang vir die opvoedkundige sukses van skole. Die departement het 154 meer poste vir die 2013 akademiese jaar toegeken. Verder het die departement 'n beter leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase geïmplementeer. Die departement het daarin geslaag om sy aantal permanente onderwysers te vermeerder en dus is daar oor die algemeen groter stabiliteit in die stelsel. Stappe is gedoen om 'n leerder-opvoeder-verhouding van 1: 37 in laerskole en 1:33 in hoërskole te verseker. Die departement het ook begin met 'n doelgerigte ontplooiingsplan vir oortollige opvoeders en die dalende syfer is 'n bewys van die sukses daarvan. Die WKOD het gedurende die tydperk 1 April 2012 tot 31 Desember 2012 die aantal oortollige opvoeders met 149 verminder. 'n Verdere 53 oortollige opvoeders is in die eerste kwartaal van 2013 geplaas.

Die departement het in die 2012-skooljaar vyf vakaturelyste vir opvoeders suksesvol geadministreer.

### *Gestelde MH-prioriteite vir die jaar onder oorsig en die impak van hierdie prioriteite*

Die departement beskou die werwing van bekwame bestuurders om as hoofde by skole aangestel te word, as 'n prioriteit. Verteenwoordigers van die departement op sodanige keuringspanele was waaksaam om te verseker dat 'n behoorlike proses gevolg word.

Nog 'n prioriteit was om die aantal werknemers op uitgebreide verloftydperke te verminder ten einde die finansiële las op die departement te verlig, aangesien dit die aanstelling van plaasvervangeropvoeders noodsaak.

### *Werksmagbeplanningsraamwerk en sleutelstrategieë om 'n vaardige en bekwame werksmag te lok en te werf.*

Die departement het voortgegaan om voordiensbeurse aan studente toe te ken om opvoeders te word en het hierdie beurse vir spesifieke studies aangewend. Daarbenewens het die departement gebruik gemaak van die dienste en beskikbaarheid van die gegradueerdes van die Funza Lushaka-beursskema wat deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys geadministreer word. Gedurende die tydperk 1 April 2012 tot 31 Desember 2012, is 283 (57.76%) Funza Lushaka-beurshouers (2011-beurshouers wat vir plasing in 2012 gekwalifiseer het) uit 490 suksesvol geplaas. Gedurende die tydperk 1 Januarie 2013 tot 31 Maart 2013, is 298 Funza Lushaka-beurshouers (2012-beurshouers wat vir plasing in 2013 gekwalifiseer het) uit 669 (44.54%) suksesvol in permanente, aflos- of tydelike poste geplaas.

Die departement het met die vulling van SMS-poste klem gelê op die uitslae van die bevoegdheid-gebaseerde assesserings waaraan kandidate onderworpe was.

### *Raamwerk vir werknemerprestasiestuur*

Die departement het die voorgeskrewe beleid ten opsigte van prestasiestuur aanvaar en onderskryf en het verseker dat alle personeel, opvoeders asook staatsdienspersoneel, goed ingelig is oor die verwagtinge van die werkgewer.

### *Werknemerwelstandsprogramme*

'n Eksterne diensverskaffer het 'n diens aan die hele provinsiale regering gelewer en die departement het hierdie program ondersteun.

Die program bied voortgesette ondersteuning ten opsigte van die sielkundige, emosionele en leefstylbehoefte van werknemers. Dit is 'n program wat onder andere op MIV en Vigs, stres, finansiële bestuur, verhoudings, regsaspekte, familiesake, middelmisbruik en trauma-ontlonting fokus. Die program behandel ook werknemers se gesondheid- en welstandskwessies deur middel van werknemergesondheid- en welstandbewustheidsdae. Die doel van hierdie dae is om gesonde leefstyle te bevorder en bewustheid te skep oor die dienste wat die WKOD aan sy werknemers bied. Daarbenewens vind Bewusmaking oor Gesondheidsbevordering plaas volgens die dae aangeteken in die Departement Gesondheid se gesondheidskalender. Die departement het gedurende die oorsigtydperk ses gesondheid- en welstand-bewustheidsdae aangebied en ook bewustheid geskep deur 19 voorspraaksessies te hou oor die werknemerwelstandsprogram wat die WKOD aan werknemers bied.

### *Beleidsontwikkeling*

Die departement het voor die einde van Augustus 2012 die diensstaat vir alle skole vir 2013 beskikbaar gestel. Dit het skole in staat gestel om tydig met hul beplanning vir 2013 te begin en het ook voldoende geleentheid geskep vir skole om 'n beroep op meer poste te doen, waar dit nodig geag is.

'n e-Werwingstelsel ("werwing van die beste") is met ingang van Januarie 2013 geïmplementeer. Die stelsel stel alle opvoeders in staat om hul persoonlike profiel op die stelsel te voltooi en die platform te gebruik om aanlyn om geadverteerde poste aansoek te doen. Die stelsel word streng gemonitor om die sukses daarvan te verseker.

Die departement het vrywillig aan die Pensioen e-Kanaliseringsstelsel deelgeneem. Hierdie stelsel maak voorsiening vir die elektroniese verwerking van pensioen-onttrekking vir begunstigdes en het die omkeertyd vir die werklike betaling van voordele merkwaardig verminder.

### *Uitdagings waarvoor die departement te staan kom*

Die afname in leerdergetalle gedurende die loop van 'n skooljaar lei daartoe dat sommige skole, soos die jaar vorder, meer opvoeders het as wat die leerder-opvoeder-verhouding toelaat.

### *Toekomstige MH-planne/doelwitte*

Die uitrol van die e-Werwingstelsel vir kantoorbaseerde opvoeders asook staatsdienspersoneel.

Die verskaffing van aanlyn-aansoeke vir institusionele opvoederposte aan skole in elektroniese formaat.

### 3. Oorsig van menslike hulpbronstatistiek

#### 3.1. Uitgawes

Die departement se begroting word volgens duidelik bepaalde programme toegeken. Die volgende tabelle is 'n opsomming van finale geouditeerde uitgawes per program (Tabel 3.1.1) en per salarisband (Tabel 3.1.2.). Dit dui in die besonder die bedrag aan wat aan personeeluitgawes ten opsigte van elke program of salarisband in die departement bestee is.

| Program   | Programaanwysing                              |
|-----------|---|
| Program 1 | Administrasie                                 |
| Program 2 | Openbare gewone skoolonderwys                 |
| Program 3 | Onafhanklike skoolonderwys                    |
| Program 4 | Openbare spesiale skoolonderwys               |
| Program 5 | Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges       |
| Program 6 | Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes |
| Program 7 | Vroeëkindontwikkeling                         |
| Program 8 | Hulpdienste en verwante dienste               |

Tabel 3.1.1: Personeeluitgawes per program, 2012/13

| Program       | Totale Uitgawes (R'000) | Personeel-uitgawes (R'000) | Opleidings-uitgawes (R'000) | Goedere en dienste (R'000) | Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes | Gemiddelde personeel-uitgawes per werknemer (R'000) | Aantal werknemers |
|---------------|-------------------------|----------------------------|-----------------------------|----------------------------|--|---|-------------------|
| Program 1     | 510 807                 | 248 252                    | 7 198                       | 0                          | 1.74   | 310.70  | 799               |
| Program 2     | 11 655 694              | 9 388 908                  | 41 882                      | 0                          | 65.71  | 266.79  | 35 192            |
| Program 3     | 72 321                  | 0                          | 0                           | 0                          | 0  | 0   | 0                 |
| Program 4     | 835 176                 | 668 879                    | 0                           | 0                          | 4.68   | 236.27  | 2 831             |
| Program 5     | 597 523                 | 273 819                    | 0                           | 0                          | 1.92   | 279.98  | 978               |
| Program 6     | 36 920                  | *1 587                     | 0                           | 0                          | 0.01   | *176.3  | 9                 |
|               |                         | **4 258                    | 0                           | 0                          | 0.03   | 0   | 0                 |
| Program 7     | 421 351                 | 64 203                     | 0                           | 0                          | 0.45   | 313.19  | 205               |
| Program 8     | 158 318                 | ***25 206                  | 0                           | 0                          | 0.18   | ***229.15   | 110               |
|               |                         | ****60 696                 | 0                           | 0                          | 0.42   | 0   | 0                 |
| <b>Totaal</b> | <b>14 288 110</b>       | <b>10 735 885</b>          | <b>49 080</b>               | <b>0</b>                   | <b>75.14</b>                                   | <b>267.57</b>                                       | <b>40 124</b>     |

Let wel:

- \* Die personeeluitgawes ten opsigte van Program 6 (Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes) ten bedrae van R1,587 m is ten opsigte van die nege voltydse werknemers in permanente diens. Die aangeduide gemiddelde personeelkoste is dus slegs ten opsigte van die voltydse werknemers
- \*\* Die bedrag van R4,258 m reflekteer die bedrag ten opsigte van die uitgawes rakende 37 opvoeders wat op 'n uurlikse basis vir onderlig by BOOV-sentrums aangestel is.
- \*\*\* Die personeeluitgawes ten opsigte van Program 8 (Hulpdienste en Verwante Dienste) ten bedrae van R25,206 m, is ten opsigte van die 110 voltydse werknemers in permanente diens. Die aangeduide gemiddelde personeelkoste is dus slegs ten opsigte van die voltydse werknemers.
- \*\*\*\* Die bedrag van R60,696 m reflekteer die bedrag ten opsigte van die uitgawes vir eksaminatore/moderatore/nasieners en tydelike administratiewe ondersteuningspersoneel (vir die 2012-Matriekksamens) sowel as MIV/Vigs-ondersteuningspersoneel.

Tabel 3.1.2: Personeeluitgawes per salarisband, 2012/13

| Salarisband                              | Personeel-uitgawes (R'000) | % van totale personeel-uitgawes | Gemiddelde personeel-uitgawes per werknemer (R'000) | Aantal werknemers |
|--|----------------------------|---------------------------------|---|-------------------|
| Laer geskoold (Vlak 1-2)                 | 284 047                    | 2.64                            | 92.01   | 3, 087            |
| Geskoold (Vlak 3-5)                      | 670 766                    | 6.23                            | 140.39  | 4, 778            |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)      | 6 201 664                  | 57.59                           | 265.14  | 23, 390           |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 3 567 327                  | 33.13                           | 404.46  | 8, 820            |
| Senior bestuur (Vlak 13-16)              | 44 890                     | 0.42                            | 916.12  | ##49              |
| Totaal                                   | #10 768 694                | 100.00                          | 268.39  | 40 124            |

Let wel:

- # Die totale personeeluitgawes in tabel 4.1.1 en 4.1.2 verskil omdat sommige transaksies direk op BAS plaasvind
- ## Die totale aantal werknemers aangedui in tabel 4.1.1 en 4.1.2 hierbo sluit sowel staatsdienspersoneel as opvoeders in. Die aantal werknemers in die salarisband 13 – 16 sluit die ses Hoof Uitvoerende Beamptes verbonde aan die Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges in

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisbande (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, huiseienaars-toelae en mediese bystand. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbegroting wat vir hierdie items benut is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per program, 2012/13

| Program   | Salarisse      |  | Oortyd         |                                       | Behuisingstoelae |  | Mediese bystand |  |
|-----------|----------------|--|----------------|---------------------------------------|------------------|--|-----------------|--|
|           | Bedrag (R'000) | Salarisse as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Oortyd as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000)   | Behuisings-toelae as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000)  | Mediese bystand as 'n % van personeel-uitgawes |
| Program 1 | 179 076        | 1.66                                     | 2,203          | 0.02                                  | 6 205            | 0.06   | 11 061          | 0.10   |
| Program 2 | 7 031 109      | 65.29                                    | 295            | 0.00                                  | 219 464          | 2.04   | 417 237         | 3.87   |
| Program 4 | 493 024        | 4.58                                     | 61             | 0.00                                  | 17 523           | 0.16   | 29 744          | 0.28   |
| Program 5 | 206 344        | 1.92                                     | 0              | 0.00                                  | 5 909            | 0.05   | 11 305          | 0.10   |
| Program 6 | 7 497          | 0.07                                     | 0              | 0.00                                  | 258              | 0.00   | 403             | 0.00   |
| Program 7 | 47 867         | 0.44                                     | 0              | 0.00                                  | 1 094            | 0.01   | 2 586           | 0.02   |
| Program 8 | 33 681         | 0.31                                     | 1,407          | 0.01                                  | 1 124            | 0.01   | 1 999           | 0.02   |
| Totaal    | 7 998 598      | 74.28                                    | 3 966          | 0.03                                  | 251 577          | 2.34   | 474 335         | 4.40   |

Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per salarisband, 2012/13

| Salarisband                             | Salarisse        |  | Oortyd         |                                       | Behuisingstoelae |   | Mediese bystand |  |
|---|------------------|--|----------------|---------------------------------------|------------------|---|-----------------|--|
|   | Bedrag (R'000)   | Salarisse as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Oortyd as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000)   | Behuisingstoelae as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000)  | Mediese bystand as 'n % van personeel-uitgawes |
| Laer geskool (Vlak 1-2)                 | 200 409          | 1.86                                     | 93             | 0.00                                  | 15 494           | 0.14  | 15 819          | 0.15   |
| Geskool (Vlak 3-5)                      | 476 095          | 4.42                                     | 1 659          | 0.01                                  | 29 429           | 0.27  | 41 627          | 0.39   |
| Hoogs geskool produksie (Vlak 6-8)      | 4 607 545        | 42.79                                    | 1 760          | 0.01                                  | 142 636          | 1.32  | 285 193         | 2.65   |
| Hoogs geskool toesighouding (Vlak 9-12) | 2 684 711        | 24.93                                    | 454            | 0.00                                  | 64 018           | 0.59  | 131 098         | 1.22   |
| Senior bestuur (Vlak 13-16)             | 29 838           | 0.28                                     | 0              | 0.00                                  | 0                | 0.00  | 598             | 0.01   |
| <b>Totaal</b>                           | <b>7 998 598</b> | <b>74.28</b>                             | <b>3 966</b>   | <b>0.03</b>                           | <b>251 577</b>   | <b>2.34</b>                                     | <b>474 335</b>  | <b>4.40</b>                                    |

### 3.2. Indiensneming en vakatures

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die aantal poste op die diensstaat, die aantal werknemers, die persentasie poste vakant en of daar enige personeel bykomend tot die diensstaat is. Hierdie inligting word ten opsigte van twee belangrike veranderlikes aangebied: - program (Tabel 4.2.1) en salarisband (Tabel 4.2.2).

Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program, soos op 31 Maart 2013

| Personeel-groep | Program       | Aantal befondsde poste | Onbefondsde poste | Aantal poste gevul | Vakaturekoers % | Aantal persone bykomend tot die diensstaat | Totale aantal werknemers |
|-----------------|---------------|------------------------|-------------------|--------------------|-----------------|--|--------------------------|
| Alle personeel  | Program 1     | 827                    | 48                | 784                | 5.00            | 15   | 799                      |
|                 | Program 2     | 35 032                 | 259               | 34 841             | 1.00            | 351  | 35 192                   |
|                 | Program 4     | 3158                   | 9                 | 2 798              | 11.00           | 33   | 2 831                    |
|                 | Program 5     | 1 280                  | 150               | 978                | 24.00           | 0  | 978                      |
|                 | Program 6     | 12                     | 0                 | 9                  | 25.00           | 0  | 9                        |
|                 | Program 7     | 14                     | 0                 | 205                | 0.00            | 0  | 205                      |
|                 | Program 8     | 109                    | 25                | 110                | 0.00            | 0  | 110                      |
|                 | <b>Totaal</b> | <b>40 432</b>          | <b>491</b>        | <b>39 725</b>      | <b>2.00</b>     | <b>399</b>                                 | <b>40 124</b>            |
| Opvoeders       | Program 1     | 99                     | 7                 | 108                | 0.00            | 6  | 114                      |
|                 | Program 2     | 28 459                 | 24                | 28 489             | 0.00            | 147  | 28 636                   |
|                 | Program 4     | 2 054                  | 0                 | 1 844              | 10.00           | 16   | 1 860                    |
|                 | Program 5     | 886                    | 0                 | 811                | 8.00            | 0  | 811                      |
|                 | Program 6     | 4                      | 0                 | 2                  | 50.00           | 0  | 2                        |
|                 | Program 7     | 14                     | 0                 | **205              | 0.00            | 0  | 205                      |
|                 | Program 8     | 0                      | 0                 | 0                  | 0.00            | 0  | 0                        |
|                 | <b>Totaal</b> | <b>31 516</b>          | <b>31</b>         | <b>31 459</b>      | <b>0.00</b>     | <b>*169</b>                                | <b>31 628</b>            |

| Personeel-groep      | Program   | Aantal befondsde poste | Onbefondsde poste | Aantal poste gevul | Vakature-koers % | Aantal persone bykomend tot die diensstaat | Totale aantal werknemers |
|----------------------|-----------|------------------------|-------------------|--------------------|------------------|--|--------------------------|
| Staatsdienspersoneel | Program 1 | 728                    | 41                | 676                | 7.00             | 9  | 685                      |
|                      | Program 2 | 6 573                  | 235               | 6 352              | 3.00             | 204  | 6 556                    |
|                      | Program 4 | 1 104                  | 9                 | 954                | 14.00            | 17   | 971                      |
|                      | Program 5 | 394                    | 150               | 167                | 58.00            | 0  | 167                      |
|                      | Program 6 | 8                      | 0                 | 7                  | 13.00            | 0  | 7                        |
|                      | Program 7 | 0                      | 0                 | 0                  | 0.00             | 0  | 0                        |
|                      | Program 8 | 109                    | 25                | 110                | 0.00             | 0  | 110                      |
|                      | Totaal    | 8 916                  | 460               | 8 266              | 7.00             | 230  | 8 496                    |

Let wel:

\* In die geval van opvoeders bykomend tot die diensstaat, word slegs die syfers aangedui van daardie opvoeders wat behoorlik as bykomend ingevolge die kollektiewe ooreenkomste geïdentifiseer is.

\*\* Program 7: Poste van opvoeder: preprimêr word afgeskaf soos hulle vakant raak. Die WKOD het 'n beleid aanvaar waarvolgens die ontruimde poste deur 'n subsidiebetaling vervang word in 'n poging om meer leerterreine vir preprimêre leerders te skep (Vroeëkindontwikkeling). 205 opvoeders in Program 7 is preprimêre personeel. Hierdie personeel word in addisionele poste gedra.

|                | <b>Totaal</b>                           | <b>218 911</b>   | <b>15 764</b>                       | <b>409</b>                                   | <b>39</b>                                  | <b>3 494</b>   | <b>198 926</b>  |

Die volgende tabel is 'n opsomming van betalings wat aan werknemers gemaak is as gevolg van verlof wat nie geneem is nie.

Tabel 3.10.5: Verlofuitbetalings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Rede   | Totale bedrag (R'000) | Aantal werknemers | Gemiddelde betaling per werknemer |
|--|-----------------------|-------------------|-----------------------------------|
| Verlofuitbetalings vir 2012/13 weens verlof wat nie in die vorige siklus geneem is nie | 0                     | 0                 | 0                                 |
| Opgehoopte verlofuitbetalings by diensbeëindiging vir 2012/13                          | 41 384                | 588               | 70 380                            |
| Huidige verlofuitbetalings by diensbeëindiging 2012/13                                 | 0                     | 0                 | 0                                 |
| <b>Totaal</b>  | <b>41 384</b>         | <b>588</b>        | <b>70 380</b>                     |

### 3.11. MIV/Vigs- en gesondheidsbevorderingsprogram

Tabel 3.11.1: Stappe gedoen om die risiko van beroepsblootstelling te verminder, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Eenhede/kategorieë van werknemers wat geïdentifiseer is as hoë risiko om MIV & verwante siektes op te doen (indien enige)               | Belangrike stappe wat gedoen is om die risiko te verminder  |
|---|---|
| Opvoeders en ondersteuningspersoneel (skoolverpleegsters, skoonmakers, opvoeders in laboratoriums, ingenieurswese en skoolsekretaresse) | Brosjyre met prosedures oor beroepsblootstelling sal volg. Elke onderwysinstelling het 'n gesondheids- en veiligheidskomitee. |

Tabel 3.11.2: Besonderhede oor gesondheidsbevordering en MIV- en Vigs-programme (merk die toepaslike boksies en verskaf die nodig inligting), 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Vraag  | Ja | Nei | Besonderhede, indien ja  |
|--|----|-----|--|
| 1. Het die Departement 'n lid van die SMS aangewys om die bepaling soos vervat in Deel VI E van Hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2001 te implementeer? Indien wel, verskaf sy/haar naam en posisie.   | x  |     | Direkteur: Menslike Hulpbronbestuur  |
| 2. Het die departement 'n toegewyde eenheid of het dit spesifieke personele aangewys om die gesondheid en welsyn van werknemers te bevorder? Indien wel, dui die aantal werknemers aan wat by hierdie taak betrokke is, en die jaarlikse begroting wat vir hierdie doel beskikbaar is. | x  |     | Die WKOD het twee spesifieke programme waarop dit fokus, nl. die oriënteringsprogram in MIV/Vigs-lewensvaardigheid (LSOP) en die MIV en Vigs in die Werkplek (HWP). Hierdie twee programme ondersteun mekaar ten opsigte van opleiding en voorspraak. Twee amptenare is verantwoordelik vir die WKOD se Werknemergesondheid- en Welsynsprogram; een op die vlak van Assistent-direkteur en een op die vlak van Menslike Hulpbronklerk, onderskeidelik.<br>Begroting = R 1 794 580  |
| 3. Het die departement 'n werknemersbystand- of gesondheidsbevorderingsprogram vir werknemers bekendgestel? Indien wel, dui die sleutel-elemente/dienste van hierdie Program aan.  | x  |     | Die program bied voortgesette ondersteuning ten opsigte van die sielkundige, emosionele en leefstylbehoefte van ons werknemers. Dit is 'n werknemergesondheid- en welstandbestuursprogram wat onder andere op MIV en Vigs, stres, finansiële bestuur, verhoudings, regsaspekte, familiesake, middelmisbruik en trauma-ontlonting fokus. Hierdie dienste word deur privaat diensverskaffers gelewer om vertroulikheid te verseker. Hierdie program behandel ook werknemers se gesondheid- en welstandskwessies deur middel van werknemergesondheid- en welstandbewustheidsdae. Die doel van hierdie bewusmakingsessies is om gesonde leefstyle te bevorder en bewustheid te skep oor die dienste wat die WKOD aan sy werknemers bied. Daarbenewens vind Bewusmaking oor Gesondheidsbevordering plaas volgens die dae aangeteken in die Departement Gesondheid se gesondheidskalender. Die departement het gedurende die oorsigtydperk ses gesondheid- en welstandbewustheidsdae aangebied en ook bewustheid geskep deur 19 voorspraaksessies te hou oor die werknemerwelstandsprogram wat die WKOD aan werknemers bied. |

| Vraag   | Ja | Nei | Besonderhede, indien ja  |
|---|----|-----|--|
| 4. Het die departement komitee(s) ingestel, soos beoog in deel VI E.5 (e) van hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2001? Indien wel, verskaf die name van die lede van die komitee en die belanghebbende(s) wie hulle verteenwoordig.            | x  |     | Die Direkteur: Menslike Hulpbronbestuur, verantwoordelike Adjunk-direkteur en verantwoordelike Assistent-direkteur bestuur die program en verskaf kwartaalike verslae aan werknemerparty wat ook insette tot die program lewer.  |
| 5. Het die Departement sy indiensnemingsbeleide en -praktyke hersien om te verseker dat dit nie onbillik teen werknemers diskrimineer op grond van hulle MIV-status nie? Indien wel, lys die indiensnemingsbeleide/-praktyke wat as sulks hersien is. | x  |     | Die WKOD het sy eie beleid oor MIV en Vigs in die werkplek, gegrond op die raamwerk verskaf deur die provinsiale regering, aanvaar en dit word deur die MIV- en Vigs- transversale beleid en transversale raamwerk oor werknemer-gesondheid en -welstand ondersteun.   |
| 6. Het die departement maatreëls ingestel om MIV-positiewe werknemers of diegene wat as MIV-positief beskou word, teen diskriminasie te beskerm? Indien wel, lys die sleutelemente van sodanige maatreëls.  | x  |     | Die WKOD skep gereeld bewustheid oor die regte konteks waarbinne MIV en Vigs gesien moet word. Unieke aangeleenthede rakende MIV en Vigs, bv. vertroulikheid, bekendmaking, VBT, ens. is in die WKOD se MIV- en Vigs-beleid en nakoming hiervan is deel van lynbestuur se verantwoordelikheid.   |
| 7. Moedig die departement sy werknemers aan om vrywillige berading en toetsing te ondergaan? Indien wel, lys die resultate wat u hiermee bereik het.  | x  |     | MIV-berading en -toetsing (HCT) is deel van die breë gesondheidsevaluering wat gedurende Gesondheid- en Welsynsbewustheidsdae uitgevoer word. Deelname aan HCT is gemiddeld 40% van diegene wat die bewustheidsdae bywoon. Die departement ook deur Menslike Hulpbronne Notule 6 van 2012 die Nasionale MIV-beradingsveldtog gekommunikeer met die doel om alle WKOD-personeel aan te spoor om vrywillige MIV-berading en -toetsing te ondergaan. Die lys van HCT-diensverskaffers asook die transversale HCT-toetskalender is by die notule aangeheg. Alle senior bestuurders en hoofde van onderwysinstellings is versoek om personeel aan te moedig om aan die Nasionale MIV-beradingsveldtog deel te neem. |
| 8. Het die departement maatstawwe/ aanwysers ontwikkel om die impak van sy program oor gesondheidsbevordering te monitor en evalueer? Indien wel, lys sodanige maatstawwe/ aanwysers.   | x  |     | Maandelikse en kwartaalike verslae, wat die benutting van die beskikbare dienste aandui, word van die Werknemergesondheid en -welsynsdiensverskaffer ontvang.  |

Let wel: Die Departement van Gesondheid koördineer die Provinsiale Werknemer Vigs-program, waarvan die WKOD deel is. Dit verskaf konstruktiewe rigting rakende die volgende elemente/dienste:

- Opvoeding en bewusmaking in die werkplek
- Die uitvoer van 'n MIV/Vigs-oudit in die werkplek om infrastrukturele behoeftes te bepaal, bv. noodhulpstelle
- Voorkomende programme, bv. die verspreiding van kondome
- Bevordering van universele voorsorg-maatreëls, bv. veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word wanneer bloed en liggaamsvloeistowwe van beseerde persone hanteer word
- Vrywillige berading en toetsing
- Bevordering van ondersteuning aan MIV/Vigs-besmette werknemers

Die DPSA se strategiese raamwerk vir werknemergesondheid en -welsyn beklemtoon nakoming t.o.v. MIV/Vigs- en TB-bestuur, wat aanbeveel dat die kernfunksies van EH&W in die werkplek is om:

- Die impak van MIV en Vigs te versag en 'n bevorderlike maatskaplike omgewing vir sorg, behandeling en ondersteuning te skep.
- Implementeer Werknemergesondheid en -welsynsdagprogramme vir MIV-besmette en geaffekteerde werkgemeenskap
- Implementeer portuuroopvoederprogramme vir werknemers, met die fokus op gedragsrisiko's

Mediese bystand vir die behandeling en versorging van werknemers wat met MIV/Vigs lewe, word deur GEMS, ander mediese fondse en primêre gesondheidsorgfasiliteite verskaf.

### 3.12. Arbeidsbetrekkinge

Die volgende kollektiewe ooreenkomste is tussen vakbonde en die departement aangegaan:

Tabel 3.12.1: Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

|                                 |     |
|---------------------------------|-----|
| Totale kollektiewe ooreenkomste | Nul |
|---------------------------------|-----|

Die volgende tabel is 'n opsomming van die uitkoms van dissiplinêre verhore wat gedurende die oorsigjaar in die departement uitgevoer is.

Tabel 3.12.2: Wangedrag en dissiplinêre verhore gefinaliseer, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Soorte wangedrag  | Aantal     | % van totaal  |
|---|------------|---------------|
| Diefstal, omkoperij, bedrog of handeling van korrupsie m.b.t. eksamens  | 4          | 1.30          |
| Seksuele aanranding op leerder  | 25         | 8.00          |
| Seksuele aanranding op 'n ander werknemer   | 1          | 0.30          |
| Seksuele verhouding met leerder van dieselfde skool   | 1          | 0.30          |
| Ernstige aanranding met die doel om ernstige liggaamlike leed aan 'n leerder of student te doen               | 2          | 0.60          |
| Ernstige aanranding met die doel om ernstige liggaamlike leed aan 'n leerder of student te doen               | 0          | 0.00          |
| Onwettige besit van 'n bedwelmende, onwettige of verdowende middel  | 0          | 0.00          |
| Versuim om te voldoen aan of oortreding van 'n wet of enige ander wetgewing, regulasie of wetlike verpligting | 7          | 2.30          |
| Opsetlike of nalatige wanbestuur van die finansies van die staat  | 22         | 7.00          |
| Misbruik van staatseiendom  | 2          | 0.60          |
| Onverdedigbare benadeling van die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die departement           | 4          | 1.20          |
| Misbruik sy of haar posisie om die belange van enige persoon te bevorder of benadeel                          | 1          | 0.30          |
| Aanvaar tweede werk en/of vergoeding sonder skriftelike goedkeuring van die werkgewer                         | 0          | 0.00          |
| Versuim om 'n wettige opdrag en/of roetine-instruksie uit te voer   | 10         | 3.20          |
| Afwesigheid   | 29         | 9.30          |
| Diskriminasie   | 0          | 0.00          |
| Swak prestasie, om redes buiten onvermoë  | 3          | 1.00          |
| Onder die invloed van bedwelmende middels terwyl aan diens  | 6          | 2.00          |
| Onbehoorlike, skandelige en onaanvaarbare gedrag  | 29         | 9.40          |
| Aanrandings, of poog of dreig om aan te rand  | 110        | 36.00         |
| Viktimisasie en/of intimidasie  | 1          | 0.30          |
| Gee vals verklarings of getuienis in die uitvoering van pligte en/of vervalsing van rekords                   | 1          | 0.30          |
| Onwettige stakings  | 8          | 2.60          |
| Gemene reg- of statutêre oortreding (diefstal, bedrog en korrupsie)   | 17         | 5.50          |
| Oneerlikheid  | 3          | 1.00          |
| Drosterij   | 23         | 7.40          |
| <b>Totaal</b>   | <b>309</b> | <b>100.00</b> |

Tabel 3.12.3: Soorte wangedrag by dissiplinêre verhore aangespreek, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Uitkomst van dissiplinêre verhore | Aantal | % van totaal |
|-----------------------------------|--------|--------------|
| Korrektiewe berading              | 2      | 0.40         |
| Mondelinge waarskuwing            | 0      | 0.00         |
| Skriftelike waarskuwing           | 2      | 0.40         |
| Finale skriftelike waarskuwing    | 228    | 42.00        |
| Geskors sonder betaling           | 37     | 7.00         |
| Boete                             | 193    | 35.00        |
| Demosie                           | 3      | 0.50         |
| Ontslag/ drostery                 | 56     | 10.00        |
| Onskuldig                         | 11     | 2.00         |
| Saak teruggetrek                  | 15     | 2.70         |
| Totaal                            | 547    | 100.00       |

Tabel 3.12.4: Griewe aanhangig gemaak, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Griewe aanhangig gemaak               | Aantal | % van totaal |
|---------------------------------------|--------|--------------|
| Aantal griewe opgelos                 | 277    | 69.00        |
| Aantal griewe nie opgelos nie         | 127    | 31.00        |
| Totale aantal griewe aanhangig gemaak | 404    | 100.00       |

Tabel 3.12.5: Dispute by rade aanhangig gemaak, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Dispute by rade aanhangig gemaak       | Aantal | % van totaal |
|--|--------|--------------|
| Aantal dispute bekragtig               | 46     | 35.00        |
| Aantal dispute afgewys                 | 86     | 65.00        |
| Totale aantal dispute aanhangig gemaak | 132    | 100.00       |

Tabel 3.12.6: Stakings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Stakings  | Aantal |
|---|--------|
| Totale aantal persoon-werkdae verloor                         | 0      |
| Totale koste (R'000) van werkdade verloor                     | 0      |
| Bedrag (R'000) verhaal as gevolg van geen werk, geen betaling | 0      |

Tabel 3.12.7: Voorkomende skorsings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Voorkomende skorsings                                     | Aantal |
|---|--------|
| Aantal staatsamptenare geskors                            | 4      |
| Aantal opvoeders geskors                                  | 31     |
| Aantal staatsamptenare wie se skorsing 30 dae oorskry het | 6      |
| Aantal opvoeders wie se skorsing 90 dae oorskry het       | 8      |
| Gemiddelde aantal dae geskors                             | 85     |

Koste (R000) van skorsings: R2 088



### 3.13 Vaardigheidsontwikkeling

Hierdie afdeling beklemtoon die departement se pogings ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling. Die tabel reflekteer die opleidingsbehoefte aan die begin van die oorsigtydperk, en die werklike opleiding wat aangebied is.

Tabel 3.13.1: Geïdentifiseerde opleidingsbehoefte, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Beroeps-kategorieë                            | Geslag  | Aantal werknemers soos op 1 April 2012 | Opleidingsbehoefte aan begin van verslagtydperk geïdentifiseer |   |                           |               |
|---|---------|--|--|---|---------------------------|---------------|
|   |         |  | Leerderskappe  | Vaardigheidsprogramme & ander kort kursusse | Ander vorms van opleiding | Totaal        |
| Wetgewers, senior beamptes en bestuurders     | Vroulik | 1 494                                  | 0  | 1 797                                       | 0                         | 1 797         |
|   | Manlik  | 2 443                                  | 0  | 1 385                                       | 0                         | 1 385         |
| Professionele persone                         | Vroulik | 19 062                                 | 0  | 8 014                                       | 0                         | 8 014         |
|   | Manlik  | 7 981                                  | 0  | 3 572                                       | 0                         | 3 572         |
| Tegnici en verwante professionele persone     | Vroulik | 137                                    | 0  | 0   | 0                         | 0             |
|   | Manlik  | 124                                    | 0  | 0   | 0                         | 0             |
| Klerke  | Vroulik | 1 889                                  | 0  | 1 017                                       | 0                         | 1 017         |
|   | Manlik  | 308                                    | 0  | 495   | 0                         | 495           |
| Diens- en verkoopwerkers                      | Vroulik | 6                                      | 0  | 297   | 0                         | 297           |
|   | Manlik  | 25                                     | 0  | 170   | 0                         | 170           |
| Geskoolede landbou- en visserijwerkers        | Vroulik | 0                                      | 0  | 0   | 0                         | 0             |
|   | Manlik  | 0                                      | 0  | 0   | 0                         | 0             |
| Handwerk- en verwante werkers                 | Vroulik | 1                                      | 0  | 0   | 0                         | 0             |
|   | Manlik  | 12                                     | 0  | 0   | 0                         | 0             |
| Toerusting- en masjienoperateurs en -monteurs | Vroulik | 1                                      | 0  | 121   | 0                         | 121           |
|   | Manlik  | 21                                     | 0  | 110   | 0                         | 110           |
| Arbeiders en verwante werkers                 | Vroulik | 2 016                                  | 0  | 395   | 0                         | 395           |
|   | Manlik  | 2 280                                  | 0  | 373   | 0                         | 373           |
| Elementêre beroepe                            | Vroulik | 0                                      | 0  | 0   | 0                         | 0             |
|   | Manlik  | 0                                      | 0  | 0   | 0                         | 0             |
| Subtotaal                                     | Vroulik | 24 606                                 | 0  | 11 520                                      | 0                         | 11 520        |
|   | Manlik  | 13 194                                 | 0  | 6 047                                       | 0                         | 6 047         |
| <b>Totaal</b>                                 |         | <b>37 800</b>                          | <b>0</b>   | <b>17 567</b>                               | <b>0</b>                  | <b>17 567</b> |
| Werknemers met gestremdhede                   | Vroulik | 15                                     | 0  | 5   |                           | 0             |
|   | Manlik  | 21                                     | 0  | 3   |                           | 0             |

Let wel: Daar is geen belyning tussen die Organiseringsraamwerk vir Beroepe (OFO) wat aan die SETA's gerapporteer word en die beroepskategorieë gelys onder die Kode van Vergoeding (CORE) nie. Die departement het die CORE-beroepskategorieë in lyn gebring met die OFO-beroepskategorieë vir die doel van verslagdoening ten opsigte van die aantal werknemers.

Tabel 3.13.2: Opleiding verskaf, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Beroeps-kategorieë                            | Geslag  | Aantal werknemers soos op 31 Desember 2013 | Opleiding in die verslagtydperk voorsien |  |                           |        |
|---|---------|--|--|--|---------------------------|--------|
|   |         |  | Leerder-skappe                           | Vaardigheids-programme & ander kort kursusse | Ander vorms van opleiding | Totaal |
| Wetgewers, senior beamptes en bestuurders     | Vroulik | 1 572                                      | 0  | 1 060  | 0                         | 1 060  |
|   | Manlik  | 2 414                                      | 0  | 1 130  | 0                         | 1 130  |
| Professionele persone                         | Vroulik | 20 037                                     | 0  | 4 937  | 0                         | 4 937  |
|   | Manlik  | 8 204                                      | 0  | 2 835  | 0                         | 2 835  |
| Tegnici en verwante professionele persone     | Vroulik | 321  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
|   | Manlik  | 238  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
| Klerke  | Vroulik | 1 922                                      | 0  | 237  | 0                         | 237    |
|   | Manlik  | 267  | 0  | 40   | 0                         | 40     |
| Diens- en verkoopwerkers                      | Vroulik | 5  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
|   | Manlik  | 18   | 0  | 0  | 0                         | 0      |
| Geskoolede landbou- en visserijwerkers        | Vroulik | 0  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
|   | Manlik  | 0  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
| Handwerk- en verwante werkers                 | Vroulik | 0  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
|   | Manlik  | 0  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
| Toerusting- en masjienoperateurs en -monteurs | Vroulik | 0  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
|   | Manlik  | 21   | 0  | 0  | 0                         | 0      |
| Arbeiders en verwante werkers                 | Vroulik | 2 368                                      | 0  | 60   | 0                         | 60     |
|   | Manlik  | 2 737                                      | 0  | 75   | 0                         | 75     |
| Elementêre beroepe                            | Vroulik | 0  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
|   | Manlik  | 0  | 0  | 0  | 0                         | 0      |
| Subtotaal                                     | Vroulik | 26 225                                     | 0  | 6 294  | 0                         | 6 294  |
|   | Manlik  | 13 899                                     | 0  | 4 080  | 0                         | 4 080  |
| Totaal  |         | 40 124                                     | 0  | 10 374                                       | 0                         | 10 374 |
| Werknemers met gestremdhede                   | Vroulik | 14   | 0  | 0  | 0                         | 0      |
|   | Manlik  | 18   | 0  | 0  | 0                         | 0      |

Let wel: Daar is geen belyning tussen die Organiseringsraamwerk vir Beroepe (OFO) wat aan die SETA's gerapporteer word en die beroepskategorieë gelys onder die Kode van Vergoeding (CORE) nie. Die departement het die CORE-beroepskategorieë in lyn gebring met die OFO-beroepskategorieë vir die doel van verslagdoening ten opsigte van die aantal werknemers.

### 3.14. Besering aan diens

Die volgende tabel voorsien basiese inligting oor besering aan diens.

Tabel 3.14.1: Besering aan diens, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Personeel-<br>groep                  | Aard van besering aan diens              | Aantal | % van totaal |
|--------------------------------------|--|--------|--------------|
| Alle personeel                       | Het slegs basiese mediese aandag benodig | 74     | 0.77         |
|                                      | Rugbesering                              | 11     | 0.11         |
|                                      | Voet                                     | 19     | 0.20         |
|                                      | Gewrig/skouer/arm/vinger                 | 21     | 0.22         |
|                                      | Neus/oog                                 | 5      | 0.05         |
|                                      | Nek/kop                                  | 9      | 0.09         |
|                                      | Knie-/beenbesering                       | 3      | 0.03         |
|                                      | Pyn in ribbekas/fisiese aanranding/koma  | 3      | 0.03         |
|                                      | Brandwonde/vel                           | 3      | 0.03         |
|                                      | Tydlike totale onbevoegdheid             | 22     | 0.23         |
|                                      | Rugbesering                              | 1      | 0.01         |
|                                      | Voet                                     | 8      | 0.08         |
|                                      | Gewrig/skouer/arm/vinger                 | 8      | 0.08         |
|                                      | Oog                                      | 1      | 0.01         |
|                                      | Nek/kop                                  | 1      | 0.01         |
|                                      | Knie-/beenbesering                       | 2      | 0.02         |
|                                      | Geskroeide hare                          | 1      | 0.01         |
|                                      | Permanente onbevoegdheid                 | 0      | 0.00         |
|                                      | Noodlottig                               | 0      | 0.00         |
|                                      | Totaal                                   | 96     | 100.00       |
|                                      | Persentasie van totale indiensneming     |        |              |
| Opvoeders                            | Het slegs basiese mediese aandag benodig | 33     | 0.69         |
|                                      | Rugbesering                              | 4      | 0.08         |
|                                      | Voet                                     | 8      | 0.17         |
|                                      | Gewrig/skouer/arm/vinger                 | 8      | 0.17         |
|                                      | Neus/oog                                 | 3      | 0.06         |
|                                      | Nek/kop                                  | 7      | 0.15         |
|                                      | Knie-/beenbesering                       | 2      | 0.04         |
|                                      | Pyn in ribbekas/fisiese aanranding/koma  | 1      | 0.02         |
|                                      | Brandwonde/vel                           | 0      | 0.00         |
|                                      | Tydlike totale onbevoegdheid             | 15     | 0.31         |
|                                      | Rugbesering                              | 1      | 0.02         |
|                                      | Voet                                     | 4      | 0.08         |
|                                      | Gewrig/skouer/arm/vinger                 | 6      | 0.13         |
|                                      | Neus/oog                                 | 1      | 0.02         |
|                                      | Nek/kop                                  | 1      | 0.02         |
|                                      | Knie-/beenbesering                       | 1      | 0.02         |
|                                      | Geskroeide hare                          | 1      | 0.02         |
|                                      | Totaal                                   | 48     | 100.00       |
| Persentasie van totale indiensneming |  |        | 0.12         |

| Personeel-groep      | Aard van besering aan diens              | Aantal                               | % van totaal |      |
|----------------------|--|--------------------------------------|--------------|------|
| Staatsdienspersoneel | Het slegs basiese mediese aandag benodig | 41                                   | 0.85         |      |
|                      | Rugbesering                              | 7                                    | 0.15         |      |
|                      | Voet                                     | 11                                   | 0.23         |      |
|                      | Gewrig/skouer/arm/vinger                 | 13                                   | 0.27         |      |
|                      | Neus/oog                                 | 2                                    | 0.04         |      |
|                      | Nek/kop                                  | 2                                    | 0.04         |      |
|                      | Knie-/beenbesering                       | 1                                    | 0.02         |      |
|                      | Pyn in ribbekas/fisiese aanranding/koma  | 2                                    | 0.04         |      |
|                      | Brandwonde/vel                           | 3                                    | 0.06         |      |
|                      | Tydlike totale onbevoegdheid             | 7                                    | 0.15         |      |
|                      | Rugbesering                              | 0                                    | 0.00         |      |
|                      | Voet                                     | 4                                    | 0.08         |      |
|                      | Gewrig/skouer/arm/vinger                 | 2                                    | 0.04         |      |
|                      | Oog                                      | 0                                    | 0.00         |      |
|                      | Nek/kop                                  | 0                                    | 0.00         |      |
|                      | Knie-/beenbesering                       | 1                                    | 0.02         |      |
|                      | Geskroei hare                            | 0                                    | 0.00         |      |
|                      | Totaal                                   | 48                                   | 100          |      |
|                      |  | Persentasie van totale indiensneming |              | 0.12 |

### 3.15 Benutting van konsultante

Tabel 3.15.1: Verslag oor konsultante wat aangestel is deur begrote fondse te gebruik, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Titel van Projek       | Totale aantal konsultante wat op die projek gewerk het | Tydsduur: Werkdae       | Kontrakwaarde in rand        |
|------------------------|--|-------------------------|------------------------------|
| 0                      | 0  | 0                       | 0                            |
| Totale aantal projekte | Totale individuele konsultante                         | Totale tydsduur Werkdae | Totale kontrakwaarde in Rand |
| 0                      | 0  | 0                       | 0                            |

Tabel 3.15.2: Ontleding van konsultante wat aangestel is deur begrote fondse te gebruik, ten opsigte van Histories Benadeelde Individue (HBIs), 1 April 2012 tot 31 Maart 2013


| Titel van Projek | Persentasie eienaarskap deur HBI-groepe | Persentasie bestuur deur HBI-groepe | Aantal konsultante van HBI-groepe wat op projekte gewerk het |
|------------------|---|-------------------------------------|--|
| 0                | 0                                       | 0                                   | 0  |

Tabel 3.15.3: Verslag oor konsultante wat aangestel is deur donateursfondse te gebruik, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Titel van Projek       | Totale aantal konsultante wat op die projek gewerk het | Tydsduur: Werkdae       | Donateur- en kontrakwaarde in Rand |
|------------------------|--|-------------------------|------------------------------------|
| 0                      | 0  | 0                       | 0                                  |
| Totale aantal projekte | Totale individuele konsultante                         | Totale tydsduur Werkdae | Totale kontrakwaarde in Rand       |
|                        |  |                         |                                    |

Tabel 3.15.4: Ontleding van konsultante wat aangestel is deur donateursfondse te gebruik, ten opsigte van Histories Benadeelde Individue (HBIs), 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Titel van Projek | Persentasie eienaarskap deur HBI-groepe | Persentasie bestuur deur HBI-groepe | Aantal konsultante van HBI-groepe wat op projekte gewerk het |
|------------------|---|-------------------------------------|--|
| 0                | 0                                       | 0                                   | 0  |



Deel E  
**Finansiële inligting**

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Verslag deur die Rekenpligtige Beampte aan die Uitvoerende Owerheid en die Provinsiale Wetgewer van die Wes-Kaap.

**1. Algemene oorsig van die stand van finansiële sake**

Die strategiese doelwitte van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is in lyn met die Nasionale Uitkoms 1 "Verbeterde gehalte van basiese onderwys". Die WKOD dryf die Provinsiale Strategiese Doelwit 2 "Verbetering van onderwysuitkomst" met die volle begroting wat vir dié doel toegeken is. Die ander provinsiale doelwitte word op verskeie maniere en tot 'n wisselende mate ondersteun.

Die bevolking van die Wes-Kaap het sedert die laaste sensus in 2001 gegroei, en groei steeds. Volgens die 2011 sensus wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) vrygestel is, is die Wes-Kaap tuiste vir omtrent 5.8 miljoen mense, wat 11 persent van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die bevolking het tussen 2001 en 2011 met 28.7 persent gegroei.

Die druk van in-migrasie het gelei tot 'n toename in leerdergetalle aan die begin van die 2013-skooljaar, wat 'n bykomende finansiële las op die departement se hulpbronne geplaas het, byvoorbeeld die voorsiening van klaskamers, leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM), toerusting, onderrig en algemene ondersteuning.

Die departement het vir 2012/13 fondse vir prioriteitsitems toegeken, naamlik infrastruktuur, handboeke en personeel.

Besteding aan infrastruktuur in 2012/13 het R750 miljoen beloop en het R152.5 miljoen vir die onderhoud van skoolgeboue ingesluit. Agt nuwe skole en twee vervangingskole is gebou. 59 Graad R-klaskamers, 15 uitbreidingsklaskamers en 75 mobiele klaskamers is ook gebou.

Buiten die norme- en standaardfondse wat aan gewone openbare skole toegeken is, waarvan 50 persent vir die aankoop van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal benut moet word, het die WKOD R144.3 miljoen in handboeke, onderwysersgidse en kernlesers belê om die implementering van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) in die intermediêre fase (Graad 4-6) en Graad 11 te ondersteun. Die WKOD het aan elke leerder in Graad 5 tot 6 'n handboek vir elk van die ses vakke wat aangebied word en sewe handboeke vir elke Graad 11-leerder voorsien.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Aangesien besteding op vergoeding van werknemers (KvW) uit 75.1 persent van die totale uitgawes van die departement bestaan, is die bestuur van die diensstaat van die WKOD van kritieke belang om die algehele besteding van die departement binne die beskikbare begroting te hou, asook om die opvoedkundige sukses van skole te verseker. Ten einde die stygende koste van KvW te dek, het die WKOD die algehele aantal onderwysposte met 419 gefinansierde vakante onderwysposte oor 'n tydperk van twee jaar verminder, met 'n afname van 52 poste in 2012. Die departement het ook doeltreffendheidsmaatreëls in die KvW geïmplementeer deur byvoorbeeld meer permanente onderwysers aan te stel. Op 31 Maart 2013 was daar 26 593 permanente opvoeders by instellings, in vergelyking met die 26 508 permanente opvoeders wat op 31 Maart 2012 by instellings was, wat ook meer stabiliteit in die stelsel oor die algemeen beteken het. Te danke aan 'n ontplooiingsplan, het die departement die aantal botallige opvoeders gedurende die 2012 akademiese jaar van 510 tot 361 verminder. Die meer doeltreffende bestuur van die beleid oor onbevoegdheidsverlof (PILIR) het gelei tot die vermindering in die aantal tydelike opvoeders van 2 679 op 31 Maart 2012 tot 2 531 op 31 Maart 2013. Die aantal plaasvervangende opvoeders het van 394 op 31 Maart 2012 na 270 op 31 Maart 2013 afgeneem. Hierdie doeltreffendheidsmaatreëls het die departement ook in staat gestel om 'n beter leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase te implementeer.

Gegewe die algemene toestand van die ekonomie, het die Wes-Kaapse nasionale kwintiel 4- en 5-skole steeds finansiële druk as gevolg van inflasie en ander ekonomiese toestande ervaar. Die beleid ten opsigte van vergoeding vir fooivrystelling, wat in 2011/12 geïmplementeer is, is verder in 2012/13 uitgerol met meer skole wat aansoek om vergoeding doen. Dit het nasionale kwintiel 4 en 5 skole in staat gestel om van die fooie te verhaal waarvoor skoolfooivrystellings toegeken is. Die grootmaataankope van KABV-handboeke vir sekere grade het skole ook gehelp om die druk van sekere koste te verlig, aangesien hulle KABV-handboeke, wat nie deur die WKOD verskaf word nie, met hul toekennings vir norme-en-standaardebefondsing kon aankoop. Voortgesette omsigtige finansiële bestuur het ook die WKOD in staat gestel om R16.7 miljoen ter syde te stel om skole te help om die agterstand in munisipale diensteskuuld te delg.

Die departement het 99.5 persent van die aansuiweringsbegroting vir 2012/13 bestee. Onderbesteding het R72.1 miljoen of 0.5 persent van die aangesuiwerde begroting beloop, wat goed binne die nasionale norm van 2 persent is.



**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Redes vir onderbesteding is soos volg:

- R8.919 miljoen vir die Nasionale Skoolvoedingsprogram Voorwaardelike Toelae. Die bedrag van R4.565 miljoen is toegewys vir vars vrugte en groente wat gedurende die maand van Maart 2013 verskaf is, maar die fakture kon nie betyds vir betaling voorgelê word nie, aangesien skole vir die eerste kwartaal van 2013 op die laaste dag van die 2012/13 finansiële jaar gesluit het. Dit is 'n jaarlikse gebeurtenis. Die uitstaande bedrag van R4.354 miljoen moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- 'n Bedrag van R40.315 miljoen vir kapitale en onderhoudsprojekte by openbare gewone skole wat nie voor die einde van die finansiële jaar voltooi kon word nie. Die voltooiing van infrastruktuurprojekte strek uiteraard oor finansiële jare en hierdie fondse is toegewys aan kapitale infrastruktuur- en onderhoudsprojekte by openbare gewone skole.
- R2.014 miljoen vir die Tegniese Sekondêre Skole Herkapitalisering Voorwaardelike Toelae. Die bedrag is toegewys vir die herstel van infrastruktuur in werkwinkels by tegniese sekondêre skole. Die uitstaande fakture is te laat ontvang om voor 31 Maart 2013 op BAS vasgelê te word.
- R4.986 miljoen vir die Dinaledi-skole Voorwaardelike Toelae. Die bedrag van R3.270 miljoen is as gevolg van verdragings in die tenderprosedures vir die verkryging van IKT-toerusting en infrastruktuur by fokusskole. As gevolg van die verdragings, is fakture vir die toewysing ten bedrae van R3.270 miljoen nie voor 31 Maart 2013 op BAS vasgelê nie. Die uitstaande balans van R1.716 miljoen moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- R864 000 vir die MIV/Vigs (Lewensvaardighede-onderwys) Voorwaardelike Toelae. Die bedrag is as gevolg van uitstaande eise wat nie deur die Departement Gesondheid ingedien is kragtens die Memorandum van Ooreenkoms tussen die Departemente van Onderwys en Gesondheid nie.
- R8.595 miljoen vir kapitale toerusting (rekenaarsentrums) as gevolg van uitstaande fakture wat te laat ontvang is om voor 31 Maart 2013 op BAS vasgelê te word.
- R2.162 miljoen is weens uitstaande fakture vir IKT-toerusting en infrastruktuur by fokusskole wat te laat ontvang is om om voor 31 Maart 2013 op BAS vasgelê te word.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

- R4.190 miljoen vir die vergoeding van werknemers weens vertraging in die implementering van die beroepspesifieke bedeling (OSD) vir onderwyssterapeute, -beraders en -sielkundiges by OLSO-skole.

Daar moet kennis geneem word dat, buiten die voorwaardelike toelaebefondsing wat nie toegewys is nie en aan Nasionale Tesourie teruggee is, alle onbestede fondse ten opsigte van goedgekeurde projekte is en 'n versoek om oordrag van die fondse is aan Provinsiale Tesourie gerig. Daar was dus geen impak op enige programme of dienslewering nie.

Die departement het planne in plek gestel om te verseker dat daar geen herhaling is van die gebeure wat tot die onderbesteding in 2012/13 gelei het nie. Een van hierdie planne is om te verseker dat verkrygingsprosesse betyds geïmplementeer word sodat die tydigte lewering en betaling van goedere en dienste voor die einde van die finansiële jaar plaasvind.

Virement:

Provinsiale Tesourie het die volgende viremente tussen hoofverdelings in die begrotingspos goedgekeur:

- Verskuiwing van R29 142 000 vanaf program 1 na program 2 vir die onderhoud van infrastruktuur, opgradering van skoolsale en skoolvelde en sekuriteitsmeganismes en bewaking by openbare skole.
- Verskuiwing van R376 000 vanaf program 3 na program 2 vir sekuriteitsmeganismes en bewaking by openbare skole.
- Verskuiwing van R53 309 000 vanaf program 4 na program 2 vir die onderhoud van infrastruktuur, opgradering van skoolsale en skoolvelde en die opgradering van klaskamers by openbare skole.
- Verskuiwing van R7 119 000 vanaf program 7 na program 2 vir die onderhoud van infrastruktuur, opgradering van skoolsale en skoolvelde en die opgradering van klaskamers by openbare skole.
- Verskuiwing van R1 102 000 vanaf program 7 na program 6 vir subsidies aan die BOOV-sentrums.
- Verskuiwing van R7 973 000 vanaf program 8 na program 2 as gevolg van die behoefte aan dringende onderhoud van infrastruktuur by openbare skole.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

## **2. Diens deur die departement gelewer**

Die dienste wat deur die departement gelewer word, is soos volg:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Ondersteuning vir openbare onderwysinstellings;
- Onderwys in openbare gewone skole;
- Ondersteuning aan onafhanklike skole;
- Onderwys in openbare spesiale skole;
- Verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges;
- Opleiding vir volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums;
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R;
- Opleidingsgeleenthede vir onderwysers en nie-onderwysers;
- Geteikende voedselprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid; en
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en werknemerwelstandsprogramme.

### **2.1 Tariefbeleid**

Eie inkomste wat deur die departement gegenerer is, beloop 0.3 persent van die totale begroting. Die departement se belangrikste bronne van eie inkomste is –

- Invordering van skuld aan die departement verskuldig.
- Kommissie op verseker en loonbeslagorde-aftrekkings.
- Fooie gehef vir eksamenverwante dienste, bv. die hernasiening van vraestelle, versoek om afskrifte van senior en ander sertifikate. Hierdie tariewe word deur die (nasionale) Departement van Basiese Onderwys bepaal.
- Reprografiese dienste aan ander provinsiale departemente.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Alle tariewe word in 'n tariefregister gelys en word in elektroniese formaat geberg.

Die oorverhaling op departementele ontvangste vir 2012/13 is R17.48 miljoen en word hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf:

- Verbeterde invordering van departementele skuld en die verhaling van fondse ten opsigte van vorige jare se uitgawes.

## **2.2 Gratis dienste**

Die departement lewer geen gratis diens wat beduidende inkomste kon oplewer nie.

## **2.3 Inventaris**

Geen voorraad was aan die einde van die jaar ophande nie. Items word by ontvangs uitgereik.

Die jaareinde-inventaris het uit werk-in-wording bestaan, wat met boukontrakte asook mobiele eenhede in transito verband gehou het. Werk-in-wording word omskryf as boukontrakte waarvoor dienste gelewer is, maar die retensiegeld moet nog betaal word, soos met die verskaffer ingevolge die kontraktuele verpligtinge ooreengekom. Die bedrag vir werk-in-wording is R377.454 miljoen vir die oorsigjaar.

## **3. Kapasiteitsbeperkings**

2012/13 was oor die algemeen 'n stabiele tydperk vir arbeid. Die departement het gedurende die jaar 'n algehele vakaturekoers van 2% gehad, met inagneming van die diensstaat wat uit 40 432 poste bestaan. 'n Vakaturekoers van 2% is binne verwagte norme. Die departement het dus geen groot beperkings in kapasiteit ervaar nie. Dit het die WKOD in staat gestel om op sy belangrikste werk – die verbetering van onderwysuitkomst – te fokus.

Opvoeders verteenwoordig die grootste gedeelte van die departement se werknemers. Die bestuur van die departement se diensstaat vir opvoeders is van kritieke belang vir die opvoedkundige sukses van skole. Die departement kon vir die 2013 akademiese jaar 154 meer poste vir opvoeders beskikbaar stel. Dit en ander intervensies in die voorsiening van poste vir opvoeders, het die departement in staat gestel om meer opvoedersposte aan die grondslagfase toe te ken, wat tot 'n beter leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase gelei het. Stappe is gedoen om 'n gemiddelde leerder-opvoeder-verhouding van 1:33 in sowel laerskole as sekondêre skole te handhaaf.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Die departement het as gevolg van die advertering van poste 1 590 permanente opvoeders by onderwysinstellings en 78 kantoorgebaseerde opvoeders aangestel, asook die aanstelling van tydelike opvoeders in permanente poste by onderwysinstellings. Die departement kon ook daarin slaag om 458 permanente staatsamptenare by onderwysinstellings en 153 kantoor-gebaseerde staatsamptenare deur die advertering van staatsdiensposte aan te stel.

Die departement het die gemiddelde aantal tydelike opvoeders van 2 488 (2011/12) na 2 260 (2012/13) en die gemiddelde aantal aflosopvoeders van 280 (2011/12) na 262 (2012/13) verminder, wat meer stabiliteit in die onderwysstelsel oor die algemeen verseker het. Die departement het ook die gemiddelde aantal tydelike staatsamptenare van 1 148 (2011/12) na 910 (2012/13) verminder.

Die departement het ook daarin geslaag om 298 Funza Lushaka-beurshouers te plaas, wat aan die kurrikulumbehoeftes by onderwysinstellings voldoen het.

**4. Benutting van donateursfondse**

Die departement het nie gedurende die oorsigtydperk enige donateursfondse ontvang nie.

**5. Handelsentiteite en openbare entiteite**

Die departement beskik nie oor enige sodanige entiteite nie.

**6. Organisasies aan wie oordragbetalings gemaak is**

Oordragbetalings word aan departementele agentskappe en rekeninge en opvoedkundige instellings gemaak. Verslag word daarvoor gelewer in bylae 1A en B van die finansiële jaarstate.

Oordragbetalings word aan opvoedkundige instellings gemaak ingevolge die betrokke wette van die Parlement wat vir hulle geld. Oordragbetalings word byvoorbeeld aan openbare gewone skole vir norme en standaarde gemaak, soos ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet uiteengesit. Bylae 1B van die finansiële jaarstate verskaf 'n meer gedetailleerde verduideliking vir elke soort entiteit.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Die departement pas artikel 38(i)(j) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (PFMA) toe, wat vereis dat opvoedkundige instellings wat oordragbetalings ontvang, bewys moet lewer dat hulle die fondse vir die beoogde doel aanwend. Die betrokke opvoedkundige instellings moet 'n verklaring aflê en sertifikaat onderteken voordat die volgende oordragbetalings gedoen word. Hulle is verder ingevolge die wetgewing wat op die spesifieke opvoedkundige instelling van toepassing is, ook verantwoordelik daarvoor om hulle geouditeerde finansiële state teen 'n sperdatum vir hersiening en nakoming in te dien. Die Onderwysdistrikskantore skenk veral aandag aan kapasiteitsbou in finansiële bestuur op skoolvlak en voorsien volgehoue ondersteuning. Hierdie proses word op 'n deurlopende basis gemonitor.

**7. Publieke-private vennootskappe (PPV)**

Die departement het nie enige sodanige reëling gedurende die oorsigtydperk aangeaan nie.

**8. Reëlins vir korporatiewe beheer**

Verwys asseblief na die verslag in Deel C: Korporatiewe beheer.

**9. Gestaaakte aktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word**

Geen

**10. Aktiwiteite wat gestaak is/aktiwiteite wat gestaak gaan word**

Geen

**11. Batebestuur**

Die departement het al die mylpale bereik, soos uiteengesit in die hervormings vir batebestuur. Die bateverifikasieproses word twee keer per jaar onderneem om deurlopende verbetering te verseker. Alle bates is op die bateregister vasgelê en die toestand/kondisie van elke bate is opgeteken.

Die bateregister vir mobiele klaskamers en biblioteekmateriaal is bygewerk en aan die Ouditeur-Generaal as deel van die 2012/13-vereistes aangebied. Die biblioteekmateriaal wat nie as bates geklassifiseer is nie, is bestee.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**12. Gebeure na die verslagdoeningsdatum**

Geen gebeure het tussen 31 Maart 2013 en die goedkeuringsdatum van die finansiële state op 31 Mei 2013 plaasgevind wat die aanpassing van die finansiële state vereis het nie.

**13. Inligting oor voorafbepaalde doelwitte**

Prestasie-inligting word op 'n kwartaallikse grondslag opgeteken en aan Provinsiale Tesourie voorgelê. Ten einde aanspreeklikheid en deursigtigheid te verbeter, het die departement sy eie aanwysers ontwikkel ter aanvulling van dié wat landwyd vir die onderwyssektor voorgeskryf word. Dit word gereeld gemonitor. Die meerderheid is egter jaarlikse teikens.

Die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) verskaf leerderdata en PERSAL verskaf personeelgetalle en -uitgawes. Die departement het 'n beleid oor verslagdoening en alle bestuurders behou en verskaf bewyse om data te ondersteun, soos benodig. Die Basiese Rekeningkundige Stelsel (BRS) word gebruik om data oor uitgawes en inkomste te verskaf.

**14. SKOOR-besluite**

Die SKOOR-besluite vir die finansiële jaar soos ter tafel gelê.

| Hooforsaak van die probleem  | SKOOR-besluit   | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste         | Impak op toekomstige finansiële jare |
|--|---|---|--------------------------------------|
| <b>Verslag van die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge gedateer 4 Desember 2012</b>   | <b>Die komitee, met inagneming van die finansiële state ingesluit by die jaarverslae vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2012, het besluit dat:</b> |   |                                      |
| <b>Bladsy:</b> 97 van die Jaarverslag.<br><b>Opskrif:</b> "Interne Oudit" (paragraaf 6). | 5.1.1 Die Minister en Hvd voortdurend met die kabinet skakel  | Die WKOD neem kennis van en aan-vaar die Komitee se aanbevelings. | Geen                                 |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem   | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste  | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|--|--|--------------------------------------|
| <p><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee deel die die Ouditkomitee, die Minister en departementshoofde van alle departemente se kommer dat verdere ouditdekking nodig is en dat daar 'n behoefte aan bykomende kapasiteit, veral finansiël, is om die verhoogde dekking van hoë-risiko gebiede te ondersteun. Die ouditdekking vir die 2011/12 finansiële jaar is 40 persent, vergeleke met 17.95 persent vir die 2010/11 finansiële jaar.</p> | <p>Die Minister en Hoof van Departement sal voortgaan om met die Kabinet en Provinsiale Tesourie in hierdie verband te skakel met die doel om ouditdekking aansienlik oor die mediumtermyn te verhoog, ten einde die negatiewe impak op toekomstige oudituitkomst, dienslewering en die bereiking van voorafbepaalde doelwitte, veral in hoë-risiko gebiede, te verminder.</p> |  |                                      |
| <p><b>Bladsy:</b> 102 –105 van die jaarverslag.<br/><b>Opskrif:</b> "SKOOR-besluite" (paragraaf 14).<br/><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee bedank die departement dat die komitee se besluite in die vorige jaar aandag geniet het en dat dit by die jaarverslag vir die oorsigtydperk ingesluit is.</p>   | <p>5.1.2 'n Nuwe verslag-templaaf ontwerp word met betrekking tot die departement se aksies rakende SKOOR-besluite en daar word versoek dat die departement die ou verslag-templaaf hiermee vir die 2012/13 jaarverslag vorentoe vervang, sodra dit ontvang is.</p>  | <p>Die WKOD neem kennis van die Komitee se aanbevelings. Hierdie verslag is volgens die nuwe verslag-templaaf opgestel wat kragtens Tesourie Omsendbrief Nr. 20/2013 uitgereik is.</p> | <p>Geen</p>                          |



**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem  | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste  | Impak op toekomstige finansiële jare |
|--|--|--|--------------------------------------|
| <p><b>Bladsy:</b> 106 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b> "Infrastruktuur-aangeleentheid: Die Magqwaka-geval" (paragraaf 19).</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die Komitee het kennis geneem dat die Departement deurlopende gesprekke met die Departement van Vervoer en Openbare Werke oor die Magqwaka-geval voer. Die WKOD wag vir die finale uitslag van die regsproses om verantwoording te kan doen vir enige uitgawes wat daaruit mag voortspruit.</p>                | <p>5.1.3 Die departement, in oorleg met die Departement van Vervoer en Openbare Werke, die komitee op hoogte hou van die geskiedenis, besonderhede en vordering oor die Magqwaka-geval.</p>  | <p>Sal deur SKOOR geskeduleer word. Die kwessies in die Magqwaka-saak gaan oor kontrak-bestuur, wat binne die bestek van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DTPW) as Implementerings-agent (IA) val. Daar was egter gesamentlike pogings deur die DTPW en die WKOD om die saak op te los. DTPW het die saak na die Kantoor van die Staats-prokureur vir advies verwys. Volgens die DTPW is geen reaksie tot hede van die Staatsprokureur ontvang nie.</p>  | <p>Geen</p>                          |
| <p><b>Bladsy:</b> 110 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b> "Grondslag vir gekwalifiseerde mening. Tasbare roerende bates" (paragraaf 6).</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die komitee het kennis geneem dat die departement 'n bevinding van nie-nakoming van die bate-register met Tesourie-regulasies op grond van die veranderde rekeningkundige beleid ten opsigte van mobiele klaskamers ontvang het. Die departement moes vir die eerste keer vir mobiele klaskamers</p> | <p>5.1.4 Die departement die komitee op hoogte hou van die vordering wat met hierdie aksies gemaak word:</p> <p>(a) Ontwikkeling van kriteria en definisies vir mobiele eenhede en dié wat nie is nie;</p> <p>(b) Opstel van definisies vir en 'n stelsel om mobiele Graad R-klaskamers, kombuiseenhede en biblioteek-eenhede te skei;</p> | <p>'n Definisie vir mobiele eenhede is ooreengekom tussen die WKOD en DTPW; 'n Ooreenkoms is ook tussen die WKOD en die DTPW aangegaan oor watter eenhede as permanente strukture beskou word. Die departement het 'n bateregister vir mobiele klaskamer-eenhede saam-gestel. Eenhede is getel volgens 'n proses waarby die distrikskantore betrokke was. Die eenhede wat deur skole/distrikte verklaar is, het strepieskodes gekry. 'n Metodologie vir die waardasie van mobiele eenhede is vasgestel en toege-pas om 'n waarde vir elke mobiele eenheid te bepaal.</p> | <p>Geen</p>                          |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem  | SKOOR-besluit   | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste  | Impak op toekomstige finansiële jare |
|--|---|--|--------------------------------------|
| <p>verantwoording doen. Dit was 'n verandering in rekeningkundige beleid. Die OG het bevind dat die bateregister ten opsigte van mobiele klaskamers, ens. onvolledig was. Redes hiervoor behels die verskeie soorte mobiele en voorafvervaardigde eenhede, wat mobiele kombuis en donateur-befondsde of SBL-aangekoopte eenhede insluit.</p> | <p>(c) 'n Nasproingstelsel vir wanneer eenhede geskuif word;</p> <p>(d) Afsonderlike verantwoording vir daardie eenhede wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke aangekoop word en hantering daarvan volgens Nasionale Tesourie se riglyne;</p> <p>(e) Afsonderlike verantwoording vir daardie eenhede wat deur SBL'e aangekoop en/of geskenk word en versekering dat dit op die skole se bate-registers aangeteken is;</p> <p>(f) 'n Ooreenkoms is met die Departement van Vervoer en Openbare Werke bereik oor watter eenhede as permanent beskou sal word, asook die rol wat die WKOD sal speel en dit word by die diens-vlakooreenkoms met die Departement van Vervoer en Openbare Werke ingesluit; en</p> <p>(g) Die Departement van Vervoer en Openbare Werke implementeer meganismes om 'n herhaling van hierdie aard op te spoor en te voorkom.</p> | <p>'n Diensverskaffer is aangestel om alle skole te oudit om te verseker dat verantwoording vir al die mobiele klaskamereenhede in die bateregister gedoen kan word.</p> <p>Hierdie oudit is voltooi en die bate-register en ontwikkelingsverslag is aan die WKOD asook aan die Ouditeur-Generaal voorsien. 'n Opname is gedoen oor mobiele eenhede wat deur SBL'e aangekoop en/of geskenk is. Skole is opdrag gegee om sulke eenhede in hul onderskeie bateregisters aan te dui, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).</p> |                                      |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem  | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste  | Impak op toekomstige finansiële jare |
|--|--|--|--------------------------------------|
| <p><b>Bladsy:</b> 112 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b> "Finansiële jaarstate, prestasie- en jaarverslae" (paragraaf 25).</p> <p><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee is bekommerd dat wesenlike wanvoorstellings met betrekking tot (1) waardedaling (aantekening 28 - R31.1 miljoen), (2) onreëlmatige uitgawes (aantekening 24 - R30.5 miljoen en R72.5 miljoen), (3) opgehoopte bedrae (aantekening 20 - R14.3 miljoen), (4) staatsmotorvervoer (aantekening 33 - R45.2 miljoen, R53.3 miljoen en R89.3 miljoen), (5) finansiële bruikhuur-uitgawes (aantekening 4, R19 miljoen) en (6) reis en verblyf (aantekening 4, R19 miljoen) nie verhoed of deur die departement se stelsel van interne kontrole opgespoor is nie en dat dit gelei het tot 'n bevinding van nienakoming in die ouditverslag.</p> | <p>5.1.5 Die Departement dringend voldoende beheermaatreëls vir voorkoming en opsporing ontwerp en implementeer om te verseker dat sodanige wesenlike wanvoorstellings nie weer plaasvind nie.</p> | <p>(1) Vir die reaksie t.o.v. waarde-dalings, sien besluit 5.1.9.</p> <p>(2) Onreëlmatige uitgawes is as R30.5m openbaar gemaak. Na onder-soek van hierdie gevalle gedurende die 2012/13 finansiële jaar, is daar gevind dat 'n bedrag van R22.599 miljoen in werklikheid nie onreëlmatig was nie en hierdie syfer is dus na R7.901 miljoen aangepas. Sien ook besluit 5.1.11.</p> <p>(3) Wat opgehoopte bedrae betref en ingevolge 'n nuwe Direktoraat Finansiële Rekeningkunde Notule oor BAS-bewyse en betalings, uitgereik op 26 September 2012, moet alle kantore wat fakture en/of betalings hanteer, kwartaalliks verslag doen oor opgehoopte bedrae deur 'n gestandaardiseerde register oor opgehoopte bedrae in te dien. Bykomend tot bogenoemde, sal alle betalingsbewyse noukeurig nagegaan word om onbetaalde fakture teen jaareinde te identifiseer (opgehoopte bedrae).</p> <p>Die lys van opgehoopte bedrae sal uit bogenoemde inligting saamgestel word en in die finansiële jaarstate wat teen 31 Mei voorgelê moet word, openbaar gemaak word. Na voorlegging van die finansiële jaarstate, sal die na-gaan van betalingsbewyse tot en met 30 Junie voortduur.</p> | <p>Geen</p>                          |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem   | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste   | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|--|---|--------------------------------------|
|   |  | (4), (5) en (6) verwys almal na die openbaarmaking van staatsmotor-vervoer. Staats-motorvervoer is in die finansiële state onder streng leiding van die Provinsiale Tesourie openbaar gemaak. Die PT het Tesourie Omsend-brief 43/2012 uitgereik om departemente in te lig oor die hersiene vereistes vir die verantwoording en openbaarmaking van finansiële bruikhuuruitgawes op staatsmotorvervoer se daaglikse tariewe vir die 2012/13 finansiële jaar.   |                                      |
| <p><b>Bladsy:</b> 113 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b> "Verkryging en kontrakbestuur" (Paragraaf 28, 29 en 30).</p> <p><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee neem kennis van die Ouditeur-Generaal se bevinding dat kontrakte en kwotasies aan verskaffers toegeken is wie se belasting sake nie deur die SAID as in orde verklaar is nie; dat die voorkeerpuntestelsel nie op alle aankope van goedere en dienste bo R30 000 toegepas is nie en dat kontrakte en kwotasies toegeken is aan bidders wat nie die relevante verklarings ingedien het nie.</p> | 5.1.6 Die departement dringend kontroles vir verkryging en kontrakbestuur implementeer wat hierdie praktyke identifiseer en verhoed. | Die WKOD aanvaar die Komitee se aanbeveling. Die departement het beduidende vordering in hierdie verband gemaak. Dit was nog altyd 'n vereiste dat belastingklaring-sertifikate ingedien moet word. Regering kan slegs 'n kontrak sluit met 'n entiteit wat aan belasting voldoen. Monitering vind plaas deur die implementering van die template vir verkryging wat deur die Provinsiale Tesourie (PT) uitgereik is. Hierdie template moet aan elke verkrygings-pakket geheg word en dit word vereis dat 'n amptenaar moet sertifiseer dat die belastingklaring-sertifikaat en verklaring van belange beskikbaar is. Provinsiale Tesourie-instruksie 5.2.1.2 bepaal dat departemente slegs kwotasies van verskaffers kan aanvaar wat | Geen                                 |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem   | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste  | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|--|--|--------------------------------------|
|   |  | <p>behoorlik op die Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis (WCSD) geregistreer is.</p> <p>Die PT het bepaal dat dit vanaf 1 April 2013 in werking tree. Die WCSD huisves onder andere 'n entiteit se belastingklaring-sertifikaat en verklaring-van-belange-vorms. Departemente moet hierdie vorms aflaai en dit by die verkrygingspakket aanheg.</p> <p>Amptenare in die verkrygingskantore van die WKOD het vir hierdie doel toegang tot die WCSD verkry.</p> <p>Die verkrygingskantore is ook verplig om kwotasies via SourceLink (wat by die WCSD integreer) aan te vra en SourceLink bereken outomaties die voorkeerpunte. Daar is gevolglik nie meer 'n behoefte daaraan om dit met die hand te doen nie.</p> |                                      |
| <p><b>Bladsy:</b> 113 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b> "Verkryging en kontrakbestuur" (Paragraaf 31, 32 en 33).</p> <p><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee neem kennis van die Ouditeur-Generaal se bevinding dat werknemers van die departement besoldigde werk buite hul werk in die departement verrig het. Persone in diens van die departement</p> | <p>5.1.7 Die Departement kontroles vir verkryging en kontrakbestuur implementeer wat hierdie praktyke identifiseer en verhoed.</p> | <p>Die Wes-Kaapse Regering het in September 2012 'n beleid oor besoldigde werk buite die staats-diens (RWOPS) goedgekeur. Dit sit besliste tydsraamwerke uiteen waaraan alle werknemers moet voldoen.</p> <p>Die WKOD het tydsraamwerke vir aansoeke vir die 2013/14 finansiële jaar wat gedurende die 2012/13 finansiële jaar ingedien word, gekommunikeer. Kommunikasie sal jaarlikse uitgestuur word om werknemers te herinner</p>  | <p>Geen</p>                          |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem  | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste  | Impak op toekomstige finansiële jare |
|--|--|--|--------------------------------------|
| (hetsy self of hul naaste familielede, vennote of assosiate) het privaat of sakebelange gehad in kontrakte wat deur die departement toegeken is en het versuim het om sodanige inligting bekend te maak.   |  | om vir RWOPS aansoek te doen. Indien 'n werknemer egter nie aansoek doen nie en daar word gevind dat hulle sake met die departement doen, sal die aangeleentheid vir verdere ondersoek en dissiplinêre aksie verwys word.  |                                      |
| <p><b>Bladysy:</b> 114 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b> "Finansiële en prestasiebestuur" (Paragraaf 41).</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die komitee neem kennis dat die verbeteringsplan vir finansiële bestuur onvoldoende blyk te wees om die tekortkominge in interne kontrole wat in die 2010/11 ouditbevindings geïdentifiseer is, aan te spreek.</p> | 5.1.8 Die departement voldoende kontroles in finansiële en prestasiebestuur identifiseer en implementeer ten einde die 2010/11 en 2011/12 ouditbevindings aan te spreek. | Die WKOD aanvaar die Komitee se aanbevelings. Die verbeteringsplan vir finansiële bestuur (FMIP) is opgeskerp. Die WKOD het die korporatiewe oorsig en uitsig (CGRO) van die Provinsiale Tesourie voltooi, wat fokus op areas wat aandag moet geniet. Die WKOD het 'n interne kontrole-eenheid ingestel.   | Geen                                 |
| <p><b>Bladysy:</b> 114 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b> "Finansiële en prestasiebestuur" (Paragraaf 43).</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die komitee neem kennis van die Ouditeur-Generaal se bevindinge dat daar 'n gebrek aan moniteringsmaatreëls vir en voldoende opvolging van uitstaande debiteure gedoen is.</p>                                     | 5.1.9 Die departement moniteringsmaatreëls en voldoende opvolgmechanismes implementeer om die lys en omvang van uitstaande debiteure te verminder.                       | <p>Aksies wat deur die departement ingestel is vir die vermindering van gelde wat aan die departement verskuldig is, sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanstelling van 'n nuwe skuld-invorderaar met ingang van 1 Mei 2013.</li> <li>• Volgehoue opvolging van alle gevalle. Identifisering van skuld wat as onverhaalbaar beskou word en die voorlegging van sulke gevalle vir afskrywing.</li> <li>• Dit vind met die Staatsprokureur se</li> </ul> | Geen                                 |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem  | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste   | Impak op toekomstige finansiële jare |
|--|--|---|--------------------------------------|
|  |  | <p>toestemming plaas. Al 3 347 gevalle wat ouer as 3 jaar is, word deurgewerk om gevalle te identifiseer wat afgeskryf kan word of verdere aandag benodig.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tot hede is 1 834 gevalle deurgewerk en 1 438 gevalle ten bedrae van R16.9 miljoen is vir afskrywing geïdentifiseer en 111 gevalle is vir die herinstelling van aftrekkings geïdentifiseer aangesien die debiteure weer in diens van die departement is.</li> <li>• Die nagaan of uitdiensgevalle heraangestel is en implementering van aftrekkings.</li> <li>• Hersiening van maandelikse paaiemente.</li> </ul> |                                      |
| <p><b>Bladsy:</b> 132 van die Jaarverslag.<br/><b>Opskrif:</b> "Rekeningkundige beleide"<br/><b>Beskrywing:</b> Die komitee is besorg dat die departement nie algemeen aanvaarde tydperke vir krediteure-betalings en wetlike vereistes vir die betaling van krediteure binne 30 dae van ontvangs van faktuur nakom nie.</p> | <p>5.1.10 Die departement'n klousule formuleer om by die departement se rekeningkundige beleid ingevoeg te word, wat sy verbintenis bevestig tot die nakoming van algemeen aanvaarde tydperke vir krediteure-betalings en wetlike vereistes vir die betaling van krediteure binne 30 dae van ontvangs van die faktuur.</p> | <p>'n Paragraaf wat aandui dat die departement sy verbintenis bevestig tot die nakoming van algemeen aanvaarde tydperke vir krediteurebetalings en wetlike vereistes vir die betaling van krediteure binne 30 dae van ontvangs van faktuur, is in die rekenpligtige beampte se verslag opgeneem, soos vereis kragtens Tesourie Omsendbrief Nr. 20/2013. Stappe is gedoen om die saak reg te stel met die bekendstelling van 'n templaaf vir 'n kontrolelys van betalings wat gesertifiseer moet word dat betalings binne 30 dae van die ontvangs van die faktuur gemaak is.</p>   | <p>Geen</p>                          |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem   | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste   | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|--|---|--------------------------------------|
| <p><b>Bladsy:</b> 153 van die Jaarverslag.</p> <p><b>Opskrif:</b><br/>"Onreëlmatige uitgawes"<br/>(aantekening 24)</p> <p><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee neem met kommer kennis van die Ouditeur-Generaal se bevindings dat die onreëlmatige uitgawes van R52.408 miljoen wat openbaar gemaak is, onderskat is aangesien die departement nog in die proses was om die volle omvang van die onreëlmatighede te bepaal toe die Ouditeur-Generaal die komitee ingelig het.</p> | <p>5.1.11 Die departement die komitee meedeel oor die volle omvang van die onreëlmatige uitgawes en watter meganismes ingestel is om toekomstige onreëlmatige uitgawes op te spoor en verhoed.</p> | <p>'n Ondersoek na die aangeleenthede het geopenbaar dat baie bedrae nie in die finansiële jaarstate as onreëlmatige uitgawes aangedui moes gewees het nie, aangesien dit nie alles as onreëlmatige uitgawes bevestig was nie. 'n Behoorlike ondersoek moet uitgevoer word voordat bedrae in die finansiële state weerspieël word. 'n Nuwe beleid oor Onreëlmatige, Vrugtelose en Verkwiste en Ongemagtigde Besteding is geïmplementeer, wat die pligte van Verliesbeheer-beamptes insluit. Werks-winkels oor die nuwe beleid het gedurende Februarie en Maart 2013 plaasgevind.</p> <p>In 'n poging om toekomstige onreëlmatige uitgawes te voorkom, het die departement die volgende maatreëls in werking gestel –</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kampvegters vir voorsieningskanaal-bestuur is in alle kantore van die WKOD aangestel om nakoming van VKB-regulasies te verbeter.</li> <li>• Die departement het die elektroniese verkrygingstelsel, SourceLink, vir kwotasies geïmplementeer.</li> <li>• Die departement het 'n betalingskontrolelys ingestel wat deur die goedkeurder van die betaling gesertifiseer moet word dat alle</li> </ul> | <p>Geen</p>                          |



**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Hooforsaak van die probleem   | SKOOR-besluit  | Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste   | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|--|---|--------------------------------------|
|   |  | <p>wetgewende en verkrygingsvoorskrifte nagekom is.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• In 'n poging om enige onreëlmatige uitgawes op te spoor wat moontlik aangegaan is, het die departement 'n interne kontrole-eenheid gestig om 'n post-oudit op alle betalings uit te voer.</li> </ul>   |                                      |
| <p><b>Bladsy:</b> 161 van die Jaarverslag.<br/><b>Opskrif:</b> "29.4: Kleiner bates"<br/><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee is besorg dat geen beleid of register in die departement en die kantoor van die Minister bestaan wat erfenisbates ten opsigte van hul identifikasie, bevordering, beskerming, bewaring en waarde bestuur nie.</p> | <p>5.1.12 Die departement 'n beleid oor erfenisbates formuleer en aanvaar en so 'n register in samewerking met die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement en Erfenis Wes-Kaap opstel, waar nodig. Die komitee het verder besluit dat die departement alle beweging m.b.t. erfenisbates, insluitende besonderhede en koste van verkryging, skade, vervreemding en die verlies van erfenisbates naspoor en monitor en dat alle sodanige besonderhede by toekomstige jaar-verslae ingesluit word.</p> | <p>Alle erfenisbates word by die departement se bateregister ingesluit.</p>   | <p>Geen</p>                          |
| <p><b>Bladsy:</b> 169 van die Jaarverslag.<br/><b>Opskrif:</b> "Staat van geskenke, donasies en borgskappe gemaak en kwytskeldings, terugbetalings en betalings as besondere vergunning gemaak" (Bylae 1D).<br/><b>Beskrywing:</b><br/>Die komitee is besorg dat die departement nie oor 'n beleid beskik wat die</p>                         | <p>5.1.13 Die departement 'n beleid formuleer en aanvaar wat die departementshoof lei ten opsigte van die ontvangs, evaluering en toekenning of weiering van aansoeke om geskenke, skenkings en borgskappe wat gemaak moet word en dat dit aan hierdie komitee vir beraadslaging voorgelê word; voorts dat die departement in toekomstige jaarverslae meer besonderhede in hierdie verband insluit.</p>  | <p>Die WKOD aanvaar die Komitee se aanbevelings. Die departement het 'n beleid oor die aanvaarding van geskenke deur kantoorgebaseerde amprenare van die departement geïmplementeer. Hierdie beleid is op 25 Maart 2013 onderteken. Die beleid wat die departementshoof lei ten opsigte van die assessering en toekenning of weiering van aansoeke om geskenke, skenkings en borgskappe wat</p> | <p>Geen</p>                          |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| <b>Hooforsaak van die probleem</b>  | <b>SKOOR-besluit</b> | <b>Stappe gedoen oor SKOOR-besluit insluitend verwante koste</b> | <b>Impak op toekomstige finansiële jare</b> |
|---|----------------------|--|---|
| ontvangs, evaluering en toe-kenning of weiering van aansoeke om geskenke, skenkings en borg-skappe wat gemaak moet word, inlig nie. |                      | gemaak moet word, geniet aandag.                                 |   |

**15. Vorige wysigings aan ouditverslae**

Die departement het 'n stelsel geïmplementeer om die bekommernisse en bevindings van die Ouditeur-Generaal aan te spreek. Daar word van die verantwoordelike bestuurders verwag om 'n aksieplan te ontwikkel, wat deur 'n komitee geëvalueer word. Sodra die proses van gehalteversekering voltooi is, word die implementering daarvan gemonitor. Vordering in hierdie verband word ook aan die Ouditkomitee gerapporteer.

| <b>Aard van kwalifikasie en sake van nienakoming</b>   | <b>Finansiële jaar van ontstaan</b> | <b>Vordering met die uitklaring/oplossing van die saak</b>   |
|--|-------------------------------------|--|
| Die departement het nie voldoende stelsels in plek om mobiele eenhede op te teken nie.   | 2011/12                             | 'n Volledige bateregister vir alle mobiele eenhede is saamgestel.  |
| Die departement het 'n verpligting om skole se munisipale rekeninge wat nie deur die skole vereffen is nie, te betaal. Die departement kan nie die presiese bedrag van die verpligting bepaal wat deur die jaar vereffen is of wat nog vereffen moet word nie, aangesien sommige rekeninge deur die skool self betaal word. Elke geval word individueel ondersoek en geen voorsiening vir enige aanspreeklikheid wat mag voortvloei is in die finansiële state gemaak nie. | 2011/12                             | Die meerderheid van die munisipaliteite verskaf 'n volledige lys van alle skole se munisipale rekeninge. Die departement is dus in staat om die presiese bedrag van die verpligting wat gedurende die jaar ten opsigte van dié munisipaliteite vereffen is, te bepaal. Die munisipaliteite waarvoor die volledige lys nog nie beskikbaar is nie, sal weer versoek word om hierdie inligting te voorsien. |
| Die verhaalbaarheid van ontvangbare rekeninge met betrekking tot personeel asook ander skuld ten bedrae van R71 miljoen soos op 31 Maart 2012, wat vir meer as drie jaar uitstaande is, is te betwyfel.  | 2011/12                             | Die WKOD het skuld geïdentifiseer wat as onverhaalbaar beskou word en dié gevalle is vir afskrywing voorgelê. Dit vind met die Staats-prokureur se toestemming plaas. Al 3 347 gevalle wat ouer as 3 jaar is, word deurgewerk om gevalle te identifiseer wat afgeskryf kan word of verdere aandag benodig. Tot hede is 1 834 gevalle deurgewerk en 1 438 gevalle ten bedrae van R16.9 miljoen is vir     |

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Aard van kwalifikasie en sake van nienakoming  | Finansiële jaar van ontstaan | Vordering met die uitklaring/oplossing van die saak  |
|--|------------------------------|--|
|  |                              | afskrywing geïdentifiseer en 111 gevalle is vir die herinstelling van aftrekkings geïdentifiseer aangesien die debiteure weer in diens is.   |
| Onreëlmatige uitgawes weens die nienakoming van voorsieningskanaalbestuursregulasies, dienste en toekennings aan persone in diens van die departement. | 2010/11                      | <p>Alle tenders bo R500 000 word nagegaan om te verseker dat geen werknemers betrokke is nie. Die departement het ook 'n beleid oor besoldigde werk buite die staatsdiens opgestel (RWOPS).</p> <p>Die departement het die elektroniese SourceLink-verkrygingstelsel geïmplementeer om nakoming te verseker.</p> <p>'n Nuwe beleid oor Onreëlmatige, Vrugtelose en Verkwiste en Ongeïmplementeerde Besteding is geïmplementeer, wat die pligte van Verliesbeheerbeamptes insluit. Werkswinkels oor die nuwe beleid het gedurende Februarie en Maart 2013 plaasgevind.</p> <p>Kampvegters vir voorsieningskanaalbestuur is in alle kantore van die WKOD aangestel om nakoming van VKB-regulasies te verbeter.</p> |

**16. Vrystellings en afwykings van Nasionale Tesourie ontvang**

Die volle openbaarmaking van uitgawes vir staatsmotorvervoer as finansiële bruikhuur, insluitende delgingstabelle, word vir die 2012/13 finansiële jaar gemaak nadat Nasionale Tesourie 'n afwyking van die openbaarmaking van delgingstabelle vir finansiële bruikhuuruitgawes ten opsigte van staatsmotorvervoer in 2011/12 goedgekeur het ingevolge artikel 79 van die PFMA, soos vereis kragtens die riglyne vir 'n departementele verslagdoeningsraamwerk.

**17. Tussentydse finansiële jaarstate**

Die departement het kwartaallike tussentydse finansiële state opgestel, soos deur Provinsiale Tesourie vereis. Hierdie tussentydse state is deur die Provinsiale Tesourie hersien en die WKOD het aanpassings gemaak waar dit as toepaslik beskou is.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**18. Nakoming van 30-dae betalings**

Die WKOD is daartoe verbind om die algemeen aanvaarde tydperke vir krediteurebetalings en wetlike vereistes vir die betaling van krediteure binne 30 dae van ontvangs van faktuur na te kom.

Stappe is gedoen om nakoming te verseker met die bekendstelling van 'n templaot vir 'n kontrolelys van betalings in gevalle waar daar geverifieer moet word dat betalings binne 30 dae van die ontvangs van die faktuur gemaak is.

Die WKOD het probleme met BAS ervaar, wat na Tesourie vir die nodige ingryping verwys is.

**19. Ander**

**19.1 Aangeleenthede oor infrastruktuur: Magqwaka-saak**

Die Magqwaka-saak val binne die bestek van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DTPW) as Implementeringsagent (IA). Daar was egter gesamentlike pogings deur die DTPW en die WKOD om die saak op te los. DTPW het die saak na die Kantoor van die Staatsprokureur vir advies verwys. Volgens die DTPW is geen reaksie tot hede van die Staatsprokureur ontvang nie.

**19.2 Aktiwiteite t.o.v. agentskappe/prinsipale**

Die departement was by die volgende aktiwiteite t.o.v. agentskappe/prinsipale betrokke:

- Met die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DTPW) vir infrastruktuur-verwante aktiwiteite, waar die DTPW die agent vir die WKOD was.
- Met die Departement van Basiese Onderwys (DBO) vir die inisiatief oor versnelde skoolinfrastruktuurontwikkeling (ASIDI) vir die bou van skole en klaskamers, waar die departement as agent vir die DBO optree.
- Met die Departement van Basiese Onderwys (DBO) vir die Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA) vir die administrasie van die JNA's namens die DBO, waar die departement as agent vir die DBO optree.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Rekenpligtige Beampte  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**


Geen fooie is ontvang of betaal vir die agentskap-/prinsipaaldienste wat gelewer is nie, bo en behalwe die befondsing wat vir die uitvoering van die ooreengekome take voorsien word.

**19.3 Oorbetaling: Ministeriële drywer**

'n Oorbetaling aan die ministeriële drywer is gedurende die jaar onder oorsig bespeur. Hierdie aangeleentheid dateer oor 'n aantal jare terug, maar is nie wesenlik vir die finansiële jaarstate nie en word steeds ondersoek. Sodra die presiese omvang bepaal is, sal die impak daarvan in die 2013/14 finansiële state weerspieël word.

**20. Goedkeuring**

Die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsy 179 tot 224 is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur



**PA VINJEVOLD  
REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT  
DATUM: 31 Mei 2013**

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Rekenpligtige Beampte se verklaring van verantwoordelikheid  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**Verklaring van verantwoordelikheid vir die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig  
31 Maart 2013**

Die rekeningkundige kantoor is verantwoordelik vir die voorbereiding van die departement se finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word.


Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike versekering oor die integriteit en betroubaarheid van die finansiële jaarstate te verskaf.

Na my mening is die finansiële jaarstate 'n billike weerspieëling van die bedrywighede van die departement vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2013.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik om 'n onafhanklike mening oor die departement se finansiële jaarstate uit te druk.

Die finansiële jaarstate van die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 is deur die eksterne ouditeure ondersoek en hulle verslag word op bladsy 172 aangebied.

Die finansiële jaarstate van die departement, soos uiteengesit op bladsy 179 tot bladsy 224, is goedgekeur.



**Naam: Me PA Vinjevold  
Rekenpligtige Beampte  
Datum: 2013:05:31**

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Ouditeur-Generaal  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE  
PARLEMENT OOR BEGROTINGSPOS NR. 5: WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT**

**VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE**

**Inleiding**

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) geoudit, soos op bladsy 179 tot 224 uiteengesit, bestaande uit die begrotingstaat, die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2013, die staat van finansiële prestasie, die staat van veranderinge in netto bates, die kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig en die aantekeninge bestaande uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende aantekeninge.

**Rekenpligtige beampte se verantwoordelikheid vir die finansiële state**

2. Die rekenpligtige beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van hierdie finansiële state ooreenkomstig die *departementele finansiële verslagdoeningsraamwerk* soos voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999) (PFMA) en die Wet op die Verdeling van Inkomste van Suid-Afrika, 2012 (Wet Nr. 5 van 2012) (DoRA) en vir sodanige interne kontrole as wat die rekenpligtige beampte nodig mag ag ten einde dit moontlik te maak om finansiële state voor te berei wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

**Ouditeur-Generaal se verantwoordelikheid**

3. Dit is my verantwoordelikheid om 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek, gegrond op my audit. Ek het my audit uitgevoer ingevolge die Publieke Ouditwet van Suid-Afrika, 2004 (Wet 25 van 2004) (PAA), die algemene kennisgewing uitgereik ten opsigte daarvan en Internasionale Standaard oor Ouditering. Hierdie standaard vereis dat ek aan etiese vereistes voldoen en die audit beplan en uitvoer met die oog daarop om redelike sekerheid te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Ouditeur-Generaal  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

4. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te bekom van die bedrae wat in die finansiële state geopenbaar is. Die gekose prosedures hang van die ouditeur se oordeel af, ingeslote die assessering van die risiko's vir wesenlike wanvoorstelling in die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Wanneer risiko's geassesseer word, oorweeg die ouditeur die interne beheer van toepassing op die entiteit se voorbereiding van die finansiële state met die oog daarop om ouditprosedures te ontwerp wat onder die omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne kontrole uit te spreek nie. 'n Oudit behels ook 'n evaluering van die gepastheid van die rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige beramings wat deur bestuur gemaak is, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.
5. Ek glo dat die ouditbewyse wat ek bekom het, voldoende en gepas is om 'n grondslag vir my ouditmening te voorsien.

### **Mening**

6. Na my mening is die finansiële state 'n billike aanbieding, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële posisie van die WKOD soos op 31 Maart 2013 en van sy finansiële prestasie en sy kontantvloei vir die jaar toe geëindig, ooreenkomstig die *departementele finansiële verslagdoeningsraamwerk* voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die bepalings van die PFMA en DoRA.

### **Beklemtoning van aangeleenthede**

7. Ek vestig die aandag op die volgende aangeleenthede: My mening ten opsigte van hierdie aangeleenthede het nie verander nie.

### **Heraangewing van vergelykende syfers**

8. Soos geopenbaar in aantekening 29 tot die finansiële state, is die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2012 met R124 447 000 heraangegee as gevolg van 'n fout wat in die vorige finansiële jaar ten opsigte van die volledigheid van mobiele klaskamers gerapporteer is.

### **Wesenlike waardedalings**

9. Soos geopenbaar in aantekening 10 en aantekening 28 tot die finansiële state, het die departement ontvangbare rekeninge ten bedrae van R156 488 000 op 31 Maart 2013 gehad, waarvan die verhaalbaarheid van R58 842 000 te betwyfel is en waarvoor voorsiening gemaak is.



**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Ouditeur-Generaal  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**Onreëlmatige uitgawes**

10. Soos geopenbaar in aantekening 24 tot die finansiële state, is onreëlmatige uitgawes van R32 592 000 gedurende die jaar aangegaan. Daarbenewens word stappe om ander soortgelyke gevalle van onreëlmatige uitgawes te identifiseer, tans onderneem.

**Bykomende aangeleenthede**

11. Ek vestig die aandag op die volgende aangeleenthede: My mening ten opsigte van hierdie aangeleenthede het nie verander nie:

**Ongeouditeerde aanvullende skedules**

12. Die aanvullende inligting uiteengesit op bladsy 225 tot 239 vorm nie deel van die finansiële state nie en word as bykomende inligting voorgelê. Ek het nie hierdie skedules geoudit nie en gevolglik spreek ek nie my mening hieroor uit nie.

**Finansiële verslagdoeningsraamwerk**

13. Die finansiële verslagdoeningsraamwerk wat deur Nasionale Tesourie voorgeskryf en deur die departement toegepas word, is 'n nakomingsraamwerk. Die bewoording van my mening oor 'n nakomingsraamwerk moet aandui dat die finansiële state in ooreenstemming met hierdie raamwerk voorberei is en dat dit "billik aangebied" is. Artikel 20(2)(a) van die PAA vereis egter van my om 'n mening uit te spreek oor die billike aanbieding van die finansiële state. Die bewoording van my mening reflekteer dus hierdie vereiste.

**VERSLAG OOR ANDER WETLIKE EN ANDER REGULERENDE VEREISTES**

14. Ingevolge die PAA en kragtens die algemene kennisgewing wat in verband daarmee uitgereik is, lewer ek verslag oor die volgende bevindings van toepassing op prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, nakoming van wette en regulasies en interne kontrole, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek nie.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Ouditeur-Generaal  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**Voorafbepaalde doelwitte**

15. Ek het hierdie prosedures uitgevoer om bewys te vind oor die nuttigheid en betroubaarheid in die jaarlikse prestasieverlag, soos uiteengesit op bladsy 10 tot 100 van die jaarverslag.
16. Die berigte prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is teen die oorhoofse kriteria van nuttigheid en betroubaarheid geëvalueer in die programme wat vir ouditering gekies is. Die nuttigheid van inligting in die jaarlikse prestasieverlag hou verband met die feit of dit ingevolge Nasionale Tesourie se beginsels oor jaarlikse verslagdoening aangebied is en of die berigte prestasie in ooreenstemming met die beplande doelwitte is. Die nuttigheid van inligting hang ook daarvan af of aanwysers en teikens meetbaar (m.a.w. duidelik omskryf, bewysbaar, spesifiek, meetbaar en tydgebonde) en toepaslik is, soos vereis deur Nasionale Tesourie se *raamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting*.
17. Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die geselekteerde programme word geassesseer om te bepaal of dit die feite (m.a.w. of dit geldig, akkuraat en volledig is) voldoende weergee.
18. Daar was geen wesenlike bevindings oor die jaarlikse prestasieverlag ten opsigte van die nuttigheid en betroubaarheid van inligting nie.

**Bykomende aangeleentheid**

19. Alhoewel geen wesenlike bevindings rakende die nuttigheid en betroubaarheid van die prestasie-inligting in die jaarlikse prestasieverlag geïdentifiseer is nie, wil ek die aandag op onderstaande aangeleentheid vestig.

**Bereiking van beplande mikpunte**

20. Van die totale aantal van 56 teikens wat vir die jaar beplan is, is 21 nie gedurende die oorsigjaar bereik nie. Dit verteenwoordig 37% van die totale beplande teikens wat nie gedurende die oorsigjaar bereik is nie.
21. Dit is hoofsaaklik weens die feit dat 'n aantal van die aanwysers bevolking-gebaseer is en afhang van veranderlikes wat vraaggedrewe is, wat dit moeilik maak om akkurate teikens te bepaal, buiten om vorige tydperke se data as 'n voorspellende teiken te gebruik. In ander gevalle is die metings direk aan die bevolkingsgroei gekoppel, bv. voorsiening van onderwysers en vervoer en leerders in geen-fooi skole.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Ouditeur-Generaal  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**Nakoming van wette en regulasies**

22. Ek het prosedures toegepas om bewys te vind dat die entiteit die toepaslike wette en regulasies ten opsigte van finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede nagekom het. My bevindings oor wesenlike nienakoming van spesifieke sake volgens tersaaklike wette en regulasies soos uiteengesit in die algemene kennisgewing uitgereik ingevolge die PAA, is soos volg:

**Verkryging en kontrakbestuur**

23. Goedere en dienste met 'n transaksiewaarde onder R500 000 is verkry sonder dat die nodige pryskwotasies ingewin is, soos vereis deur Tesourieregulasie 16A6.1.

**Uitgawebestuur**

24. Die rekenpligtige beampte het nie doeltreffende stappe gedoen om onreëlmatige uitgawes te verhoed nie, soos vereis deur artikel 38(1)(c)(ii) van die PFMA en Tesourieregulasie 9.1.1.

**Interne kontrole**

25. Ek het interne kontrole as van toepassing op my oudit van die finansiële state, die jaarlikse prestasieverlag en nakoming van wette en regulasies gevind. Die aangeleentheid hieronder rakende die beginsels van interne kontrole is beperk tot die beduidende defekte wat gelei het tot die bevindings oor nakoming van wette en regulasies wat by hierdie verslag ingesluit is.

**Leierskap**

26. Die aksieplan wat deur die departement ontwerp en geïmplementeer is, was nie ten volle doeltreffend nie, aangesien gevalle van nienakoming van die voorsieningskanaalbestuursproses steeds tydens die oudit aangeteken is. Dit spruit uit die feit dat die aksieplan halfpad deur die finansiële jaar geïmplementeer is, ná die afhandeling van die vorige jaar se oudit. Die nuutgestigte interne kontrole-eenheid ondersteun egter die departement met die identifisering van gevalle van nienakoming van die voorsieningskanaalbestuursprosesse en lewer dienooreenkomstig verslag aan die departement.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Ouditeur-Generaal  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**Finansiële en prestasiebestuur**

27. Die direktoraat voorsieningskanaalbestuur asook ander direktorate wat verkryging hanteer, het nie die nakoming van wetgewing en regulasies oor voorsieningskanaalbestuur vir die verkryging van goedere en dienste met waardes tussen R10 000 en R500 000 hersien en gemonitor nie. Dit spruit uit die feit dat die verkrygingsfunksie in die departement gedentraliseer is en dat geen enkele eenheid vir die algehele monitering van die nakoming van voorsieningskanaalbestuur verantwoordelik was nie. Dit is 'n herhaling van 'n bevinding van die vorige jaar en prosesse wat geïmplementeer is om die aanbevelings wat in die vorige jaar se bestuursverslag in hierdie verband gemaak is, toe te pas, is slegs tydens die tweede helfte van die finansiële jaar onder oorsig toegepas. Die interne kontrole-eenheid wat deur die departement ingestel is, is verantwoordelik om in die toekoms gevalle van nienakoming op te spoor en aan te meld.

**ANDER VERSLAE**

**Ondersoeke**

28. Nege en veertig (49) gevalle van bedrieglike aktiwiteite met betrekking tot finansiële ongerymdhede, beweerde korrupsie, nepotisme en beweerde verkrygingsbedrog is gedurende die jaar aangemeld.
29. Vyf en sestig (65) gevalle met betrekking tot finansiële ongerymdhede, beweerde korrupsie, nepotisme en beweerde verkrygingsbedrog in totaal was lopend, waarvan tien op daardie stadium in die proses was.
30. Sewentien (17) gevalle met betrekking tot finansiële ongerymdhede, beweerde korrupsie, nepotisme en beweerde verkrygingsbedrog is gedurende die huidige finansiële jaar afgesluit, waarvan 14 ten opsigte van bedrog en of finansiële ongerymdhede was.

**Prestasie-oudits**

31. 'n Prestasie-oudit is gedurende die jaar onder oorsig op die Basiese Onderwys- en Opleidingsprogram vir Volwassenes (BOOV) uitgevoer. Die oudit het op die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe aanwending van hulpbronne in die BOOV-program gefokus. Hierdie oudit was ten tye van hierdie verslag in die verslagdoeningsfase en die bevindings sal in 'n afsonderlike verslag gerapporteer word.

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Verslag van die Ouditeur-Generaal  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

32. 'n Prestasie-oudit is gedurende die oorsigjaar op die program vir Vroeëkindontwikkeling (VKO) uitgevoer. Die oudit het op die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe aanwending van hulpbronne in die VKO-program gefokus. Hierdie oudit was ten tye van hierdie verslag in die verslagdoeningsfase en die bevindings sal in 'n afsonderlike verslag gerapporteer word.
33. 'n Prestasie-oudit is uitgevoer op die gereedheid van die regering om verslag oor sy prestasie te lewer. Die fokus van die oudit was op hoe regeringsinstellings gelei en bygestaan word om oor hul prestasie verslag te lewer, asook die stelsels en prosesse wat hulle in plek gestel het. Die bestuursverslag is in September 2012 uitgereik.

*Auditor-general*

Kaapstad  
31 Julie 2013



**AUDITOR-GENERAL  
SOUTH AFRICA**

*Auditing to build public confidence*

**Wes-Kaap Provinsie  
Onderwysdepartement  
Begrotingspos 5**

**Begrotingstaat  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Begroting per program   |                         |                        |          |                   |                   |               |                                    |                   |                   |
|---|-------------------------|------------------------|----------|-------------------|-------------------|---------------|------------------------------------|-------------------|-------------------|
| Programme   | 2012/13                 |                        |          |                   |                   |               |                                    | 2011/12           |                   |
